

1998 026 769 01



UOVS - SASOL-BIBLIOTEK



19980267690122000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

**DIE HOUDINGS, KENNIS EN GEDRAG VAN 'N GROEP PLATTELANDSE
ADOLESENTE TEN OPSIGTE VAN SEKSUALITEIT**

deur

ALBERTUS JOHANNES MALGAS

**Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die
vereistes vir die graad**

**MAGISTER ARTIUM
(Kliniese Sielkunde)**

**In die Fakulteit Sosiale Wetenskappe
(Departement Sielkunde)
aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

BLOEMFONTEIN

**STUDIELEIER: PROF. P.M. HEYNS (D.PHIL.)
(Universiteit van die Oranje-Vrystaat)**

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
- 3 FEB 1999

UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 306.70835 MAL

BEDANKINGS

My opregte dank en waardering aan :

- ◆ Prof. Malan Heyns, Departementshoof van die Departement Sielkunde Universiteit van die Oranje-Vrystaat, as studieleier, vir sy waardevolle leiding, belangstelling en aanmoediging.
- ◆ Dr. K.G.F. Esterhuyse vir sy leiding en opoffering met betrekking tot die verwerking van die statistiese gegewens.
- ◆ Die Noord-Kaapse Onderwysdepartement vir die toestemming tot toegang tot skole vir die empiriese ondersoek van die studie.
- ◆ Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskap Ontwikkeling (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken.
- ◆ Me. Engela Myburgh vir die tikwerk.
- ◆ Dr. Mabel Erasmus vir die taalversorging.
- ◆ Al my vriende, veral Vivian, vir hul volgehoue aanmoediging en "druk".
- ◆ My Skepper wat my die vermoë gegee het om die studie te voltooi. Alle lof en -prys aan Hom.

Albertus Malgas

Bloemfontein

September 1998

Opgedra aan :

My ma, broer, suster, Sarah en Alvern

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
HOOFSTUK 1	
PROBLEEMSTELLING	1
1.1 Verhoogde voorkoms van tienerswangerskappe	1
1.2 Motivering en doel van die studie	8
1.3 Begripsomskrywing	9
1.3.1 Seksualiteit	9
1.3.2 Adolessent/Tiener	10
1.3.3 Houdings	11
1.3.4 Kennis	11
1.3.5 Gedrag	12
1.4 Verdere verloop van die studie	12
 HOOFSTUK 2	
DIE SEKSUELE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT	14
2.1 Definisie van die begrip : Adolessensie	14
2.2 Seksuele ontwikkeling	15
2.2.1 Stadiums van seksuele ontwikkeling	16
2.2.1.1 Vroeë-adolessensie	18
2.2.1.2 Middel-adolessensie	17
2.2.1.3 Laat-adolessensie	18
2.2.2 Ontwikkeling van sekondêre seksuele geslagskenmerke	19
2.2.3 Ontwikkeling van manlike geslagskenmerke	19
2.2.4 Ontwikkeling van seksuele geslagskenmerke by dogters	21
2.3 Die sielkundige beleving van die fisieke veranderinge	23
2.4 Die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent	25

2.4.1	Die sensories-motoriese fase	25
2.4.2	Die pre-operasionele fase	25
2.4.3	Konkreet-operasionele fase	25
2.4.4	Formeel-operasionele denke	26
2.5	Die morele ontwikkeling van die adolessent	26
2.5.1	Pre-konvensionele vlak / stadium 1 en 2	27
2.5.2	Konvensionele vlak / stadium 3 en 4	27
2.5.3	Post-konvensionele vlak / stadium 5 en 6	28
2.6	Die sosiale ontwikkeling van die adolessent	28
2.7	Die invloed van seksuele gedrag op die kognitiewe, morele en sosiale ontwikkeling van die adolessent	30
2.8	Ontwikkelingstake	31
2.9	Samevatting	34

HOOFSTUK 3

ADOLESENTE HOUDINGS, KENNIS EN GEDRAG TEN OPSIGTE

VAN SEKSUALITEIT **35**

3.1	Veranderde waardes	35
3.2	Veranderde seksuele houdings en gedrag	38
3.2.1	Godsdiens	39
3.2.2	Liberale waardes	39
3.2.3	Seksuele aantreklikheid	39
3.2.4	Geslag	39
3.2.5	Die gebruik van dwelms	39
3.2.6	Afwesigheid van 'n vader	40
3.2.7	Egskeiding en hersaamgestelde gesinne	40
3.3	Die seksuele kennis van adolessente	40
3.4	Die houdings, gedrag en kennis van die adolessent ten opsigte van kontrasepsie	41
3.4.1	Intra-psigiese perspektief	42
3.4.2	Die kontraseptiewe kennis perspektief	43

3.5	Ander faktore wat kontraseptiewe gedrag beïnvloed	47
3.5.1	Aanvaarding van seksualiteit	47
3.5.2	Status van die verhouding	47
3.5.3	Ouderdom	47
3.5.4	Opvoeding	48
3.5.5	Godsdiens	48
3.5.6	Geslagsverskille	48
3.5.7	Morele oorwegings	49
3.6	Samevatting	49
3.7	Die invloed van sosiale faktore op die houdings, gedrag en kennis van adolessente teenoor seksualiteit	49
3.7.1	Die rol van die gesin	50
3.7.2	Die rol van die portuurgroep	53
3.7.3	Die rol van die media	54
3.7.4	Die rol van die skool	55
3.7.4.1	Die skool se verantwoordelikheid	56
3.7.4.2	Die stand van geslagsopvoeding in swart skole in die eertydse Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie, Raad van Verteenwoordigers	57
3.7.4.3	Gevolgtrekking	57
3.8	Die invloed van ras, kultuur en sosio-ekonomiese klas op die seksuele gedrag van die adolessent	58
3.9	Samevatting	60
3.10	Vooruitskouing	61

HOOFSTUK 4

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK 62

4.1	Doel van die studie	62
4.1.1	Magtiging tot die studie	62
4.2	Ondersoekgroep	62

4.3	Meetinstrument	63
4.4	Loodsstudie	65
4.5	Prosedure	65
4.6	Leemtes in die ondersoek	66
4.7	Ontledingsprosedure van die data	67
4.7.1	Beskrywende statistiek	67
4.7.2	Kruistabelle en Chi-kwadrat	68
4.7.3	CHAID-ontleding	68
4.8	Samevatting	69

HOOFSTUK 5

NAVORSINGSRESULTATE 70

5.1	Beskrywende statistiek van die biografiese veranderlikes	70
5.2	Beskrywing van data ten opsigte van geselekteerde items op die vraelys	76
5.3	Belangrike verbande	85
5.4	Resultate van die CHAID-ontledings	98
5.5	CHAID-ontledings	98
5.6	Houding teenoor voorhuwelikse seksuele omgang	99
5.6.1	Eerstevlakssubgroepe	99
5.6.2	Tweedevlakssubgroepe	103
5.6.3	Derdevlakssubgroepe	103
5.6.4	Vierdevlakssubgroepe	106
5.6.5	Vyfdevlakssubgroepe	107
5.6.6	Opsomming	108
5.7	Gedrag ten opsigte van voorhuwelikse seksuele omgang	109
5.7.1	Eerstevlakssubgroepe	110
5.7.2	Tweedevlakssubgroepe	110
5.7.3	Derdevlakssubgroepe	114
5.7.4	Vierdevlakssubgroepe	115
5.7.5	Vyfdevlakssubgroepe	117

5.7.6	Sesdevlakssubgroepe	118
5.7.7	Sewendevlakssubgroepe	119
5.7.8	Agstevlakssubgroepe	119
5.7.9	Opsomming	120
5.8	Kennis rakende kontrasepsie	121
5.8.1	Eerstevlakssubgroepe	121
5.8.2	Tweedevlakssubgroepe	126
5.8.3	Derdevlakssubgroepe	127
5.8.4	Vierdevlakssubgroepe	130
5.8.5	Vyfdevlakssubgroepe	131
5.8.6	Opsomming	132
5.9	Samevatting	134

HOOFSTUK 6

BESPREKING VAN DIE BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN ENKELE AANBEVELINGS

135

6.1	Inleiding	135
6.2	Bespreking van bevindinge	135
6.2.1	Vooruitspruitend uit die literatuurstudie	135
6.2.2	Vooruitspruitend uit die navorsingsresultate van die ondersoek	136
6.3	Gevolgtrekkings	142
6.4	Aanbevelings	146
6.5	Samevatting	147

OPSOMMING 148

SUMMARY 152

BRONNELYS 156

LYS VAN BYLAES

BYLAE 1	166
BYLAE 2	167
BYLAE 3	191

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1	Liggaamlike seksuele ontwikkeling tydens adolessensie	23
Tabel 5.1	Frekwensieverspreiding van die geslag van die respondente	70
Tabel 5.2	Frekwensieverspreiding van die ouderdomme van die respondente	71
Tabel 5.3	Frekwensieverspreiding van die skoolgraad van die respondente	71
Tabel 5.4	Frekwensieverspreiding van die huistaal van die respondente	72
Tabel 5.5	Frekwensieverspreiding van die kerkverband van die respondente	72
Tabel 5.6	Frekwensieverspreiding van die kerkbywoning van die respondente	73
Tabel 5.7	Frekwensieverspreiding van die ouers se huwelikstatus	73
Tabel 5.8	Frekwensieverspreiding van die persone by wie die respondente bly	74
Tabel 5.9	Frekwensieverspreiding van die vader se opvoedkundige kwalifikasies	74
Tabel 5.10	Frekwensieverspreiding van die moeder se opvoedkundige kwalifikasies	75
Tabel 5.11	Frekwensieverspreiding van die gesamentlike gesinsinkomste per maand	75
Tabel 5.12	Die persepsies van invloedryke persone, instansies of instellings se houding oor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsomgang	76

Tabel 5.13	Invloed van instansies/instellings op die meningsvorming ten opsigte van die respondent se houding oor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsgemeenskap	77
Tabel 5.14	Frekwensieverspreiding van die response op die vraag of die respondent al geslagsomgang gehad het	79
Tabel 5.15	Ouderdom by die eerste geslagsomgang	79
Tabel 5.16	Houdings en ervaringe omtrent die gebruik van kontrasepsie	80
Tabel 5.17	Respondente se houding/mening oor aanleidende algemene oorsake van ongewenste swangerskappe	81
Tabel 5.18	Lys van die waargenome oorsake van ongewenste swangerskappe	82
Tabel 5.19	Frekwensieverspreiding ten opsigte van die respondente se seksuele kennis en houdings	82
Tabel 5.20	Kruistabulering van geslag met die begrip seks as verwysend na 'n fisiese ervaring	88
Tabel 5.21	Kruistabulering van die invloed van die ouers op die respondent se meningsvorming oor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsomgang met die ouers se huwelikstatus	89
Tabel 5.22	Kruistabulering van die respons op die vraag of die respondent al geslagsomgang gehad het en sy of haar mening of seks voor die huwelik verkeerd is	90
Tabel 5.23	Kruistabulering van die respondente se geslag en hulle seksuele houdings teenoor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsgemeenskap	91
Tabel 5.24	Kruistabulering tussen die respondente se ouers se huwelikstatus en hul response op die vraag of hulle al geslagsgemeenskap gehad het	92
Tabel 5.25	Kruistabulering van die kerkbywoning van respondente en hulle response op die vraag of hulle al geslagsomgang gehad het	93

Tabel 5.26	Die mate van invloed deur die portuurgroep en die respondente se menings oor hoeveel van hul vriende reeds geslagsomgang gehad het	94
Tabel 5.27	Kruistabulering van respondente se ouderdom met hul mening oor die hoeveelheid kennis van kontrasepsie waaroor hulle beskik	95
Tabel 5.28	Kruistabulering van die respondent se kennis van kontrasepsie en sy/haar vlak van opvoeding	96
Tabel 5.29	Kruistabulering van geslag en die respondent se houding teenoor die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik	97

LYS VAN FIGURE

Fig. 5.1	Staafdiagram van die respons op die vraag: Is seks voor die huwelik verkeerd?	78
Fig. 5.2	Staafdiagram van bronne waar inligting omtrent seksuele aspekte bekom word	83
Fig. 5.3	Staafdiagram van die aanbiedingsvorm van geslagsvoorligting	84
Fig. 5.4	Staafdiagram van die frekwensieverspreiding oor die voorkeure van die respondente in verband met die aanbieding van geslagsvoorligting	85
Fig. 5.5	Staafdiagram van die response op die vraag of die begrip seksualiteit aanduidend van die bevrediging van die geslagsdrif is	86
Fig. 5.6	Staafdiagram van die response op die vraag of die begrip seksualiteit na geslagtelikheid verwys	87
Fig. 5.7	CHAID-ontleding van die houding van die respondente ten opsigte van voorhuwelikse seksuele omgang	100
Fig. 5.8	Skematiese voorstelling van die houding van die seuns ten opsigte van voorhuwelikse seksuele omgang	101
Fig. 5.9	Skematiese voorstelling van die houding van die dogters ten opsigte van voorhuwelikse seksuele omgang	102

Fig. 5.10	CHAID-ontleding van die seksuele gedrag van die respondente	111
Fig. 5.11	Skematiese voorstelling van die seksuele gedrag van die seuns	112
Fig. 5.12	Skematiese voorstelling van die seksuele gedrag van die dogters	113
Fig. 5.13	CHAID-ontleding van die seksuele kennis van die respondente	122
Fig. 5.14	Skematiese voorstelling van die seksuele kennis van die respondente wat van mening is dat hulle oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik	123
Fig. 5.15	Skematiese voorstelling van die seksuele kennis van die respondente wat van mening is dat hulle nie oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik nie	124
Fig. 5.16	Skematiese voorstelling van die seksuele kennis van die respondente wat onseker is of hulle wel oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik	125

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING

1.1 VERHOOGDE VOORKOMS VAN TIENERSWANGERSKAPPE

Die hoë voorkoms van tienerswangerskappe onder veral die swart bevolking, ingeslote die sogenaamde kleurlinge van Suid-Afrika, is 'n definitiewe rede tot kommer. Die insidensie van tieners wat seksueel aktief raak op jonger ouderdomme, is onaanvaarbaar hoog (Mogatlane, 1993). Wat hierdie verskynsel onaanvaarbaar maak, is die ernstige negatiewe emosionele, sosiale, skolastiese en ekonomiese gevolge wat dit vir tieners inhou.

Verskeie studies toon dat daar 'n drastiese verandering ten opsigte van seksuele houdings en gedrag oor die afgelope dekades onder adolessente in verskillende wêrelddele ingetree het (Gerdes, 1988). Die mening word gehuldig dat die seksuele houdings en gedrag vandag gekenmerk word deur 'n groter openhartigheid en permissiwiteit ten opsigte van voorhuwelikse geslagsomgang, homoseksualiteit en buite-egtelike seksuele verhoudings. Volgens 'n berig in die *City Press* (28/02/93) kan die drastiese toename in seksuele bedrywighede onder adolessente veral toegeskryf word aan sosiale veranderinge en 'n gepaardgaande verslapping in gemeenskapsnorme en -standaarde.

Die toename in voorhuwelikse seksuele aktiwiteite het 'n toename in tienerswangerskappe, enkelouerskap, kindermishandeling en die verspreiding van seksueel oordraagbare siektes tot gevolg (Boult & Cunningham, 1992; Preston-Whyte & Zondi, 1991; Van Coerverden de Groot & Greathead, 1991).

Plaaslike navorsing lewer bewys van die kommerwekkende afmetings wat tienerswangerskappe aanneem (Barerra, 1981; Buthelezi, 1991; Chilman 1980; City Press, 28/02/93; Oosthuizen, 1990).

Navorsing deur Keogh (1988) in Suid-Afrika, dui daarop dat dié land een van die hoogste tienerswangerskapsyfers in die wêreld het. In een hospitaal, oor 'n periode van een jaar, het die navorser gevind dat 11,15 % van die totale bevallings dié van jong moeders onder die ouderdom van 17 jaar was. Nie een van hierdie dogters was getroud nie en 77 % van hulle was skoliere.

Walters (1989) se navorsing ondersteun Keogh (1988) se mening. Walters (1989) het bevind dat 14 % van alle geboortes in Suid-Afrika by jong vroue onder die ouderdom van 20 jaar voorkom.

'n Berig in die *Cape Times* (25/04/91) bevestig Keogh (1988) se mening dat Suid-Afrika een van die hoogste tienergeboortesyfers ter wêreld het. Hiervolgens skenk 330 uit elke 1000 adolessente geboorte aan 'n onbeplande kind. Die omvang van hierdie syfer word in perspektief gestel deur 'n advertensie van Educational Television (EDUTEL), 'n Suid-Afrikaanse opvoedkundige televisieprogram. Volgens hierdie advertensie skenk gemiddeld 600 adolessente daaglik aan 'n onbeplande kind geboorte.

Studies wat vanaf 1973–1981 deur De Villiers (1985) gedoen is oor tienerswangerskappe in die Kaapprovinsie, waar 'n hoë konsentrasie sogenaamde kleurling kinders voorkom, toon aan dat 30,51 % van die totale bevallings in die provinsie hoofsaaklik dié van adolessente tussen die ouderdom 19 jaar en jonger was.

By Tygerberg Hospitaal is die volgende bevindings aangeteken: Van die totale bevallings oor die periode 1976-1980, het 29,4 % en 33,3 % van die bevallings onder swart en kleurlingdogters onderskeidelik voorgekom. Volgens 'n verslag van die Skiereilandse Kraam- en Voorgeboortesorg van Kaapstad, vermeld Van Coeverden de Groot en Greathead (1991) dat, alhoewel die persentasie van

bevallings onder adolessente van alle bevolkingsgroepe vanaf 1975 tot 1983 gedaal het, die getalle van swanger adolessente, hoofsaaklik kleurling en swart jeugdiges, tans aan die toeneem is.

Nash (1990) skryf die seksuele houdings van die swart adolessente aan sosio-kulturele opvattinge toe, byvoorbeeld dat dit in sommige kringe vereis word dat vrugbaarheid deur 'n vroeë swangerskap bevestig moet word. Hierdie swart kulture huldig dikwels ook die siening dat vroeë seksuele aktiwiteit bevorderlik is vir die adolessent se groei na seksuele rypwording (Nash, 1990).

Benewens studies wat in die Kaapprovinsie gedoen is, is soortgelyke studies ook in die eertydse Noord- en Suid-Transvaal, Bophuthatswana en in die Oos-Kaap onderneem. Dlamini en McKenzie (1991) het gevind dat adolessente moeders gedurende 1989, 25 % van die totale hospitaalbevallings in die Tintswalo Hospitaal in die eertydse Noord-Transvaal, uitgemaak het.

Vir die eertydse Suid-Transvaalstreek word die volgende syfers aangegee:

- ◆ Jaarliks skenk 'n totaal van 1560 swart adolessente onder die ouderdom 17 jaar geboorte in die Baragwanath Hospitaal in Soweto. Die bevallings beloop 5,5 % van die maandelikse geboortesifer van die hospitaal.
- ◆ Indien die 18- en 19-jarige moeders wat sowat 52 % van die totale bevallings uitmaak, ingesluit word, beloop die aantal bevallings onder adolessente in Soweto alleen sowat 3000 per jaar.

Volgens 'n verslag van 'n kliniek uit die Molopo-streek in die eertydse Bophuthatswana, wat tussen Januarie 1985 en Desember 1987 'n populasie van 9975 bedien het, was 24,7 % van die swangerskappe wat by die voorgeboortekliniek behandel is, adolessente. Van die 24,7 % adolessente wat hier behandel was, was 17,5 % adolessente tussen die ouderdom 13 tot 16 jaar en 7,2 % was tussen die ouderdom 17 tot 20 jaar.

'n Berig in die *Weekend Post* (01/01/88) vermeld ook die toename van bevallings onder adolessente op jeudige ouderdomme in die Port-Elizabeth omgewing. 'n Toename in die getalle adolessente in die streek wat gesinsbeplanningsklinieke op relatief jonger ouderdomme besoek, word gerapporteer.

Hierdie verskynsel, naamlik dat adolessente klinieke op relatief jonger ouderdomme besoek, word toegeskryf aan 'n vervroegde puberteit wat adolessente meer kwesbaar vir 'n moontlike swangerskap maak. Die kwesbaarheid word bevestig deur 'n studie onder adolessente wat 'n spesiale tienerkliniek in die Kaap bygewoon het. In die studie is bevind dat hoe vroeër menstruasie 'n aanvang neem, hoe hoër is die waarskynlikheid van geslagsomgang en 'n moontlike swangerskap. Nash (1990) se studie het verder getoon dat 56 % van die ondersoekgroep reeds voor die ouderdom 15 jaar geslagsomgang gehad het.

Studies deur Preston-Whyte en Zondi (1991) lewer ook bewys van vroeë seksuele ervarings wat onder veral swart adolessente voorkom, gewoonlik vroeër as in die geval van hul wit eweknieë. Bevindings uit hul navorsing dui daarop dat, teen die tyd dat die swart adolessent ongeveer 13 jaar oud is, die meeste van hulle alreeds seksuele ervarings soos geslagsomgang gehad het.

Die verhoogde neiging tot seksuele aktiwiteite onder swart adolessente, gee uiteraard aanleiding tot 'n verhoging in die voorkoms van tienerswangerskappe (Buthelezi & Nene, 1991; Nyembi, Edwards & Nene, 1991). Statistieke van 1985 het getoon dat daar 'n hoër voorkoms in swangerskappe onder swart adolessente (kleurlinge ingesluit), as wit adolessente is (Mfono, 1985).

Die voorkoms van tienerswangerskappe, volgens Mfono (1985), was as volg:

- ◆ Blankes : 7,2 % van alle geboortes.
- ◆ Kleurlinge : 16 % van alle geboortes.
- ◆ Swartes : 13,8 % van alle geboortes.

'n Omvattende studie deur die Mediese Navorsingsraad wat meer as 7000 hoërskoolleerlinge van alle onderwysdepartemente ingesluit het, het aan die lig gebring dat bykans 17 % van alle leerlinge, met 'n gemiddelde ouderdom van 15 jaar, seksueel aktief is en dat 40 % geen voorsorg teen swangerskap of teen seksueel oordraagbare siektes tref nie (*Die Burger*, 09/07/93). Hierdie ongewenste seksuele gedrag en houdings wat adolessente openbaar, kan rampspoedige gevolge vir hulle ontwikkeling inhou (Renshaw, 1991).

Onbeplande swangerskappe benadeel dikwels die fisiese en psigiese welsyn van adolessente. Die gesondheid van beide die jong moeder en haar baba word meestal bedreig. Die risiko vir allerlei komplikasies vir die jong swanger adolessent is vier tot vyf maal hoër as vir vroue in hul twintigerjare. Hierdie hoë risiko is dikwels die gevolg van swak prenatale sorg en 'n lae vlak van biologiese rypheid (Nash, 1990).

Algemene komplikasies is gewoonlik premature babas en 'n hoë babasterftesyfer. Premature babas loop ook die gevaar om neurologiese en ander funksioneringsprobleme op te doen, wat emosionele en sosiale ontwrigting by die jong ouers kan meebring (Nash, 1990).

Talle adolessente se skoolloopbaan word erg benadeel en skoolverlating is dikwels onvermydelik. Volgens die Sentrale Statistiekdiens (1991) verlaat sowat 60,2 % van die kleurling, 33,6 % van die swart, 32,3 % van die asiatiese en 17,1 % van die blanke meisies wat swanger raak die skool as gevolg van die swangerskap.

Swangerskappe hou dikwels ook nadelige gevolge vir die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling en toekomsmoontlikhede in (Buthelezi & Nene, 1991). Onbeplande swangerskappe dra byna onvermydelik by tot die verbreking van die adolessent se normale persoonlikheidsontwikkeling en haar skolastiese opvoeding. 'n Onderbreking in haar opvoeding is meermale dus 'n uitgemaakte saak en in sommige gevalle is dit selfs permanent (Buthelezi & Nene, 1991). In gevalle waar die onderbreking van 'n tydelike aard is, kan die effek daarvan so

intens wees dat sy by terugtrede net nie meer kan aanpas by die skoollewe nie. Indien sy verder ook nog die baba behou, is haar aandag tussen skoolwerk en babasorg verdeel. Dit bring gevoelens van skoolvervreemding mee - en die geaffekteerde adolessent staar gebrekkige opvoedingsgeleenthede en beperkte werks- en toekomsmoontlikhede in die gesig. Die waarskynlikheid dat die adolessente dogter soms weer tydens hierdie ontwikkelingsfase swanger mag raak, is dikwels nie uitgesluit nie (Black & De Blassie, 1985).

Swangerskappe het in die verlede meer onder die jeug in stede voorgekom as onder die plattelandse jeug in Suid-Afrika (Kunene, 1995). Vandag is swangerskappe nie net in stede 'n ontwrigtende en komplekse sosiale probleem nie, maar dit het ook in plattelandse gemeenskappe 'n bron van kommer geword.

Die meeste studies oor swangerskappe het meestal gefokus op die swangerskappe in stedelike gebiede (Boult & Cunningham, 1992; Craig & Richter-Strydom, 1983; Kunene, 1995; Mogatlane, 1993; Nash, 1990). Baie min inligting bestaan tans oor die houdings, kennis en gedrag van die plattelandse adolessent in Suid-Afrika.

As oud-onderwyser uit 'n plattelandse streek is die huidige navorser bewus van die kommerwekkende afmetings wat swangerskappe onder die jeug aanneem. Swangerskappe in byvoorbeeld die Kimberley, Douglas en Barkly-Wes omgewing (wat ook as ondersoekstreek vir die studie dien) het die afgelope jare aansienlik begin toeneem. Na 'n onlangse navorsingsbesoek deur die huidige navorser aan hospitale in die streek, is die volgende statistieke van opgetekende bevallings van adolessente bekom: 'n Totaal van 3484 hospitaalbevallings van jong moeders tussen die ouderdom 11 jaar en 19 jaar was aangeteken vir die tydperk Januarie 1993 tot Maart 1996. Van dié bevallings was 2 % bevallings van dogters tussen die ouderdom 11 jaar en 14 jaar, en 98 % was van dogters tussen die ouderdom 15 jaar en 19 jaar.

Ten spyte van die omvang van die seksuele aktiwiteit onder tieners in die plattelandse gemeenskappe, bly tienerseksualiteit daar 'n taboe-onderwerp

(Kunene, 1995). Sy navorsing oor seksuele aktiwiteite lewer bewys van grootskaalse onkunde en mites oor seksualiteit en swangerskappe onder veral die plattelandse jeug. Dit onderstreep die behoefte aan voorligting vir tieners oor die feite rondom seksualiteit en reproduksie. Wie hierdie taak moet onderneem, bly egter tans nog 'n ope vraag (Kunene, 1995).

Tienerseksualiteit, ook op die platteland, het 'n onverantwoordelike spel geword. Niemand wil regtig skuld of verantwoordelikheid aanvaar vir die onrusbarende voorkoms van swangerskappe nie. Beskuldigings word heen-en-weer tussen belanghebbende persone soos onder andere die kerk, gemeenskap, ouers en die skool geslinger (Buthelezi & Nene, 1991). Die kerk beskuldig die gemeenskap vir die verslapping in gemeenskapsnorme. Die gemeenskap beskuldig die ouers van swak toesighouding oor die seksuele lewe en ontwikkeling van hul kinders. Ouers, op hul beurt, lê dikwels die skuld voor die deur van die onderwysers en skool wie se taak dit geag word om te sien na die sinvolle seksuele ontwikkeling van die kind. Die skool beskuldig die ouers en die invloed van die media. Die media blameer dikwels die portuurgroep.

As oud-onderwyser uit die ondersoekstreek, is die huidige navorser bewus van die groot leemtes in die adolessent se kennis rakende menslike seksualiteit, aangesien toepaslike leiding en onderrig nie altyd deel van die skoolkurrikulum vorm nie. Volgens die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (1987) raak adolessente dikwels verward oor seksuele waardes as gevolg van hul gebrekkige kennis rakende seksualiteit. Die kompleksiteit van die tyd waarin ons leef, maak dit vir die adolessent moeilik om altyd die korrekte keuses ten opsigte van sy/haar seksuele ontwikkeling te maak (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987). Volgens die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (1987) word adolessente letterlik omring deur allerlei verwarrende idees en waardes. Die ouers bied een stel waardes, die kerk dikwels 'n ander, die portuurgroep 'n derde stel, Hollywood en die populêre tydskrifte 'n vierde en die skool 'n vyfde. Toegegooi onder al hierdie invloede, is die adolessent op

hom-/haarself aangewese om 'n keuse te maak aangaande wie se waardes hy/sy moet aanvaar.

Adolessente het dikwels nie die nodige ondersteuningsbronne waar hulle hulp kan bekom vir die hantering van hulle seksuele rypwording nie (Buthelezi & Nene, 1991). Materne en kindergeestesgesondheidsentrums wat in plattelandse gebiede bestaan, is hoofsaaklik op sekere teikengroepe (byvoorbeeld verwagte en post partum-moeders, skoolgaande kinders onder die ouderdom van byvoorbeeld agt jaar) gerig. Adolessente word beswaarlik binne sulke gesondheidsisteme in plattelandse gemeenskappe geakkommodeer (Mogatlane, 1993).

Klinieke in plattelandse gemeenskappe word ook nie hoog deur die jeug aangeskryf nie (Kunene, 1995). Sulke klinieke bied geen vrye toegang vir die adolessent nie. Die bekendheid van die kliniekpersoneel en die bekendheid van die adolessente en hul ouers, plaas 'n demper op hul gewilligheid om sulke sentrums te besoek, bloot uit vrees vir etikettering en dat sulke besoeke later in die gemeenskap rugbaar sal word. Dit skep by die adolessent groot onsekerheid en frustrasie, aangesien talle reeds seksueel aktief is en daarom 'n behoefte aan inligting en hulp het. 'n Swangerskap is dikwels 'n besliste gevolg as daar nie van kontraseptiewe hulpmiddels gebruik gemaak word nie (Kunene, 1995).

1.2 MOTIVERING EN DOEL VAN DIE STUDIE

Inligting rakende seks is vir die meeste adolessente onvolledig, onakkuraat, ontoeganklik óf verbode (Barerra, 1981). Seksuele gedrag en houdings raak juis problematies as adolessente nóg die ervaring nóg die kennis het, om aan die moontlike gevolge van hul seksuele besluite en gedrag te dink (Buthelezi & Nene, 1991).

Chilman (1980) is van mening dat adolessente dikwels nie duidelikheid oor hul seksuele waardes, houdings en oortuigings het nie. Hulle is ook onseker oor die gedrag wat op 'n toepaslike wyse aan hulle waardes en oortuigings uitdrukking

gee. Om hierdie rede is besluite wat geneem word nie altyd op duidelike waardes gegrond nie, en het dit dikwels rampspoedige gevolge. Dit is daarom van belang dat adolessente geleer sal moet word om verantwoordelike keuses ten opsigte van hul seksuele gedrag en houdings te maak (Buthelezi & Nene, 1991).

Aangesien navorsing oor tienerseksualiteit hoofsaaklik in stedelike gebiede gedoen is, bestaan daar tans 'n behoefte aan betroubare inligting oor die seksuele houdings, gedrag en kennis van daardie kategorie plattelandse adolessente wat in die verlede sosio-polities verwaarloos was. Sodanige inligting is noodsaaklik vir die konstruering van doeltreffende seksvoorligtingsprogramme. Die noodsaaklikheid van sodanige programme word ook bevestig deur die siening dat die hoë voorkoms van tienerswangerskappe op die platteland 'n prioriteitsprobleem is (Barerra, 1981).

In die lig hiervan word die volgende doelstellings vir die navorsing gestel:

- ◆ Om ondersoek in te stel na die seksuele kennis, houdings en gedrag van die plattelandse adolessent.
- ◆ Om die faktore te identifiseer wat 'n rol speel in die beïnvloeding, vorming en beleving van die adolessent se seksuele kennis, houdings en gedrag.

1.3 BEGRIPSOMSKRYWING

Die kernbegrippe word vervolgens aangedui:

1.3.1 Seksualiteit

Seksualiteit verwys na die seksuele aktiwiteite wat tydens adolessensie 'n aanvang neem. Volgens die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* (1985, p 950) word seksualiteit omskryf as "geslagtelikheid", "geslagslewe" of "uitbeelding van die geslagslewe".

Met verwysing na die begrip "geslagtelikheid", beskou Smit (1985) dit as 'n belangrike kenmerk van menswees. Volgens die navorser is geslagtelikheid 'n saak van menswees. Die individu se hele wese word daardeur gestempel, daarom is seksualiteit nie bloot 'n kwessie van hormone, organe en kliere nie. Dit het met die ganse mens na liggaam en siel te doen.

Gagnon (1977) beskou seksualiteit as 'n integrasie van die fisiese, psigiese, sosiale en intellektuele aspekte van die persoonlikheid van 'n individu wat uiting aan manlikheid of vroulikheid gee. Volgens hom word die seksualiteit van 'n kind by bevrugting reeds bepaal. Sielkundig en sosiaal weerspieël seksualiteit die mens se kulturele en etiese waardes asook die sosiale norme van die gemeenskap waarbinne hy/sy lewe.

Louw (1985) omskryf die taak van die adolessent om sy/haar seksuele behoeftes op 'n sosiaal-aanvaarbare wyse uit te leef, sodat dit positief bydra tot sy/haar identiteitsontwikkeling, as 'n belangrike ontwikkelingstaak.

1.3.2 Adolessent/Tiener

Die terme adolessent of tiener word as sinonieme in die studie gebruik.

Die begrip "adolessensie" sal in Hoofstuk 2 in breë trekke bespreek word.

Benewens die feit dat adolessensie na 'n sekere tydperk in die mens se lewe verwys, is daar ook sekere belangrike lewenstake wat gedurende die fase bemeester moet word.

In hierdie studie sal daar in die besonder gekonsentreer word op die adolessent in die ontwikkelingsfase 12 tot 19 jaar.

1.3.3 Houdings

Hoewel daar 'n verskeidenheid definisies van die begrip "houding" bestaan, moet dit in hierdie geval gesien word binne die konteks van hierdie spesifieke studie, anders kan die begripsverklaring verwarrend wees as gevolg die wye veld wat die studie van houdings dek.

Die woord "houding" word meestal geassosieer met die Engelse woord "attitude". Volgens Vrey (1983) is 'n houding die aangeleerde toestand van gereedheid wat 'n neiging toon tot gerigte handeling teenoor alle prikkels of konfrontasies. Dit stem ooreen met die verklaring van Triadis (1971, p 2) "An attitude is an idea charged with emotion which predisposes a class of actions to a particular class of social situations."

Volgens Kemp (1973) is die mens gedurig besig om keuses te maak, standpunte in te neem en besluite te neem wat direk in verband staan met die begrip houding. 'n Persoon se gevoel teenoor 'n onderwerp en/of voorwerp kom dus duidelik in sy/haar houding na vore.

Triadis (1971) omskryf 'n houding as 'n "gemotiveerde geestesbewustheid" wat op 'n vlak van belangstelling, begeerte, waarde en oortuiging funksioneer. Dit het nie alleenlik betrekking op die individu se gedrag teenoor sekere belangrike aspekte van sy/haar sosiale lewe nie, maar ook op aspekte van sy/haar persoonlikheid.

Aangesien dit baie moeilik is om 'n algemene aanvaarbare definisie van die begrip houding te vind, sal dit vir die doeleindes van hierdie studie as 'n gedragsneiging teenoor 'n bepaalde onderwerp gedefinieer word (Kemp, 1973).

1.3.4 Kennis

Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* (1985, p 542) omskryf "kennis" as "wat jy weet"; "begrip van"; "bekendheid met" of "formele inligting

omtrent". Die Oxford Woordeboek (1987, p 1162) omskryf dit as "bekendheid met feite" of "toestand van begrip".

1.3.5 Gedrag

Die begrip "gedrag" verwys hoofsaaklik na waarneembare gedrag byvoorbeeld handeling, gewoontes, gebare, response en ander reaksies wat waarneembaar en meetbaar is (Louw , 1985).

Gouws, Louw, Meyer en Plug (1982), omskryf gedrag as enigiets wat 'n organisme doen. Gedrag dui op 'n spesifieke respons of handeling of response of handeling in die algemeen. Sommige sielkundiges (byvoorbeeld die radikale behavioriste) bedoel met gedrag slegs uiterlik waarneembare gedrag, waarby soms ook gedrag ingesluit word wat met aparate meet- of registreerbaar is, terwyl subjektiewe gedragsvorme soos denke en bewustelike belewenisse uitgesluit word.

Soms val die klem in die omskrywing van gedrag op willekeurige gedrag (waarby motivering of besluite 'n rol speel), terwyl onwillekeurige response (byvoorbeeld outomatiese fisiologiese aktiwiteite van die liggaam) uitgesluit word.

1.4 VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE

Hoofstuk 2 handel oor die seksuele ontwikkeling van die adolessent.

In Hoofstuk 3 word aandag gegee aan bepaalde faktore wat die adolessent se houdings, kennis en gedrag teenoor seksualiteit beïnvloed.

Hoofstuk 4 beskryf die ontwerp van die empiriese ondersoek. Die samestelling van die steekproef en die metode van ondersoek sal daarin bespreek word. Verder sal die leemtes van die ondersoek asook die verwerking van die data bespreek word.

Hoofstuk 5 handel oor die beskrywende en inferensiële statistiek en die bespreking hiervan.

Hoofstuk 6 sluit af met die gevolgtrekkings en aanbevelings. Die bevindinge sal gerapporteer word, gevolgtrekkings sal gemaak word en in aansluiting daarby sal enkele aanbevelings met betrekking tot die navorsing gedoen word.

HOOFSTUK 2

DIE SEKSUELE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT

2.1 DEFINISIE VAN DIE BEGRIP : ADOLESSENSIE

Aangesien die fokus van die studie op die adolessent val, is dit nodig om die begrip adolessensie in breë trekke te omskryf.

Louw (1985) beskou adolessensie as die ontwikkelingstadium tussen die kinderjare en volwassenheid. Die term "adolessensie" is afgelei van die Latynse werkwoord "adolescere". Die begrip bestaan uit twee woorde, naamlik "ad" wat "na" of "heen" beteken en "olescere" wat "om te groei" beteken (Boshoff, 1982:18). Thom (1985:339) vat die verduidelikings saam en beskryf dit as "om te groei tot volwassenheid".

Daar bestaan nie eenstemmigheid oor wanneer adolessensie begin of eindig nie. Navorsers (Mckinney & Fitzgerald, 1982; Rice, 1981) is dit wel eens dat adolessensie wesenlik 'n oorgangstadium tussen kindwêes en volwassenheid is. Gouws et al. (1982) beskou adolessensie as 'n ontwikkelingstydperk wat strek vanaf puberteit tot die bereiking van volwassenheid, asook die ontwikkelingstadium waartydens die sekondêre geslagskenmerke ontwikkel.

Louw (1985) dui die leeftydspan aan vanaf nagenoeg 12/13 jaar tot 21/22 jaar. Dit is dus duidelik dat, hoewel adolessensie 'n spesifieke tydperk in die mens se lewe omspan, 'n vaste tydsgrens nie bepaal kan word nie. Dit is die geval omdat puberteit nie aan 'n spesifieke ouderdom gekoppel kan word nie, en ook omdat

dié periode geneig is om op 'n vroeër stadium by dogters as by seuns voor te kom.

Adolessensie is verder ook 'n periode van grootskaalse veranderinge. Aansienlike liggaamlike en sielkundige veranderinge vind gedurende die oorgangsfase plaas. Hoewel puberteit die aanvang van adolessensie inlei, kan puberteit nie as sinoniem met adolessensie gesien word nie. Puberteit word verbind aan die geslagtelike rypwording, voortspruitend uit biochemiese en fisiologiese veranderinge in die menslike liggaam (Boshoff, 1982).

Gedurende adolessensie is daar na Mckinney en Fitzgerald (1982) se mening 'n verskeidenheid van sielkundige kragte aan die werk wat die kind op sy/haar pad na volwassenheid voorberei. Die kernprobleem van die adolessent is dat hy/sy nóg kind nóg volwassene is.

Boshoff (1982, p 18) som die begrip "adolessensie" soos volg op: "Adolessensie verwys na daardie tydperk vandat die mens tot seksuele rypheid kom totdat sy/haar fisieke groei volledig voltooi is; waarin hy/sy van kinderlike afhanklikheid tot volwasse selfstandigheid ontwikkel het en hy/sy psigies-geestelik kinderlike gedragpatrone ontgroeï het op weg na verantwoordelike maatskaplike kultuurvolwassenheid."

Gedurende adolessensie vind daar dinamiese ontwikkeling op die fisiese, kognitiewe, morele en sosiale terreine van die individu plaas. Hierdie ontwikkelingssterreine asook ontwikkelingsstake moet tydens dié fase bemeester word. Hierdie aspek sal later in die hoofstuk bespreek word.

2.2 SEKSUELE ONTWIKKELING

Die ontwikkeling van seksualiteit gedurende adolessensie word veral gekenmerk deur seksuele rypwording, die strewe na heteroseksuele kontak en 'n toename in

die fisieke drang tot seksuele uitlewing (Louw, 1985). Die adolessent se seksuele rywording beïnvloed sy/haar emosionele lewe. Sy/haar gevoelens van opgewondenheid en bangheid, plesier en pyn, liefde en haat kry nuwe inhoud en betekenis.

Tydens vroeë adolessensie groei die kind fisiek tot seksuele volwassenheid (Monteith, Postma & Scott, 1988). Die adolessent se houding teenoor seksualiteit in die algemeen en die teenoorgestelde geslag in die besonder ondergaan veranderinge. Veral heteroseksuele verhoudings word nou vir die adolessent baie belangrik - aanvanklik in portuurgroepverband en later meer ten opsigte van individuele verhoudings. Waar die totstandkoming en ontwikkeling van verhoudings tydens seksuele rywording 'n besondere komponent van die adolessent se lewe uitmaak, mag dit nie los gesien word van die vorming van sedelike waardes nie (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987).

Die adolessent se seksuele ontwikkeling is ten nouste geïntegreer met sy/haar totale persoonsontwikkeling. Dit vorm 'n integrale geheel met onder andere die fisieke, sosiale en intellektuele dimensies van menswees. Die verloop van die adolessent se seksuele ontwikkeling weerspieël in 'n hoë mate die kulturele, sosiale en etiese waardes van sy leefwêreld. Die betekenis wat hy mettertyd aan manlikheid of vroulikheid gee, word grootliks beïnvloed deur die geslagsrolmodelle wat hy/sy in sy/haar ouerhuis en gemeenskap aantref (Gerdes, 1988).

Die individuele seksuele ontwikkeling is 'n ingewikkelde aangeleentheid. Dit behels biologiese en sielkundig-maatskaplike komponente wat op hom/haar inwerk as 'n stel komplekse faktore (Louw, 1985).

2.2.1 Stadiums van seksuele ontwikkeling

Alle fisieke veranderinge gedurende adolessensie vind plaas as primêre en

sekondêre geslagskenmerke. Hierdie veranderinge is die gevolg van hormonale prosesse wat in aanvang neem en wat die groeiproses van die adolessent stimuleer en reguleer (Boshoff, 1982).

2.2.1.1 Vroeë-adolessensie

Vroeë-adolessensie is 'n stadium van seksuele ontwikkeling wat normaalweg vanaf die ouderdomme 10 tot 14 jaar plaasvind. Dit staan bekend as die puberteitstadium, waartydens menstruasie en ejakulasie in aanvang neem.

Die adolessent openbaar nou 'n intenser belangstelling in sy/haar liggaam, fisieke veranderinge en liggaamsfunksies asook 'n bewuswording van die geslagsdrang. 'n Besondere nuuskierigheid en behoefte aan meer inligting asook wisselvallige buie met onvoorspelbare houdings en gedrag, is aan die orde van die dag (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987).

In hierdie stadium van ontwikkeling toon die kind dikwels 'n gevoel van onaantasbaarheid. Besondere selfgesentreerdheid is kenmerkend van hierdie stadium (Manaster, 1989).

Die volwassene kan positiewe en gesonde seksuele ontwikkeling stimuleer deur korrekte inligting te verskaf en die kind se skaamheid en behoefte aan privaatheid te respekteer. Verder moet die opvoeder empatie toon vir die vroeë-adolessent se nuuskierigheid rondom seksuele aangeleenthede. Wanneer die opvoeder die kind se seksuele ontwikkeling as integrale deel van sy/haar normale lewensloop aanvaar, lewer sodanige opvoeder 'n betekenisvolle bydrae tot sy/haar persoonsontwikkeling (Rice, 1981).

2.2.1.2 Middel-adolessensie

Die voltooiing van puberteit en die bereiking van fisieke volwassenheid vind

gedurende die middel-adolessente stadium plaas en strek vanaf die ouderdom 13 tot 18 jaar.

Volwasse fisiese seksdrange en vrugbaarheid is kenmerkend van hierdie stadium. Die invloed van die portuurgroep is 'n belangrike faktor waarmee rekening gehou moet word. Die aanvaarbaarheid van gedrag deur die portuurgroep is 'n belangrike faktor vir die adolessent se vestiging van houdings en gedragspatrone.

Die adolessent is deeglik bewus van teenstrydighede in die gedragspatrone van ander adolessente. Onafhanklikheid of afhanklikheidskonflikte, kansvatterry en eksperimentering is normaal, universeel en nodig tydens middel adolessensie.

Seksualiteitsleiding kan geskied deur kort en bondige antwoorde op vrae. Inligting behoort nie verpersoonlik te word nie, terwyl sosiale en persoonlike verantwoordelikheid beklemtoon moet word. Wanneer seksuele aktiwiteite 'n voldonge feit is, sal dit raadsaam wees om volledige en akkurate inligting te verskaf oor die gevare van seksuele eksperimentering (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987).

2.2.1.3 Laat-adolessensie

Gedurende die laat-adolessente stadium van seksuele ontwikkeling word 'n meer volwasse selfidentifikasie, groter onafhanklikheid en die keuse van 'n loopbaan gevestig. Die meeste adolessente vestig nou ook hul geslagsidentiteit en staan in 'n meer volwasse verhouding tot hul gesin (Rice, 1981).

'n Eie waardestelsel, wat 'n integrering is van die waardestelsel van die ouers, die portuurgroep en eie lewenservaring - en wat hopelik aan die verwagtinge van die gemeenskap voldoen - word vasgelê (Rice, 1981).

Die beste bydrae wat die opvoeder in hierdie ontwikkelingstadium kan lewer, is om nie onnodig in te meng nie, maar om eerder gereed te wees met raad wanneer dit nodig is (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987).

2.2.2 Ontwikkeling van sekondêre seksuele geslagskenmerke

Liggaamlike ontwikkeling by die adolessent word deur Boshoff (1982) as die sentrale gebeure tydens adolessensie beskou omdat daar soveel uiterlike waarneembare veranderinge is wat verwerk moet word.

Wanneer seksuele rypwording gedurende die puberteitstadium bereik word, behels dit nie net die ontwikkeling van die voortplantingsorgane nie, maar ook die ontwikkeling van sekondêre seksuele geslagskenmerke wat die verskyning van liggaamshare, stemveranderinge asook die ontwikkeling en rypwording van die manlike en vroulike liggaamskontoere insluit (Rice, 1981).

Ouderdom kan nie as norm gebruik word vir seksuele rypwording nie. Die ouderdom vir seksuele rypwording strek normaalweg oor die tydperk van 9 tot 18 jaar, daarom word enige veranderinge tussen hierdie ouderdomsgrense as normaal beskou (Rice, 1981).

2.2.3 Ontwikkeling van manlike geslagskenmerke

Die ontwikkeling van die sekondêre geslagskenmerke vind meer geleidelik by seuns plaas as by meisies. Die skaamhare verskyn eerste, die okselhare ongeveer twee jaar daarna terwyl die baard en die inkerwing van die haarlyn later volg (Monteith et al., 1988).

Spierontwikkeling bring 'n verbreding van die skouers en bors asook ander veranderinge in die liggaamskontoere mee. 'n Seun bereik gewoonlik 98 % van sy liggaamslengte gedurende adolessensie (Boshoff, 1982).

Veranderinge in die seun se stem geskied ooreenkomstig die vinnige groei van die strottehoof en die verlenging van die stembande. Die stembande verdubbel gewoonlik in lengte terwyl daar ook 'n verlaging in die toonhoogte van die stem plaasvind.

Vir sommige adolessente seuns is die veranderinge van die stemtoon 'n ongemaklike ervaring (Monteith et al., 1988). Grofheid van die stem en onverwagte toonveranderinge mag voortduur tot op die ouderdom 16 tot 18 jaar.

'n Probleem waarmee sommige seuns gedurende die tydperk van seksuele rypwording te make kry, is die sogenaamde "geslote kamer sindroom" wanneer hulle agter geslote deure verklee. Die aanname is dat sulke seuns hulself as onderontwikkeld beleef in vergelyking met ander seuns wat vinniger ontwikkel het. Volgens Papalia en Olds (1989) is die adolessent gedurende die hele proses intens bewus van sy liggaamlike veranderinge.

Seuns met duidelik merkbare liggaamsreuke word soms ook deur hul maats vermy. Selfs dinge soos stukkende kouse, helderkleurige onderkleure of enige iets anders wat negatiewe kommentaar mag ontlok, kan 'n bron van verleentheid word. Juis as gevolg hiervan kan die adolessent hom van die groep onttrek. Sulke adolessente is verdedigend ingestel en gereed vir 'n argument of selfs 'n bakleiery by die geringste mate van provokasie (Manaster, 1989).

Een van die onmiddellike gevolge van rypwording by die adolessent is die bewuswording van sy seksualiteit (Rice, 1981). Sy aandag word nou op nuwe seksuele sensasies en die teenoorgestelde geslag gevestig. Graffiti van adolessente is meestal seksueel verwant. Dié van seuns is gewoonlik gerig op seksuele aktiwiteite, terwyl die dogters meer geneig is om behoeftes in terme van die behoefte aan nabyheid en liefde uit te druk.

'n Groot gedeelte van die adolessent se tyd word bestee aan dagdromery oor

seksuele aangeleenthede, die lees van seks-georiënteerde literatuur of om te gesels oor sake rakende die teenoorgestelde geslag. Die adolessent se seksuele belangstelling motiveer hom om meer aandag te skenk aan die versorging van sy klere, sy liggaamsbou, sy liggaamsversorging en verskeie pogings om dogters se aandag te trek (Monteith et al., 1988).

Tiperend van die adolessent se seksuele ontwikkeling is die variasie in die intensiteit van sy seksuele dryfkragte. Wat egter meer relevant is, is die feit dat hy moet leer om sy drange so te beheer dat dit sosiaal aanvaarbaar is. Namate volwassenheid nader, pas die adolessent by sy seksuele veranderinge aan en verkry hy geleidelik groter beheer oor sy gevoelens en drange. Seksuele houdings bly egter vir die meeste seuns 'n probleem totdat hulle 'n bevredigende verhouding met die teenoorgestelde geslag aangeknoop het (Hurlock, 1975).

2.2.4 Ontwikkeling van die seksuele geslagskenmerke by dogters

Die eerste sigbare tekens van puberteit by dogters is die ontwikkeling van skaamhare wat - net soos by seuns - in die vroeë stadium van adolessensie voorkom (Mckinney & Fitzgerald, 1982). Die gesighare verskyn aanvanklik baie effens op die bo-lip, waarna dit na die boonste gedeeltes van die wange en daarna na die kante van die gesig en laer gedeeltes van die ken versprei. Hierdie hare is baie ligter gepigmenteerd en ook van 'n fyner tekstuur as dié van seuns. Dit mag egter ook wees dat brunette 'n donkerder en swaarder haarverskyning sal hê as blondines (Rice, 1981).

Die okselhare maak hul verskyning ongeveer twee jaar na die skaamhare. Normaalweg vertoon dogters nie merkbare hare op hul liggame soos byvoorbeeld die bors, skouers en rug nie. Enkele afwykings in die geval van klierversteurings mag egter voorkom (Rice, 1981).

Een van die opvallendste liggaamlike veranderinge by dogters is die ontwikkeling van hul borste (Mckinney & Fitzgerald, 1982). Dit geskied in drie fases:

- ◆ Die botselstadium ("bud stage") waartydens die ontwikkeling en vergroting van die borste plaasvind.
- ◆ Die primêre fase waartydens die ontwikkeling en vermeerdering van vetlagies rondom die borste plaasvind.
- ◆ Die laaste fase is die sekondêre of volwasse stadium. Tydens hierdie fase vind fisieke ontwikkeling en vergroting van die borste plaas. Afhangende van wanneer ontwikkeling 'n aanvang geneem het, duur dit ongeveer 3 jaar voordat die volwasse stadium bereik is (Rice, 1981).

Die grootte en vorm van die borste verskil van dogter tot dogter binne dieselfde ouderdomsgroep. Adolesente dogters is egter baie besorg oor die grootte en vorm van hul borste. Groter borste word dikwels deur dogters geïnterpreteer as 'n kenmerk van skoonheid en aantreklikheid (Mckinney & Fitzgerald, 1982).

'n Ander bron van besorgdheid by dogters is die veranderinge in die liggaamskontoere (Manaster, 1989). Die merkbaarste veranderinge benewens die ontwikkeling van die borste, is die vergroting en verronding van die heupe. Hierdie veranderinge geskied oor 'n tydperk van 18 maande en saam met die eerste fase van borsontwikkeling. Die verandering by seuns se heupe is net die teenoorgestelde. Hulle is geneig om meer vet te verloor.

Dit is egter ook so dat adolessente dogters as gevolg van die oorweldigende invloed van die algemene oorbeklemtoning van skoonheid deur die media, baie meer besorg is oor die fisieke veranderinge van hul liggame as seuns (Wessels, 1991). Die rede hiervoor is dat die gemeenskap die fisieke voorkoms van 'n dogter meer benadruk as dié van die seun (Monteith et al., 1988).

Thom (1985) se opsomming van die liggaamlike seksuele ontwikkeling van die adolessent word in Tabel 2.1 weergegee.

Tabel 2.1: Liggaamlike seksuele ontwikkeling tydens adolessensie

	VROULIK	MANLIK
1	Vergroting van die borste	Vergroting van die testes, skrotum en seminale blasies.
2	Verskyning van reguit gepigmenteerde pubishare.	Verskyning van reguit gepigmenteerde pubishare.
3	Vinnige liggaamlike groei (in liggaamskontoere, bv. heupe).	Groei van die penis.
4	Verskyning van gekrulde pubishare.	Stembreek / stemtoon verander.
5	Vergroting en ontwikkeling van die vagina, klitoris en uterus.	Groei van baard.
6	Aanvang van menstruasie.	Groei van gekrulde pubis en okselhare.
7	Gelokaliseerde vetneerslae.	Eerste ejakulasie.
8	Toenemende aktiwiteit van die geslagsklier.	Spermatogonese (saadsvorming)
9	Toenemende rypheid vir voortplanting.	Seminale emissie (saadstorting).
10	Stabiele ovulasie.	

As gevolg van die snelle verandering gedurende hierdie tydperk het dit sekere sielkundige effekte tot gevolg.

2.3 DIE SIELKUNDIGE BELEWING VAN DIE FISIEKE VERANDERINGE

Die adolessent se emosionele reaksies op die liggaamlike veranderinge is net so belangrik as die veranderinge self. Vir die adolessent is sy voorkoms en fisieke vaardighede in hierdie stadium van groot belang.

Die feit dat die veranderinge so vinnig plaasvind, het 'n invloed op die beeld wat die adolessent van hom-/haarself het. Die intensiteit van die adolessent se emosionele reaksie op sy/haar fisieke verandering word in 'n hoë mate beïnvloed deur die sosiale druk van die portuurgroep, gesin en die gemeenskap.

Negatiewe opmerkings, kritiek en spot oor sy/haar voorkoms kan die adolessent negatief beïnvloed en sy/haar liggaamsbeeld en selfbeeld skade aandoen.

Die adolessente bekommer hulle dikwels oor die feit dat hulle nie normaal in vergelyking met hulle maats ontwikkel nie. 'n Aspek waaroor hulle veral bekommerd is, is oor die vraag of hulle liggaamsorgane en fisiese voorkoms vir hulself en vir ander aanvaarbaar is (Rice, 1981).

Die portuurgroep speel veral gedurende hierdie ontwikkelingsfase 'n belangrike rol. Volgens Mussen, Conger en Kagan (1980) word die portuurgroep 'n belangrike bron van sekuriteit en status, terwyl aantreklike voorkoms en fisieke vaardigheid hoog deur die adolessente kultuur aangeslaan word. Die mate waartoe die adolessent aan die norme van die groep voldoen ten opsigte van sy/haar liggaamsvoorkoms en vaardighede, is van groot belang in die vorming van 'n positiewe liggaamshouding en selfbeeld.

Adolessente se belewenis van seksuele rypwording kan positief, maar ook negatief wees. Dit is belangrik dat die adolessent sy/haar seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse moet kan uitleef.

Seksuele rypwording by dogters kan soms kommer en verleentheid veroorsaak. Volgens Mckinney en Fitzgerald (1982), is daar verskillende gevoelens by dogters waarneembaar met die aanvang van menstruasie. Die gebeurtenis kan positief verwerk word as ouers hul dogters met volledige inligting toerus.

2.4 DIE KOGNITIEWE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT

Gedurende adolessensie vind daar ontwikkeling ten opsigte van die individu se intellektuele vermoëns, geheue en taal plaas.

Kognitiewe ontwikkeling het te make met die bereiking van die adolessent se formeel-operasionele denkstadium, wat hom/haar in staat stel om abstrak te dink en deduktief te redeneer. Sy/haar kognitiewe ontwikkeling lei hom/haar tot groter outonome denke; hy/sy wil dus nie voorgesê word of beheer word nie. Kognitiewe ontwikkeling verloop in verskillende stadiums. Volgens Piaget se strukturele benadering word die volgende stadiums geïdentifiseer (Gerdes, 1988).

2.4.1 Die sensories-motoriese fase

Die sensories-motoriese ontwikkeling strek oor die eerste twee lewensjare. Die essensiële kenmerke van die stadium is as volg: Die kind reageer op sensories-motoriese prikkels (byvoorbeeld die vermoë om te sien, te hoor en te vat).

2.4.2 Die pre-operasionele fase

Die pre-operasionele denke strek vanaf ongeveer 2 tot 7 jaar en word gekenmerk deur die ontwikkeling van konseptuele en simboliese denke (byvoorbeeld die ontwikkeling van taal en spraak).

2.4.3 Konkreet-operasionele fase

Die konkreet-operasionele fase volg nou. Dit strek vanaf ongeveer 7 tot 11 jaar en word gekenmerk deur die ontwikkeling van logiese en rasonale denke.

2.4.4 Formeel-operasionele denke

Die laaste stadium is die stadium van formeel-operasionele denke en strek ongeveer vanaf 11 tot 15 jaar. Hierdie stadium word gekenmerk deur die ontwikkeling van logiese en rasonale denke ten opsigte van abstrakte en hipotetiese denke. Die belang van dié stadium met betrekking tot die adolessent op hoërskool, is dat hy/sy nou in staat is om abstrak te dink. Hulle is dus in staat om die oorsaak en gevolg met mekaar in verband te kan bring en kan dus verantwoording van hul dade doen.

2.5 DIE MORELE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT

Die adolessent se kognitiewe ontwikkeling het 'n invloed op sy/haar seksuele en morele gedrag. Kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie word as 'n noodsaaklike voorvereiste vir morele ontwikkeling beskou.

As gevolg van kognitiewe ontwikkeling begin die adolessent nou meer in sy/haar gemeenskap belangstel. Hy/sy dink nie meer aan sy/haar eie denke nie, maar ook aan die denke van ander (Gerdes, 1988). Namate adolessente ouer word, skenk hulle meer aandag aan hulle seksuele gedrag. Dit word aan beide sosiale en biologiese redes toegeskryf (Manaster, 1989).

As gevolg van die groeiende belangstelling in seksuele aangeleenthede, stel die adolessent al hoe meer belang in inligting rondom seksuele sake. Namate die adolessent seksueel ryper raak, neem hy/sy 'n ander houding teenoor lede van die teenoorgestelde geslag in.

Hy/sy is byvoorbeeld geneig om meer romanties te raak en toon toenemend 'n behoefte om die aandag van ander te trek (Manaster, 1989). Belangstelling in lede van die teenoorgestelde geslag word beïnvloed deur die belangstellingspatroon van die portuurgroep. Wanneer die groep belangstelling toon in aktiwiteite wat die teenoorgestelde geslag insluit, sal die adolessent dieselfde doen om sy/haar status as deel van die groep te behou.

Gedurende die menslike ontwikkelingsiklus verloop die morele ontwikkeling in verskillende stadiums. Kohlberg identifiseer ses stadiums wat weer in drie subvlakke van ontwikkeling ingedeel word (Louw, 1985)

Volgens Kohlberg se faseteorie (wat die sedelike ontwikkeling probeer verklaar) verloop die morele ontwikkeling deur die volgende drie hoofstadia, naamlik 'n pre-konvensionele, konvensionele en post-konvensionele fase.

2.5.1 Pre-konvensionele vlak / stadium 1 en 2

Hierdie vlak van morele denke het betrekking op die kind voor die ouderdom 10 jaar. Gedurende hierdie tydperk reageer die kind volgens kulturele voorskrifte van gedrag en hy/sy is voortdurend afhanklik van goedkeuring. Die fisieke gevolge van 'n daad bepaal hoe goed of sleg die daad is (stadium 1), solank die optrede sy/haar eie behoeftes en soms die behoeftes van andere bevredig (stadium 2).

2.5.2 Konvensionele vlak / stadium 3 en 4

Tydens dié vlak word gekonformeer aan ander se verwagtings, hoofsaaklik omdat die kind meen dat reëls gevolg moet word. Kohlberg beskryf dit as die "goeie seun/meisie"-oriëntasie en die "wet-en-orde"-oriëntasie (Louw, 1985).

Ooreenkomstig stadium 3 word goeie gedrag gemeet aan die standaard van ander betekenisvolle persone se goedkeuring.

Stadium 4 is gebaseer op die gedagte dat iemand met goeie gedrag sy plig doen, gesag respekteer en die bestaande sosiale wet en orde handhaaf.

2.5.3 Post-konvensionele vlak / stadium 5 en 6

Die adolessent se selfidentiteit word gevestig en hy/sy kan hom-/haarself van die reëls van ander onderskei. Stadium 5 behels 'n sosiale-ooreenkomsoriëntasie waartydens die individu bewus raak daarvan dat waardes relatief is en volgens die spesifieke situasie geïnterpreteer kan word.

Stadium 6 behels die universeel-etiese-beginseloriëntasie dat gedrag nie net volgens die bestaande norme geëvalueer word nie, maar ook volgens die bestaande wette. Universele beginsels sluit geregtigheid, gelykwaardigheid van alle mense en respek vir die waardigheid van die mens as individu in (Monteith et al., 1988).

2.6 DIE SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT

Benewens liggaamlike, kognitiewe en morele ontwikkeling, moet die adolessent ook sosiale rypheid bereik. Sosiale faktore soos die kompleksiteit van die samelewing waarbinne die adolessent groot word, die etiese en sosio-ekonomiese kenmerke van sy/haar subkultuur, die gesinstruktuur en die invloed van die ouers, bepaal in 'n hoë mate die adolessent se vlak van sosiale ontwikkeling (Louw, 1991).

Tydens adolessensie vind sosialisering in toenemende mate in die gesin, met die portuurgroep en binne die samelewing plaas. Die adolessent, aangevuur deur sy/haar onafhanklikheidsdrang en behoefte om weg te breek van sy/haar beskermde ouerhuis, streef daarna om meer volwasse verhoudings met ander buite die gesin aan te knoop.

Mettertyd word die adolessent meer onafhanklik van sy/haar ouers en ander volwassenes (Coleman, 1980).

'n Staat van vervreeming tussen die ouer en kind tree egter nie noodwendig in nie (Monteith et al., 1988), want die ouer se opvoedingsbemoeyenis met die adolessent bly steeds van krag.

Wanneer die adolessent tot klaarheid kom aangaande sy verhouding met die teenoorgestelde geslag, word hy gedurig met keuses konfronteer wat konflikte kan meebring (Boshoff, 1982). Konflik ondermyn nie noodwendig die bande van liefde tussen ouer en adolessent nie, en is belangrik vir persoonlikheids groei (Louw, 1991). Die adolessent moet leer om oor norme te redeneer. Op hierdie wyse ontwikkel die adolessent insig in hom-/haarself en die wêreld rondom hom/haar. Deur konflik bou die adolessent 'n eie normstelsel op wat as deel van sy/haar sosiale ontwikkelingsproses gesien moet word (Louw, 1991).

Die adolessent ervaar toenemend groter vryheid van beweging, gedrag en denke wat met groter verantwoordelikheid gepaard gaan. Hierdie toestand word beskryf as "n korrelasie van afname in uitoefening van uiterlike dissipline en selfbepalingsvermoë" (Boshoff, 1982, p 71). Adolessente neem al meer selfstandige besluite en hulle moet leer om self hul optrede teenoor hul medemens te beoordeel.

Volgens Hurlock (1975) kan heteroseksuele verhoudings baie waardevol en gesond wees, omdat die adolessent kameraadskap, samewerking, begrip vir ander, sosiale vaardighede en kommunikasietegnieke aanleer. Toereikende kommunikasie tussen ouers, die portuurgroep en ander volwassenes, vergemaklik die adolessent se volwassewording, omdat hy/sy met meer vertroue sy/haar weg kan baan deur die onbekende wêreld wat hy/sy betree (Papalia & Olds, 1989).

Binne die groep ervaar die adolessent geborgenheid en veiligheid. Hier kan hulle hul eie gedrag en houding evalueer teenoor die van hulle portuurgroep, sonder om verwerping of bespotting te vrees (Louw, 1991).

Hierdie voordeel van eksperimentering met gedrag sonder die vrese van

teregwysing van volwassenes, het 'n groot invloed op sy/haar sosiale ontwikkeling. Nie net sosiale strategieë word deur eksperimentering bemeester nie, maar heteroseksuele verhoudings binne die groep word ook moontlik gemaak. Hierdeur berei die adolessent hom/haarself vir sy/haar toekomstige huwelik en gesinslewe (Coleman, 1980) voor, en leer hy/sy sodoende sosiale en seksueel verantwoordelike gedrag aan (Gerdes, 1980; Louw, 1991; Peterse, 1990).

2.7 DIE INVLOED VAN SEKSUELE GEDRAG OP DIE KOGNITIEWE, MORELE EN SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT

Vanuit 'n ontwikkelingsperspektief gesien, is dit bloot natuurlik dat die adolessent, namate hy/sy ouer word, meer aandag aan sy/haar seksuele gedrag sal skenk. Dit word aan beide sosiale en biologiese redes toegeskryf (Manaster, 1989).

Volgens Hurlock (1975) is daar baie min adolessente wat voel dat die seksinligting wat hulle van hul ouers ontvang (indien hulle dit wel ontvang) aan hul behoeftes voldoen. Om die belangrike ontwikkelingstaak (kognitief) te vervul en om 'n volwasse houding (sosiaal) ten opsigte van seksuele gedrag (moreel) aan te leer, is dit belangrik dat die adolessent teen die einde van sy adolessente tydperk oor voldoende inligting sal beskik.

Ontwikkeling van belangstelling in lede van die teenoorgestelde geslag (heteroseksuele ontwikkeling) vind plaas en volg gewoonlik 'n voorspelbare patroon, hoewel daar afwykings in die ouderdomme bestaan ten opsigte van sekere fases van ontwikkeling.

As gevolg van die adolessent se seksuele ontwikkeling vind sy/haar sedelike ontwikkeling ook plaas (Louw, 1985). Tydens sy/haar sedelike ontwikkeling, begin die adolessent onderdanig raak aan reëls van 'n eksterne gesagsbron soos byvoorbeeld sy/haar ouers. Soos met die kognitiewe ontwikkeling, is die morele ontwikkeling van die adolessent ook baie egosentries. Teen die ouderdom 11 jaar begin hy/sy met die kodifisering van sedelike reëls. Hy/sy formuleer dus nie

meer eie reëls nie, maar poog om algemene sedelike reëls te formuleer. In samehang met die adolessent se kognitiewe ontwikkelingsprosesse begin hy/sy soos 'n volwassene dink en 'n eie sedelike sisteem ontwikkel wat as riglyn vir sy/haar seksuele gedrag kan dien (Louw, 1985).

2.8 ONTWIKKELINGSTAKE

Die liggaamlike, kognitiewe, morele en sosiale ontwikkeling vorm deel van ontwikkelingstake wat tydens adolessensie deur die adolessent bemeester moet word.

Ten einde tot volwassenheid te groei, moet die adolessent sekere ontwikkelingstake suksesvol uitvoer.

Die suksesvolle bemeestering van hierdie take is gerig op die optimale funksionering van die individu in sy/haar volwasse lewe. Uit die aard van hierdie ontwikkelingstake is dit duidelik dat adolessensie gepaard gaan met ingrypende veranderinge wat aanvaar moet word, asook noodsaaklike ontwikkeling ten opsigte van sekere vaardighede, kennis, funksies en houdings.

Havighurst beskryf ontwikkelingstake as volg (Louw, 1985, p 396):

"Developmental tasks are defined as tasks that arise at or near a certain time in the life of an individual; the successful achieving of which leads to his happiness and to his success in later tasks".

Uit hierdie definisie blyk dit dat ontwikkelingstake beskou kan word as vaardighede, vermoëns of houdings wat gedurende 'n spesifieke tydstep in die individu se lewe bemeester moet word.

In die moderne samelewing moet die adolessent dus 'n hele aantal take bemeester (Louw, 1985). Hierdie take kan verdeel word in die adolessent se liggaamlike, seksuele, morele, sosiale en kognitiewe ontwikkeling.

Ontwikkelingstake ten opsigte van liggaamlike ontwikkeling behels die volgende:

- ◆ Aanvaarding van sy/haar veranderde liggaamsvoorkoms.
- ◆ Ontwikkeling van 'n manlike/vroulike geslagsrol en identiteit.
- ◆ Aanvaarding van die self as 'n persoon met intrinsieke waarde.

Ontwikkelingstake ten opsigte van seksuele ontwikkeling behels:

- ◆ Aanknoop van heteroseksuele verhoudings.
- ◆ Ontwikkeling van 'n sterk emosionele band met 'n ander persoon.
- ◆ Ontwikkeling van onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes.

Ontwikkelingsfase ten opsigte van sosiale ontwikkeling behels:

- ◆ Aanvaarding van en aanpassing by sekere groepe.
- ◆ Ontwikkeling van 'n lewensfilosofie.
- ◆ Voorbereiding vir die huwelik en gesinsverantwoordelikheid.

Ontwikkelingsfase ten opsigte van kognitiewe ontwikkeling behels:

- ◆ Ontwikkeling van intellektuele vaardighede.
- ◆ Keuse van 'n beroep.
- ◆ Versekering van ekonomiese onafhanklikheid.

Ontwikkelingsfase ten opsigte van morele ontwikkeling behels die volgende:

- ◆ Die ontwikkeling van sosiaal-verantwoordelike gedrag.
- ◆ Ontwikkeling van morele begrippe en waardes wat as riglyne vir gedrag kan dien.
- ◆ Ontwikkeling van 'n waardestelsel wat verband hou met 'n realistiese en meer wetenskaplike wêreldbeskouing.

Moore en Rosenthal (1993) vat hierdie ontwikkelingstake in vier belangrike take saam, naamlik:

- ◆ Die ontwikkeling van 'n identiteit.
- ◆ Die ontwikkeling van 'n verbintenis met 'n ander.
- ◆ Bereiking van mag en beheer oor sy/haar lewe.
- ◆ Die ontwikkeling van 'n sin van optimisme oor die toekoms.

Volgens Moore en Rosenthal (1993) behels die ontwikkeling van 'n identiteit dat die individu hom/haarself as toenemend onafhanklik sien, met 'n doel in die lewe en 'n waardering van sy/haar selfwaarde. Dit behels ook die vermoë om hom/haarself as 'n (seksuele) wese te sien en om besluite ten opsigte van seksualiteit te kan neem. Die vermoë om te leer om op seksuele wyse met ander mense te identifiseer, dra by tot die sin van sy/haar identiteit.

Bereiking van mag en beheer oor sy/haar lewe behels dat die adolessent vry moet voel om nuwe ervarings aan te pak en sukses in selfgeïnisieerde take moet beleef.

Ontwikkeling van 'n sin van optimisme oor die toekoms spruit voort uit suksesse wat bereik is met vorige ontwikkelingstake. Hierdie hoopvolheid, vertroue in die toekoms en spontane vreugde van jonkwees, is wat adolessente nodig het om hulle deur moeilike tye op pad na rypwording te laat beweeg.

Indien die take suksesvol bemeester kan word, behoort die fase van adolessensie sonder ernstige probleme te verloop, terwyl mislukking kan bydra tot konflik of krisis wat adolessente in die seksuele domein van hul lewens kan ervaar (Moore & Rosenthal, 1993).

2.9 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is gewy aan die omskrywing van die begrip adolessensie, die seksuele ontwikkeling van die adolessent asook sy/haar sielkundige beleving van

liggaamlike veranderinge. Voorts is daar ook gefokus op verbandhoudende ontwikkelingsterreine, onder andere die adolessent se kognitiewe, morele en sosiale ontwikkeling, asook die ontwikkelingstake wat tydens adolessensie bemeester moet word.

In die lig van al die veranderinge en ontwikkelinge wat tydens adolessensie plaasvind, word die volgende vrae in belang van die empiriese ondersoek gestel:

- ◆ Wat is die adolessent se kennis omtrent die fisiese aspekte van sy/haar seksuele ontwikkeling ?
- ◆ Watter faktore speel 'n rol in sy/haar seksuele kennis?
- ◆ Watter invloed het seksuele kennis op sy/haar seksuele gedrag en houding?

HOOFSTUK 3

ADOLESENTE HOUDINGS, KENNIS EN GEDRAG TEN OPSIGTE VAN SEKSUALITEIT

3.1 VERANDERDE WAARDES

Die samelewing se waardes en norme ten opsigte van seksuele gedrag voorsien die individu van 'n verwysingsraamwerk vir sy/haar seksuele gedrag of aktiwiteit. As gevolg van historiese en sosiale veranderinge vind daar in die huidige tydperk vinnige veranderinge van hierdie norme plaas (Gerdes, 1988). Hierdie veranderinge is veral opvallend met betrekking tot:

- ◆ Die aanvaarding van voorhuwelikse geslagsgemeenskap as deel van 'n liefdevolle verhouding; en
- ◆ 'n afname in dubbele standaarde van moraliteit waarvolgens meer seksuele vryheid vir mans as vir vroue toelaatbaar is.

Volgens Louw (1991) word die veranderde seksuele houdings en gedrag gekenmerk deur groter openhartigheid en permissiwiteit met betrekking tot voorhuwelikse geslagsgemeenskap en homoseksualiteit. Verskeie studies tussen 1965 en 1985 in die Verenigde State van Amerika (VSA) toon aan dat daar 'n toename in liberale houdings teenoor seks en voorhuwelikse geslagsgemeenskap voorkom (Gerdes, 1988). Die navorsers se studie met kollege-studente as proefpersone, het getoon dat 33 % van die manstudente en 70 % damestudente teen 1965 aangedui het dat voorhuwelikse seks immoreel is. In 'n opvolgstudie in 1970, het slegs 24 % manstudente en 34 % damestudente gedink dat voorhuwelikse geslagsomgang immoreel is. In 'n latere

opvolgondersoek van dieselfde proefpersone deur Mahoney (1983), is bevind dat 90 % manstudiante en 83 % damestudiante voorhuwelikse geslagsomgang goedkeur. Dit is dus duidelik dat sosiale goedkeuring van seksuele aktiwiteite al hoe meer begin toeneem het.

Die tipiese adolessent ervaar sy/haar wêreld in 'n groter mate as meer seksueel van aard en is seksueel meer gepreokkupeerd (Clarke-Steward & Friedman, 1987).

Alhoewel die adolessent hom/haar in 'n milieu van groter seksuele vryheid bevind, kom hy/sy nogtans voor twee uiteenlopende menings oor seksuele gedrag, naamlik die tradisionele siening en die siening van die nuwe moraliteit, te staan.

Die beginsels en opvattinge van die tradisionele moraliteit word vervolgens bespreek (Louw, 1991). Die beginsels en opvattinge behels die volgende :

- ◆ Deur afstand te doen van seksuele bevrediging of deur dit te beheer, word 'n redelike hoë vlak van beskawing bereik.
- ◆ Weerhouding van seksuele aktiwiteite dra daartoe by dat die vermoë ontwikkel om bedagsaam te wees ten opsigte van die welsyn van ander.
- ◆ Die vermyding of weerhouding van seksuele bevrediging gee aanleiding tot sublimasie. Hierdie gesublimeerde seksuele energie kan dan positief gebruik word in skeppende of kreatiewe aktiwiteite.
- ◆ Die huwelik word gesien as een van die lewese waardevolste instellings, aangesien die bevrediging van seksuele behoeftes slegs binne die huwelik toelaatbaar is.
- ◆ Die morele grondslag van 'n samelewing word versterk as seksuele standaarde gehandhaaf word.
- ◆ Jongmense het gedurende hulle vormingsjare hulp nodig om hulle sterk seksuele impulse te beheer.

Wat die nuwe moraliteit betref, word die volgende aangegee (Louw, 1991) :

- ◆ Getrouheid aan en konsiderasie van ander word hoog aangeskryf.
- ◆ Koïtus behoort net voor te kom nadat vriendskap en liefde ontwikkel het. Die huwelik is dus nie 'n voorvereiste vir die bevrediging van seksuele behoeftes nie, maar wedersydse liefde is 'n voldoende voorwaarde.
- ◆ Uitbuiting van die seksmaat word afgekeur.
- ◆ Alhoewel hierdie beginsels nie ooreenkom met die tradisionele en godsdienstige beginsels nie, vereis dit hoë etiese standaarde van diegene wat dit aanvaar.
- ◆ Dit word ontken dat deelname aan voorhuwelikse seks 'n groter Bybelse sonde of sosiale oortreding is, as talle ander sondes of oortredings (byvoorbeeld skinder, drankmisbruik, gierigheid en ontheiliging van die Sabbat) wat ooglopend deur die gemeenskap gesanksioneer word.

Die adolessent word in die huidige samelewing met beide hierdie waardestelsels gekonfronteer. Dit word vir hom/haar al hoe moeiliker om verantwoordelike besluite ten opsigte van sy/haar seksuele gedrag te neem. As gevolg van die verskillende waardes wat ten opsigte van seksuele gedrag bestaan, bestaan daar ook volgens Louw (1991) uiteenlopende menings oor die effek van voorhuwelikse geslagsgemeenskap op die seksuele ontwikkeling van die adolessent.

Die meer tradisionele siening het dit dat vroeë seksuele ervarings angs, skuldgevoelens en ongewenste buite-egtelike swangerskappe tot gevolg kan hê. Die siening berus op die aanname dat jong adolessente dikwels nie emosioneel ryp genoeg is om die liggaamlike en psigiese aspekte van geslagsgemeenskap te kan hanteer nie. Hierteenoor bestaan die mening dat voorhuwelikse geslagsgemeenskap die individu voorberei vir die seksuele sy van die huwelik - dit verseker realistiese verwagtinge, bring helderheid oor seksuele aanpassing, en skakel romantiese en idilliese idees oor hierdie aspek uit.

3.2 VERANDERDE SEKSUELE HOUDINGS EN GEDRAG

Lewis (1980) vermeld dat daar merkbare veranderinge in die houdings en gedrag van die tipiese adolessent ingetree het.

Hul navorsing word ondersteun deur navorsing met 'n groep Amerikaanse adolessente (Gerdes, 1988). Die navorsing oor 'n periode van 11 jaar het getoon dat 'n groot persentasie van die jeug toenemend in voorhuwelikse geslagsgemeenskap betrokke raak. Die proporsie dogters in die studie wat seksueel aktief was, het vanaf 32 % in 1971 tot 39 % in 1976, 43 % in 1979 en 45 % in 1982 onderskeidelik gestyg. Die persentasies 15-jariges in die ondersoekgroep het vanaf 19 % in 1979 tot 73 % in 1982 gestyg. Hierdie seksuele aktiwiteite het nie net op 'n jonger ouderdom voorgekom nie, maar dikwels ook op 'n wyer verskeidenheid seksmaats betrekking gehad.

Moore et al. (1993, p 236) vermeld ook hierdie skynbare toename in sosiale aanvaarbaarheid van seks onder adolessente met die volgende opmerking: "Acceptance of sex before the marriage is now nearly universal, with nearly three quarters of male and two-thirds of female adolescents condoning it as not wrong at all."

Navorsing deur Kau (1991) in Bophuthatswana met swart adolessente, dui ook op 'n toename in seksuele bedrywighede onder die jeug. Haar navorsing met 2000 persone tussen die ouderdomme van 13 en 18 jaar het getoon dat 78 % respondente aangetoon het dat hulle reeds seksueel aktief is; 43 % van die ondersoekgroep het teen die ouderdom 12 jaar reeds geslagsomgang gehad, en 47 % van die ondersoekgroep het aangetoon dat seks voor die huwelik aanvaarbaar is en dat hulle dit as 'n normale en nodige aktiwiteit beskou.

Rice (1981) het bevind dat sekere universele faktore aan die voorhuwelikse seksuele gedrag en houdings van adolessente gekoppel kan word. Sommige van hierdie faktore word later weer in breë trekke in die hoofstuk bespreek.

3.2.1 Godsdien

Rice (1981) het bevind dat daar 'n verband tussen die adolessent se vlak van godsdienstigheid en seksuele permissiwiteit bestaan. Die navorser het bevind dat adolessente met 'n sterker godsdienoriëntasie minder tot seksuele aktiwiteite geneig is.

3.2.2 Liberale waardes

'n Hoë vlak van seksuele en sosiale liberalisme korreleer hoog met 'n hoë vlak van seksuele permissiwiteit, deurdat seksuele permissiwiteit oor die algemeen nie meer as verkeerd word beskou nie (Rice, 1981).

3.2.3 Seksuele aantreklikheid

Adolessente wat seksueel en sosiaal baie aantreklik voel, rapporteer die hoogste vlakke van seksuele losbandigheid (Newcorner & Undry, 1988).

3.2.4 Geslag

Dogters is minder geneig tot permissiewe gedrag as seuns (Miller & Olson, 1987). Dogters plaas meer klem op die kwaliteit van die verhouding, voordat seksuele omgang plaasvind.

3.2.5 Die gebruik van dwelms

Die gebruik van dwelms speel 'n rol in permissiewe gedrag. Adolessente wat dwelms (byvoorbeeld dagga en alkohol) gebruik, is meer geneig tot seksuele permissiwiteit as diegene wat hulle daarvan weerhou. Die gebruik van dwelms word deur die adolessent as 'n geleentheid gesien om hul outonomie te vestig. Sodoende word die respek van die portuurgroep gewen (Norwood, 1985).

3.2.6 Afwesigheid van 'n vader

Adolesente, veral dogters, wat in 'n huis met 'n afwesige vader grootword, is meer geneig om in seksuele verhoudings betrokke te raak, as 'n manier om liefde en sosiale aanvaarding te probeer kry (Moore & Rosenthal, 1993).

3.2.7 Egskeiding en hersaamgestelde gesinne

Adolesente uit hersaamgestelde gesinne, of waar die ouers geskei is, rapporteer meer seksuele ervarings as kinders uit gesinne wat meer stabiel voorkom (Rice, 1981).

Hierdie genoemde faktore het dikwels 'n negatiewe invloed op die vorming van die adolescent se sedelike waardes.

3.3 DIE SEKSUELE KENNIS VAN ADOLESSENTE

Gordon (1980) is van mening dat daar nie oor die algemeen aanvaar kan word dat adolesente genoeg kennis oor hul eie seksualiteit beskik nie. Hy het uit navorsing onder seksueel aktiewe adolesente bevind dat sommige van hulle onkundig ten opsigte van seks is. Kau (1991) deel hierdie mening van Gordon (1980). Uit haar navorsing met 2000 swart adolesente, het sy bevind dat bykans die helfte (48 %) van die respondente aangetoon het dat hulle nie geweet het dat 'n swangerskap na die eerste seksuele kontak kon plaasvind nie. 'n Groot proporsie (62,5 %) van die respondente het aangetoon dat hulle oor gebrekkige seksuele kennis beskik.

Gordon (1980) voer aan dat geskikte en korrekte kennis oor die prosesse van seksuele aktiwiteit, en hoe dit verband hou met hulle persoonlike gedrag, dikwels nie vir die adolescent beskikbaar is nie. Hulle kennis is dikwels deurtrek met foutiewe opvattinge.

Gordon (1980) is die mening toegedaan dat vroeë seksuele aktiwiteite onder adolessente dikwels hulle onwilligheid verhoog om meer inligting oor seksuele aangeleenthede te bekom. Hulle vrees dat hulle as naïef beskou sal word. Navorsing deur Kau (1988) het hierdie bevindings gestaaf. Uit haar studie het dit geblyk dat 7,5 % van die respondente aangetoon het dat hulle te skaam was om oor enige seksuele aangeleentheid inligting te bekom.

As gevolg van adolessente se gebrekkige kennis word die volgende vrae dikwels deur hulle gevra (Gordon, 1988):

- ◆ Is dit aanvaarbaar vir mense van ons ouderdom om seks te beoefen?
- ◆ Is masturbasie normaal?
- ◆ Waarom vind seuns dit makliker om seks sonder enige emosionele betrokkenheid te ervaar?
- ◆ Is kontrasepsie skadelik?
- ◆ Wat is effektiewe kontraseptiewe hulpmiddels as jy nie gereeld seks beoefen nie?
- ◆ Waarom praat ons ouers nie met hul kinders oor seks nie?
- ◆ Kan 'n meisie swanger raak die eerste keer as sy geslagsomgang het?
- ◆ Hoe kan ek kontraseptiewe hulpmiddel(s) verkry, sonder dat my ouers daarvan sal weet?
- ◆ Hoe kan ek verhoed dat ek swanger raak?

Hulle gebrekkige kennis word dikwels as die oorsaak van ongewenste swangerskappe gesien.

3.4 DIE HOUDINGS, GEDRAG EN KENNIS VAN ADOLESSENTE TEN OPSIGTE VAN KONTRASEPSIE

Die mate waartoe van kontrasepsie gebruik gemaak word, speel 'n rol in die voorkoms van ongewenste swangerskappe.

Papalia en Olds (1989) huldig die mening dat swangerskap onder adolessente toeneem as gevolg van hul onwilligheid om die nodige kontraseptiewe voorsorgmaatreëls te tref. Die navorsers maak die volgende opmerking: "despite the increase in pregnancy, teen's knowledge of the risk of pregnancy remains poor, they rarely use birth control methods and many wait until the first unplanned pregnancy ..." (Papalia & Olds, 1988, p 390).

Volgens Collins en Robinson (1989) kan die versuim om kontrasepsie te gebruik, tradisioneel uit een van twee teoretiese perspektiewe verduidelik word. Dit is naamlik (1) 'n intra-psigiese perspektief en (2) 'n kontraseptiewe kennis perspektief.

3.4.1 Intra-psigiese perspektief

Die psigo-analiste plaas 'n besondere klem op die intra-psigiese konflik wat met die gebruik van kontrasepsie geassosieer word. Collins en Robinson (1989) is van mening dat dogters dikwels oor genoegsame seksuele kennis en vaardighede beskik om potensiële swangerskappe te voorkom, maar 'n sielkundige weerstand teen die gebruik daarvan toon. Hy beskryf dit as 'n "wilful exposure to unwanted pregnancy" (Collins & Robinson, 1989, p 133).

Volgens die laasgenoemde navorsers het navorsing deur Chammie (1982), De Amics (1981) en Harold (1987) soortgelyke resultate getoon. Die navorsers het bevind dat talle adolessente sekere vrese toon. Sommige vrees dat hulle ouers sal uitvind indien hulle kontrasepsie sou gebruik. Ander adolessente wil nie kontrasepsie gebruik nie uit vrees dat die gebruik hiervan 'n teken is dat geslagsomgang beplan word. Die meeste adolessente vind regverdiging vir seksuele omgang sonder gebruikmaking van kontrasepsie, as dit "per ongeluk" of spontaan plaasvind.

Kulin (1988) is van mening dat adolessente wel oor die nodige kennis van kontrasepsie beskik, maar steeds daarin faal om kontrasepsie te gebruik. Hy is

van mening dat adolessente se houdings eerder as hul kennis van kontrasepsie, foutief of negatief is.

Adolessente tree impulsief op en dink nie altyd na oor die soort gedrag wat hulle openbaar nie. Hulle is meer ingestel op die onmiddellike bevrediging van hul seksuele behoeftes (Rice, 1981).

3.4.2 Die kontraseptiewe kennis perspektief

Volgens hierdie perspektief is die gebrek aan seksuele en kontraseptiewe kennis, as die vernaamste oorsake vir die swak gebruik van kontrasepsie bepaal (Collins & Robinson, 1989). Die navorsers het bevind dat die hoë voorkoms in swangerskappe as 'n teken van onkunde ten opsigte van die gebruik van kontrasepsie geïnterpreteer kan word.

Zelnik, Kanter en Ford (1981) daarenteen, is oortuig daarvan dat kennis 'n minder belangrike rol in die beïnvloeding van adolessente se kontraseptiewe gedrag speel. Hulle voer aan dat talle adolessente opvoedkundige toegang tot kontrasepsie het, maar ten spyte hiervan swak gebruikers bly. Hulle navorsing met 1200 skooldogters, het die volgende resultate getoon:

- ◆ Slegs 14 % van die proefpersone het aangedui dat hulle kontrasepsie gebruik .
- ◆ 50 % van die respondente was seksueel aktief, maar het geen kontrasepsie gebruik nie.
- ◆ 36 % respondente het klinieke besoek om skynbaar inligting te bekom, maar in werklikheid bloot omdat hulle 'n moontlike swangerskap vermoed het.

Bepaalde omstandighede kan moontlik verklaar waarom kennis alleen nie genoegsaam is om die effektiewe gebruik van kontrasepsie te verseker nie.

Needle (1980) huldig die mening dat die kwessie van kennis dikwels 'n ondergeskikte rol by die gebruik van kontrasepsie speel, veral met die eerste seksuele ervaring, aangesien dit dikwels onbepland plaasvind. Kennis raak toenemend kritiek namate die adolessent se seksuele aktiwiteite voortduur.

Reid (1988) in Collins en Robinson (1989) opper 'n alternatiewe perspektief. Sy uitgangspunt is dat die gewilligheid om kontrasepsie te gebruik afhang van die basiese lewenshouding van die individu. Die siening beklemtoon die individu se keuse tot besluitneming oor sy/haar eie seksuele lewe en die konsekwentheid tussen sy/haar seksuele lewe, houdings en gedrag.

Collins en Robinson (1989) voeg 'n ander uitgangspunt tot die skynbare irrasionaliteit in die gebruik van kontrasepsie by. Dié navorsers verklaar hul uitgangspunt aan die hand van die emosionele en kognitiewe ontwikkeling van die adolessent. Collins en Robinson (1989) differensieer tussen twee besondere egosentristiese aspekte in die ontwikkeling van die adolessent, naamlik 'n denkbeeldige gehoor ("imaginary audience") en die beginsel van 'n persoonlike versinsel ("personal fable"). Volgens die navorsers is die voorkoms van die denkbeeldige gehoor 'n algemene verskynsel by adolessente. Die gehoor bestaan uit die adolessent se antisipering van ander persone se reaksies op hulle gedrag. Dit is denkbeeldig deurdat die adolessent aanvaar dat ander persone dikwels met hulle gedrag gepreokkupeerd is. Terwyl die samestelling van die denkbeeldige gehoor nie altyd gespesifiseer kan word nie, bestaan dit uit die adolessent se geïdealiseerde beelde van ouers, ander belangrike volwassenes en instellings (byvoorbeeld die kerk en skool).

Wanneer die adolessent probeer om seksueel verantwoordelike gedrag te openbaar deur kontrasepsie te gebruik, impliseer hy/sy egter teenoor die denkbeeldige gehoor dat hy/sy voorhuwelikse seksuele gemeenskap as moreel korrek aanvaar, ten spyte van die druk tot die teendeel deur die samelewing.

Die tweede egosentrisme is die beginsel van 'n persoonlike versinsel. Sommige mense glo dat hulle immuun teen die dood is. Die soort idee kom dikwels ook

algemeen onder seksuele aktiewe adolessente voor. Adolessente, veral dogters, koester die opvatting dat hulle nie sommer swanger sal raak, of VIGS sal opdoen nie (Collins en Robinson, 1989).

Collins en Robinson (1989) se navorsing toon dat jongmense nie glo dat 'n dogter van een of twee seksuele ervarings swanger kan raak nie. Collins en Robinson (1989, p 36) vat hierdie opvatting onder adolessente soos volg saam: "The chances of pregnancy are considered to be cumulative across incidents of intercourse: thus one is safe if a certain degree of abstinence thereafter is practised."

Studies in Suid-Afrika lewer ook interessante bevindinge oor hierdie negatiewe houdings en gedrag wat adolessente openbaar. 'n Verslag van die Wetenskaplike Komitee van die Presidentsraad (1988) het getoon dat 80 % van alle tieners wat klinieke besoek, reeds seksueel aktief is voordat hulle enige vorm van kontrasepsie gebruik.

Navorsing deur Craig en Richter-Strydom (1983) met 1311 swart leerlinge in die Durban omgewing het ook getoon dat adolessente oor die algemeen negatief teenoor kontrasepsie staan. 'n Groot proporsie (50 %) van die proefpersone in hul studie het aangetoon dat hulle weier om kontrasepsie te gebruik, omdat die gebruik daarvan immoreel is en slegs tot die huwelik beperk is.

In 'n verdere ondersoek deur Kulin (1988), met 212 swanger leerlinge, het 88 % van die respondente aangetoon dat hulle geen vorm van kontrasepsie gebruik het nie; 28 % het nie gedink kontrasepsie was nodig nie; 22 % het niks van kontrasepsie geweet nie; 18 % het wel oor kennis beskik, maar was te bang om kontrasepsie te bekom; 12 % het onsuksesvol probeer om kontrasepsie te gebruik; 8 % het gedink dat kontrasepsie gevaarlik is; 6 % het glad nie van die idee van kontrasepsie gehou nie en 2 % het aangetoon dat hul seksmaats die gebruik van kontrasepsie afkeur.

Navorsing onder swart adolessente in die meer plattelandse streke deur Kau (1988) lewer ook hiervan bewys. Haar studie met 210 dogters tussen die ouderdomme 15 en 18 jaar in die Molopostreek van Bophuthatswana, het getoon dat 78 % van die respondente aangedui het dat hulle seksueel aktief is. Van dié groep het slegs 24 % respondente aangetoon dat hulle van kontrasepsie gebruik maak en 54 % respondente het geen vorm van kontrasepsie gebruik nie.

Wat hulle seksuele kennis betref, het 62,5 % respondente aangetoon dat hulle oor gebrekkige kennis van kontrasepsie beskik, en dat hulle ouers nooit kontrasepsie met hulle bespreek het nie; 32 % het aangetoon dat hulle hul kennis van kontrasepsie van vriende bekom het: 11 % van verpleegkundiges; 10 % van moeders en 5 % het hul kennis vanaf onderwysers bekom. Niemand het aangetoon dat die kwessie van kontrasepsie met kêrels bespreek is nie (Kau, 1988). Hierdie bevinding strook met die uitkomsresultaat deur Bedger (1980) wat bevind het dat kêrels se houdings teenoor kontrasepsie dikwels 'n invloed op die houdings van dogters het oor hul keuse om kontrasepsie te gebruik, al dan nie.

Kau (1991) se navorsing met 2000 seuns tussen die ouderdomme 13 en 18 jaar oor hul seksuele houdings het die volgende resultate getoon: 63 % van die respondente het aangetoon dat hulle reeds geslagsomgang met 'n dogter gehad het, sonder enige vorm van kontrasepsie.

Van die respondente in die ondersoekgroep wat ten gunste van kontrasepsie was, het 40 % aangetoon dat die kondoom volgens hul kennis die effektiëste vorm van kontrasepsie is, terwyl slegs 24,5 % respondente aangetoon het dat hulle wel van kondome gebruik maak.

Dit is dus duidelik dat sommige adolessente inkonsekvente seksuele gedrag openbaar en skynbaar geen belangstelling in kontrasepsie toon nie.

3.5 ANDER FAKTORE WAT DIE KONTRASEPTIEWE GEDRAG VAN ADOLESSENTE BEÏNVLOED

Collins en Robinson (1989) dui 'n paar faktore aan wat die kontraseptiewe gedrag onder adolessente moontlik beïnvloed. Hierdie faktore word vervolgens kortliks bespreek.

3.5.1 Aanvaarding van seksualiteit

Collins en Robinson (1989) is oortuig daarvan dat die sleutel tot betroubare en effektiewe kontrasepsiegebruik in adolessente se aanvaarding van hulle seksualiteit lê. Dié aanvaarding word dikwels bemoeilik deur die gemeenskap se kulturele veroordeling van voorhuwelikse geslagsgemeenskap. Die konflikterende houding van die samelewing, naamlik dat seks vuil is, dat seks Godgegewe is; dat seks goed is, dat seks goedkoop is; dat seks gesofistikeerd is, dat seks degraderend is, bemoeilik sodanige aanvaarding van die adolessent se seksualiteit.

3.5.2 Status van die verhouding

Bewyse word aangevoer dat konsekwente kontrasepsiegebruik verbind kan word met 'n relatief groter stabiliteit van 'n seksuele verhouding tussen die paartjie. Navorsing van Zelnik et al. (1981) toon 'n hoër verband tussen die voorkoms van die gebruik van kontrasepsie binne stabiele verhoudings as tussen die gebruik van kontrasepsie by toevallige seksmaats.

Reid (1988) in Collins en Robinson (1989) voer verder aan dat waar die paartjie in 'n toegewyde verhouding tot mekaar staan, die meisie nie alleenlik voorhuwelikse geslagsomgang aanvaar nie, maar ook 'n groter gewilligheid toon om kontrasepsie te gebruik.

3.5.3 Ouderdom

Hoe jonger die adolessent, hoe kleiner is die kans dat hy/sy enige vorm van kontrasepsie sal gebruik (Collins & Robinson, 1989).

3.5.4 Opvoeding

Die gebruik van kontrasepsie neem toe namate die opvoedingsvlak van die adolessent toeneem (Zelnik et al., 1981). Navorsing deur Shah en Zelnik (1981) rapporteer ook 'n positiewe verband tussen die kontrasepsiegebruik en die opvoedkundige aspirasies van die adolessent. Adolessente wat hoë aspirasies nastreef, besef dikwels hoeveel hulle deur 'n ongewenste swangerskap kan verloor.

3.5.5 Godsdien

Godsdien word as 'n konsekwente aanduiding in die beïnvloeding van kontrasepsie beskou (Zelnik et al., 1981). Zelnik et al. (1981) het bevind dat 'n hoë frekwensie van kerkbywoning negatief korreleer met die gebruik van kontrasepsie onder adolessente. Die idee van die denkbeeldige gehoor waarna vroeër in die teks verwys is, het hierop betrekking. Om kontrasepsie te gebruik impliseer 'n erkenning aan die denkbeeldige gehoor (in die geval van byvoorbeeld die kerk) van betrokkenheid aan veroordeelde deelname aan seksuele aktiwiteite.

3.5.6 Geslagsverskille

Studies van Zelnik et al. (1981) toon dat seuns die houding inneem dat die gebruik van kontrasepsie slegs op dogters van toepassing is. Collins en Robinson (1989) daarenteen het in latere studies bevind dat die houdings van seuns aan die verander is. Seuns begin die kontraseptiewe verantwoordelikheid met dogters deel, alhoewel daar nog nie 'n totale skuif in die rigting van 'n groter of totale verantwoordelikheid is nie.

3.5.7 Morele oorwegings

Morele faktore speel ook 'n rol in die inkonsekwente gebruik van kontrasepsie. Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling (1987) dui aan dat verwarring oor moraliteit 'n verneme rede is waarom seksueel aktiewe adolessente nie kontrasepsie wil gebruik nie.

3.6 SAMEVATTING

Uit die literatuur blyk dit die geval te wees dat veral stedelike adolessente liberale houdings teenoor voorhuwelikse geslagsgemeenskap openbaar. Die heersende seksuele klimaat word deur 'n ideologie van permissiwiteit gekenmerk wat daartoe lei dat adolessente se seksuele bedrywighede toeneem en ongewenste swangerskappe onrusbarende afmetings aanneem.

Selfs in ons verligte eeu waar kontrasepsie "vrylik" beskikbaar is, wil dit voorkom asof adolessente negatiewe houdings teenoor kontrasepsie het, of geen kennis omtrent kontrasepsie het nie. Hierdie beskroomdheid eis dikwels 'n hoë prys.

In die lig hiervan is dit vir die huidige navorser belangrik om ondersoek in te stel na:

- ◆ Wat die plattelandse adolessent se seksuele houdings, kennis en gedrag is.
- ◆ Watter faktore 'n rol in hul houdings en gedrag speel.
- ◆ Wat hulle kennis van kontrasepsie is.
- ◆ Watter faktore 'n invloed op die gebruik van kontrasepsie het.

3.7 DIE INVLOED VAN SOSIALE FAKTORE OP DIE HOUDINGS, GEDRAG EN KENNIS VAN ADOLESSENTE TEENOR SEKSUALITEIT

Die besluite wat adolessente moet neem ten opsigte van hul seksuele ontwikkeling, die soort gedrag wat hulle openbaar, die waardes en houdings wat

hulle huldig, word almal binne 'n bepaalde lewenskonteks gevorm.

Volgens Vance (1985) kan seksuele ontwikkeling by die adolessent dikwels verbind word met faktore soos onder andere ouer-kindverhoudings, die druk van die portuurgroep, die invloed van die media en ander sosiale instellings, soos byvoorbeeld die kerk en skool.

Die invloed van die volgende faktore op die seksuele kennis, houdings en gedrag van die adolessent word vervolgens bespreek :

- ◆ Die rol van die ouers.
- ◆ Die rol wat die portuurgroep speel.
- ◆ Die invloed van die media.
- ◆ Die rol van sosiale instellings, onder andere die skool.

3.7.1 Die rol van die gesin

Ouers oefen 'n baie belangrike invloed op die lewens van hul kinders uit. Hulle word as die primêre opvoeders beskou, wat 'n wye reeks van die kind se oortuigings en gedrag beïnvloed (Moore & Rosenthal, 1993). Volgens Pieterse (1990) vorm die liefdesbetoning van ouers in hulle daaglikse omgang met mekaar, die sluitsteen vir die kind se geborgenheid binne sy/haar gesin.

Gerugsteun deur 'n liefdevolle huislike atmosfeer leer die kind om binding met iemand van die teenoorgestelde geslag te vorm en ook om met sosiale verhoudinge binne die raamwerk van sy ouers se voorbeeld te eksperimenteer (Pieterse, 1990). Barnard (1989) konstateer dat, wanneer daar liefde in die gesin is, word die gesinstipiese omgangsewige gekenmerk deur intimiteit en vertroulikheid. Sodoende word die kind ook voorberei vir openhartige en normgerigte opvoedingskommunikasie.

Die gesin word ook as die leerskool van seksuele waardes beskou (Van Wijk, 1992). Die ideaal is dus dat ouers hul kinders vroegtydig paraat sal maak,

voordat hulle seksueel aktief is. In hierdie verband is ouers die rolmodelle met wie die kind identifiseer.

Navorsing deur Zabin, Hirsch, Smit en Hardy (1987) toon dat ouers as rolmodelle die houdings en gedrag van adolessente op vier verskillende maniere kan beïnvloed:

Eerstens kan ouers adolessente beïnvloed deur hulle spesifieke houding teenoor seksualiteit. Van Wijk (1992) stem met die navorsers saam as hy aanvoer dat die ouers se etiek aangaande seksualiteit direk en indirek aan die kind oorgedra word. Die navorser is verder van mening dat kongruensie tussen ouers se waardes en hul gedrag 'n deurslaggewende rol speel. Indien daar teenstrydighede in die ouers se waardes en hul persoonlike gedrag voorkom, lei dit dikwels tot morele verwardheid by die kind wat sy/haar gedrag en houdings teenoor seksualiteit beïnvloed.

Tweedens kan ouers adolessente beïnvloed deur die status van hul huwelik (geskei/getroud/hertrou/enkelouer). Die huwelikstatus het 'n effek op die soort rolmodel wat die ouers aan die kind voorhou. Ouers wat saamwoon, sonder om te trou, stel die kind bloot aan 'n anti-normatiewe voorbeeld wat teenstrydig met die Bybelse norm is (Van Rooyen, 1986). Navorsing deur Boult en Cunningham (1992), met swart adolessente in die Oos-Kaap, ondersteun die laasgenoemde opmerking.

Hulle navorsing het bevind dat daar 'n aansienlike hoë voorkoms van tienerswangerskappe en anti-normatiewe geslagtelike gedrag onder adolessente is wat uit gesinne kom waar die ouers 'n saamwoonverhouding het. Van die swanger adolessente in hul studie het 28,2 % van die respondente aangetoon dat hulle ouers nooit getroud was nie; 15,9 % se ouers was enkelouers; 13,9 % se ouers was geskei. Dit beteken dat 58 % van die respondente uit onvolledig saamgestelde gesinne kom.

Rice (1981:198-199) ondersteun hierdie mening met die opmerking: "People who were brought up in uncomplete or disrupted homes are more likely to have illegitimate children."

Derdens het die godsdienstige atmosfeer binne die huis ook 'n invloed op die seksuele ontwikkeling van die kind. Rice (1981) is van mening dat adolessente uit gesinne waar daar 'n redelike mate van godsdiens beoefen word, minder geneig tot vroeë seksuele aktiwiteit is.

Vierdens is navorsers van mening dat die soort boodskap wat uit ouers se gedrag en houdings spreek, die gedrag en houdings van adolessente sterk beïnvloed (Black & De Blassie, 1985). Barnard (1989) is van mening dat ouers nie altyd hulle kinders voorberei vir openhartige en toereikende opvoedingskommunikasie nie. Die navorser meen dat adolessente oor die algemeen 'n behoefte aan openhartige gesprekke met hul ouers oor geslagsake het, maar dat weinig daarvan tereg kom. Volgens Vance (1985) kan seksuele permissiwiteit by die adolessent dikwels juis verbind word met swak kommunikasie tussen ouer en kind. Die adolessent wend hom/haar dan tot sy/haar vriende om die behoefte aan kommunikasie oor geslagsake te bevredig.

Clarke-Steward en Friedman (1987) lys 'n paar redes vir die gebrek aan ouer-kindkommunikasie betreffende geslagsake. Hy is van mening dat dit algemeen aanvaar kan word dat ouers dikwels in gebreke bly om die kommunikasiebehoefte van hul kinders aan te spreek as gevolg van die volgende redes:

- ◆ Ouers is konserwatief en glo dat hoe minder kinders van geslagsake weet, "hoe veiliger" is hulle.
- ◆ Ouers is oningelig en onkundig: Alhoewel ouers met hul kinders oor geslagsake wil praat, weet hulle dikwels nie hoe nie.
- ◆ Ook as gevolg van ekonomiese redes en die gevolglike buitenshuisse werk van ouers, is hulle nie genoegsaam betrokke by die seksuele opvoeding en ontwikkeling van hul kinders nie en ly kommunikasie gevolglik skade.

As belangrike fasiliteerders van inligting oor seksuele houdings, kennis en gedrag het die ouers 'n beslissende invloed op die kind se gedragpatrone. Wanneer daar 'n ongewenste dinamika in die gesin teenwoordig is, lei dit baie maal tot verwarring in die vestiging van die adolessent se waardestelsel.

3.7.2 Die rol van die portuurgroep

Die kragtige invloed van die groep op menslike gedrag, word nie altyd beseef nie (Steyn, 1985). Die portuurgroep voorsien nie net in die besondere behoeftes van die adolessent nie, maar dien as 'n verwysingsgroep wat 'n belangrike invloed op sy/haar gedrag het. Die invloed wat die portuurgroep op die vorming van adolessente se houdings en gedrag het, word veral gesien in adolessente se konformerings tot modes, musiek en ontspanningsaktiwiteite (Moore & Rosenthal, 1993).

Die adolessent se gevoel van eiewaarde word sterk beïnvloed deur sy/haar ervaring van hoe ander mense hom/haar waarneem (Boshoff, 1982). Volgens Wessels (1991) speel die portuurgroep hierin 'n belangrike en dikwels 'n deurslaggewende rol. Jeneke (1990) konstateer dat die adolessent 'n behoefte het om deel van 'n groep te wees om sy/haar eiewaarde te vestig en te versterk. Die adolessent sal selfs by seksuele aktiwiteite betrokke raak as dit deur die groep onderskryf word, ter wille van aanvaarding deur die groep. Die gedrag van die groep voorsien aan adolessente 'n model of raamwerk waarop hulle hul eie gedrag rig.

Navorsing deur Kau (1988) het aan die lig gebring dat adolessente die groep as waardevolle bron van seksuele inligting beskou.

Hoewel die portuurgroep in baie gevalle 'n positiewe bydrae tot die adolessent se heteroseksuele verhoudingslewe kan lewer, mag die groep soms vir die ouers probleme skep, veral as die groep onverantwoordelike geslagtelike gedrag goedkeur of bevorder (Pieterse, 1990). Shah en Zelnik (1981) deel hierdie siening en meen dat die portuurgroep 'n veel kragtiger invloed het as die ouers,

veral betreffende geslagsgemeenskap. Volgens Steyn (1985) oefen die groep subtiële druk op portuurlede uit om seksueel aktief te raak, veral in gevalle waar die groep seksueel aktief is. Jeneke (1990) konstateer dat probleme dikwels tussen die ouer en adolessent ontstaan aangaande die seksuele aktiwiteite wat deur die groep onderskryf word. Dit gebeur veral wanneer die ouers se houdings aangaande seksuele aktiwiteite te konserwatief is in vergelyking met dié van die portuurgroep. Hierdie teenstrydige norme (van die ouers en groep) gee gevolglik aanleiding tot onsekerheid en innerlike konflik by die adolessent, wat verwarring in die vorming van sy/haar persoonlike waardestelsel kan veroorsaak (Zelnik et al., 1981).

Badenhorst (1991) wys daarop dat die ouers nie die invloed van die portuurgroep te heftig moet teëgaan nie, omdat dit die kind in opstand teen ouerlike gesag mag bring en sodoende die gesagsverhouding tussen die ouer en kind onnodiglik mag strem. Indien dit sou gebeur, kan die adolessent dit moeilik vind om die verkreeë seksuele inligting wat by die groep verkry is, te kontroleer om sodoende die normatiewe van die anti-normatiewe te onderskei (Jeneke, 1990). Wanneer dit gebeur, is die kans goed dat die adolessent hom/haar kan skuldig maak aan onder andere onaanvaarbare seksuele gedrag.

3.7.3 Die rol van die media

As gevolg van die vooruitgang van tegnologie dring die massamedia, waaronder die pers, radio, filmbedryf en televisiediens ressorteer, deur tot die leefwêreld van elke gesin. Dit beïnvloed die mens en sy/haar sienswyse van sy/haar wêreld (Moore en Rosenthal, 1993).

Die televisie en filmbedryf lewer 'n groot bydrae tot die sedelike verval van die mens. Gewilde films bevat sterk seksuele temas, wat seksuele aktiwiteit op eksplisiete wyses vertoon. Seksuele tonele word glad nie meer so diskreet soos in die vroeë vyftiger- en sestigerjare aangebied nie. Oppervlakkige en betowerende vals beelde van seksualiteit word aan jong mense gekommunikeer

wat tot 'n versteurde liggaams- en seksualiteitsbeleving bydra (Van Rooyen, 1986).

Baie van die boodskappe oor seksualiteit reflekteer hedonistiese en selfbevredigende waardes. Hierdie waardes is meestal teenstrydig met dit wat deur die ouers en sosiale instellings soos byvoorbeeld die kerk en skool voorgehou word (Moore & Rosenthal, 1993). Volgens Pieterse (1990) is dit vir sommige ouers onmoontlik om hul kind altyd teen hierdie anti-normatiewe invloede te vrywaar. Die adolessent word nou met die moeilike taak gelaat om sy/haar eie weg te baan deur hierdie seksuele verwarring om vir hom/haar 'n eie werkbare model vir sy/haar seksuele lewe te ontwikkel.

Moore en Rosenthal (1993) huldig verder die mening dat seksualiteit vir die media, veral populêre tydskrifte, 'n bron van inkomste geword het. In die advertensiewese word daar met die menslike liggaam, veral die vroulike liggaam, handel gedryf. Tieners sien in tydskrifte en advertensies oop T-hemde, harige borste, spleetrompe ("slit skirts") en deurskynende bloese. Adolessente raak soms verward deur die teenstrydige boodskap van "look sexy, but stay pure and asexual ..." (Moore & Rosenthal, 1993, p 72).

Jeneke (1990) konstateer dat kinders wat nie by hul ouerhuis toereikend vir die beïnvloeding van die massamedia gestaal is nie, maklik op sleeptou geneem kan word.

3.7.4 Die rol van die skool

Te midde van maatskaplike verval op morele en sedelike gebied, is die kind vasgevang in die problematiek van eie liggaamsbeleving en seksualiteit. Die kind van hierdie eeu, verkeer in nood. Hy/sy word nie toereikend voorberei om die eise van 'n snelveranderende leefwêreld te kan hanteer nie (Van Rooyen, 1986). As gevolg van die snelle kontemporêre veranderinge word daar van die formele onderwysstelsel toenemend verwag om sake aan te spreek wat voorheen as die eksklusiewe verantwoordelikheid van die gesin beskou is.

3.7.4.1 Die skool se verantwoordelikheid

Veranderende en veranderde samelewings stel nie alleen eise aan die mens nie, maar ook aan die opvoedingsinstansies. Die skool as organisasie het dus 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van die veranderinge in die samelewing, byvoorbeeld om aanpassings te maak, projekte te loods of programme te inisieer ten einde in bepaalde behoeftes te voorsien. Boulton en Cunningham (1992, p 47) maak hieroor die volgende opmerking: "Society look to the school to produce future citizens who will be able to meet the challenge of a rapid changing world - a world in which some of the values of yesterday may be quite out of place tomorrow or even today."

Navorsing deur Harris en Howard (1984) dui daarop dat seksopvoeding 'n enorme impak op die seksuele gedrag, houdings en kennis van adolessente het. Hy het gevind dat waar adolessente effektiewe seksopvoeding in skole ontvang het, sulke adolessente meer daartoe geneig is om seksueel verantwoordelike gedrag te openbaar. Harris en Howard (1984) is van mening dat die skool naas die portuurgroep as 'n baie belangrike bron van seksuele inligting beskou kan word.

Kagan (1989) het ook die belangrikheid van seksopvoeding op skool onderstreep. Sy navorsing oor die belangrike bronne van seksuele inligting met 260 standerd 9- en 10-leerlinge by 'n privaatskool in Kaapstad, het getoon dat die leerlinge ook die skool as 'n belangrike bron van inligting beskou.

In teenstelling hiermee het 'n ander studie-aangetoon dat hoërskoolleerlinge nie altyd die skool as 'n betroubare bron van inligting oor seksuele aangeleenthede beskou nie (Kunene, 1995). Uit sy navorsing met 210 sekondêreskoolleerlinge in Empangeni is die skool nie as 'n betroubare bron aangetoon nie. 'n Gebrek aan vertroue in die betroubaarheid van leerkrigte inhibeer skynbaar talle jongmense om hulle te nader.

Die ongemak by sommige leerkragte om hierdie aspek van die leerling se ontwikkeling aan te spreek, speel skynbaar ook 'n rol by die kinders se onwilligheid om hulle vir inligting te nader (Kunene, 1995). Die feit dat die leerlinge ook nie altyd leerkragte met sensitiewe kwessies rondom hulle seksuele ontwikkeling wil vertrou nie, bemoeilik die taak van die skool om seksopvoeding effektief na die leerlingkorps oor te dra (Kunene, 1995).

3.7.4.2 Die stand van geslagsopvoeding in swart skole in die eertydse Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie, Raad van Verteenwoordigers

Navorsing deur Van Rooyen (1993) oor geslagsopvoeding het getoon dat geslagsopvoeding op daardie stadium nie deur hierdie Departement op skoolvlak aangebied is nie.

Uit ervaring is die huidige navorser daarvan bewus dat seksopvoeding in veral plattelandse skole nog nie sy regmatige plek binne die opvoedingsproses van die kind gevind het nie. Seksvoorligtingperiodes word nie altyd vir dié besondere doel benut nie.

Sillabusse wat deur die Departement van Onderwys vir die verskillende departemente voorgeskryf is, was in die verlede nie altyd vir alle skoolgemeenskappe aanvaarbaar nie. Dit het meegebring dat hierdie belangrike aspek van die kind se seksuele ontwikkeling verwaarloos is (Administrasie: Raad van Verteenwoordigers, Januarie 1991).

3.7.4.3 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat onderwysdepartemente nog nie die noodsaaklikheid van geslagsopvoeding genoegsaam besef nie. Alhoewel daar reeds 'n begin gemaak is met hierdie belangrike werk in die skole, is daar van uitgebreide en omvattende voorligting aan elke leerling nog nie sprake nie. In 'n komplekse en

veeleisende samelewing behoort geslagsopvoeding deel uit te maak van elke skoolkurrikulum.

3.8 DIE INVLOED VAN RAS, KULTUUR EN SOSIO-EKONOMIESE KLAS OP DIE SEKSUELE GEDRAG VAN DIE ADOLESSENT

Een van die kragtigste invloede op die seksuele ervarings van die adolessent is klaarblyklik ras. Tussen die verskillende rasse word daar gereeld verskille, veral ten opsigte van die ouderdom waarop jeugdige seksueel aktief raak, gerapporteer (Hofferth, 1987).

Die redes vir die verskille is kompleks. Sommige navorsers is van mening dat sosio-ekonomiese verskille tussen wit en swart vir die dispariteit in seksuele gedrag verantwoordelik is. "Early sexual activity and pregnancy are elements that have been described as more frequently occurring with adolescents from minority and low-income families" (Bolton, 1988, p 104).

Navorsing deur Boulton en Cunningham (1992) het soortgelyke bewyse getoon. Hulle het bevind dat die impak van swak lewensbevrediging en swak lewensvooruitsigte daartoe bydra dat talle adolessente op vroeë ouderdomme seksueel aktief raak.

Terwyl tieners uit agtergeblewe omstandighede droom van goeie professies, hoë salarisse en al die sekuriteit wat dit impliseer, is die werklikheid vir talle dat hulle in die bose kringloop van armoede vasgevang word. Hierdie gebrek aan goeie vooruitsigte en aantreklike alternatiewe vir die toekoms, lei daartoe dat sommige jongmense meer betrokke raak in seksuele aktiwiteite as 'n manier om onmiddellik kortstondige plesierdoelwitte te bereik. "Sexual intimacy without regard to future consequences may often be the only antidote to alienation of the young person's future" (Robinson, 1988, p 7).

Die aard van die adolessent se onmiddellike omgewing mag ook as rede aangevoer word vir die verband tussen sosio-ekonomiese status en vroeë

seksuele bedrywighede van sommige swart adolessente. Wanneer adolessente in leefruimtes woon wat gekenmerk word deur swak en oorbevolkte lewensomstandighede sowel as ernstige gesinsdisorganisasie, word hulle op 'n baie jong stadium van hul lewens aan verskeie vorms van afwykende gedrag blootgestel.

Binne 'n lae sosio-ekonomiese milieu, wat dikwels gepaard gaan met spanningsvolle huislike omstandighede, dien seksuele verhoudings dikwels as 'n ontvlugtingsmiddel. As gevolg van gebrekkige ouerlike gesag en min belangstelling in die adolessent se aktiwiteite, word hy/sy soms gedwing om liefde en aandag buite die gesin te soek (Monteith, 1988). Sulke invloede werk nie altyd bevrugterend in op die sinvolle ontwikkeling van die adolessent nie.

Robinson (1988) waarsku dat alhoewel daar 'n hoër neiging tot seksuele aktiwiteite uit lae-inkomstegroepe blyk te wees, sulke neigings met groot versigtigheid geïnterpreteer moet word. Dit is belangrik dat ander faktore en omstandighede in so 'n argument verreken moet word.

Louw (1991) volg 'n kulturele benadering oor die seksuele dispariteit onder adolessente. Die navorser volg die argument dat die aanvaarbaarheid in terme van kulturele norme en waardes van seksuele bedrywighede van swart adolessente, die betekenisvolle verskille in ras en sosio-ekonomiese status verklaar. "Certain cultural attitudes and behaviour in regard to sexual behaviour are recycled with a cultural context and are passed on from one generation to the next" (Robinson, 1988, p 1). Dit impliseer dat daar geslagte is waar dié bepaalde gebruik herhaaldelik voorkom, wat laat blyk dat dit 'n kulturele gebruik is wat sonder enige vooroordeel aanvaar word.

Afgesien van die sosio-ekonomiese en kulturele benadering van Monteith (1988) en Louw (1991) het 'n studie deur Boult en Cunningham (1992) getoon dat rasseverskille in die seksuele houdings en gedrag van adolessente bestaan, selfs al word sosiale klas en ander sosiale indekse van deprivasie buite rekening gelaat.

Hofferth (1987) is van mening dat die twee verklarings, naamlik die sosio-ekonomiese en kulturele benadering, nie onderling uitsluitend is nie. Die navorsers glo dat langdurige armoede van die swart adolessente moontlik 'n ander uitkyk, anders in vergelyking met hulle wit eweknieë, op die seksuele gedrag, houdings asook lewensperspektief van swart adolessente tot gevolg mag hê.

3.9 SAMEVATTING

Die vervlakking van sedelike waardes word al hoe meer sigbaar in die vrye uitbeelding van seks in die musiek- en filmbedryf en in lektuur waaraan adolessente stedelik sowel as plattelands blootgestel word.

As gevolg van die anti-normatiewe uitbeelding van seksualiteit deur die media, in kontras met die tradisionele norme, beïnvloed dit die seksuele gedrag van adolessente aansienlik. Die plattelandse adolessent raak toenemend ook die prooi van die goedkoop vertoon van seksualiteit wat uitsluitlik gemik is op die prikkeling van die geslagsdrang (Barnard, 1989).

Plattelandse adolessente wie se geslagsopvoeding nie altyd aan 'n sterk normatiewe verwysingsraamwerk gebind is nie, as gevolg van sommige ouers se konserwatiwiteit, kan hulself nie altyd teen sulke invloede verweer nie (Kunene, 1995).

Sonder 'n eie waardesisteem wat 'n noodsaaklike komponent van die adolessent se selfstandigheidswording vorm, is die adolessent nie altyd in staat om verantwoordelike seksuele keuses te maak nie (Hurlock, 1975).

Die behoefte aan 'n goed gefundeerde voorligtingsprogram rondom seksualiteit word dus groot ten einde die adolessent te help om verantwoordelike seksuele keuses te maak. So 'n voorligtingsprogram sal op stewige wetenskaplike en veral empiriese bevindinge moet berus.

In die lig hiervan ontstaan die volgende vrae wat ook vir navorsing gestel word:

- ◆ Hoe beleef die adolessent sy/haar ouerhuis met betrekking tot kwessies rondom seksuele aangeleenthede?
- ◆ Wat is sy/haar houding met betrekking tot sosiale instellings of persone wat die opvoedingsverantwoordelikheid ten aansien van seksualiteitsvoorligting moet oordra?
- ◆ In watter mate speel die portuurgroep en die invloed van die media 'n rol in adolessente se houdings teenoor seksualiteit?

3.10 VOORUITSKOUIING

Hoofstuk 4 word gewy aan die empiriese ondersoek waarin die samestelling van die steekproef, metode van ondersoek, leemtes van die ondersoek asook die verwerking van data uiteengesit word.

HOOFSTUK 4

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 DOEL VAN DIE STUDIE

Daar bestaan 'n behoefte aan betroubare inligting oor die houdings, kennis en gedrag van bepaalde groeperinge van plattelandse adolessente wat in die verlede sosio-polities benadeel was. Sodanige inligting is noodsaaklik vir die konstruering van doeltreffende seksvoorligtingsprogramme binne skole. Die noodsaaklikheid van sulke programme word bevestig deur die siening dat die hoë voorkoms van tienerswangerskappe 'n prioriteitsprobleem is (Barerra, 1981).

4.1.1 Magtiging tot die studie

Aangesien die huidige navorser bekend is met die kommerwekkende toename in tienerswangerskappe op die platteland, is plattelandse hoërskoolleerlinge vir die doel van die studie gebruik. Hoërskole in die Kimberley, Barkly-Wes en Douglas Onderwysgebied is genader om as ondersoekgroep vir die studie te dien. Vir sodanige aksies is die goedkeuring van die Uitvoerende Direkteur van die Noord-Kaap Onderwysdepartement verkry. (Sien Bylae 3.)

4.2 ONDERSOEGROEP

Aangesien die studie hoofsaaklik op die adolessent gerig is, is vier hoërskole uit 'n moontlike ses in die Kimberley Onderwysstreek betrek. Die name van die ses skole is in 'n hoed geplaas waarvan vier skole getrek is. Op hierdie wyse kon elke skool 'n gelyke kans kry om by die ondersoek betrek te word.

Die volgende hoërskole uit dié bepaalde Onderwysstreek is in die studie betrek: Floors Sekondêr (Kimberley), Pescodia Sekondêr (Kimberley), Barkly-Wes Sekondêr (Barkly-Wes) en Wes-Laan Sekondêr (Douglas).

Die ondersoekgroep het Afrikaanssprekende leerlinge vanaf graad 8 tot 11 in die onderskeie skole verteenwoordig. Die ondersoekgroep het 374 graad 8-, 350 graad 9-, 413 graad 10- en 273 graad 11-leerlinge tussen die ouderdomme 12 jaar en 19 jaar ingesluit.

Ongeveer 50 % leerlinge van elke skool is vooraf volgens die graadvlakke ewekansig deur die skoolhoofde en voorligtingonderwysers geselekteer. Vraelyste is in klastyd deur die ondersoekgroepe afgeneem. 'n Totaal van 2000 vraelyste is uitgegee en 1413 is terug ontvang.

4.3 MEETINSTRUMENT

'n Selfontwerpte gestruktureerde vraelys is as navorsingsinstrument gebruik. Die literatuurstudie soos uiteengesit in die voorafgaande hoofstukke is as grondslag vir die konstruering van die vraelys gebruik. Deur die bestudering van die beskikbare en relevante literatuur, is bepaalde breë vraagtemas geïdentifiseer. Die vrae wat in die vraelys vervat word, is op hierdie vraagtemas gegrond. Bestaande vraelyste uit vorige soortgelyke studies is ook vir die doel van die studie benut (Esterhuizen, 1991; Kau, 1988, 1991). Toepaslike vrae is geselekteer, aangepas en as items in die vraelys ingesluit (Sien Bylae 1).

Met die vraelys is gepoog om:

- ◆ die adolessente se kennis ten opsigte van seksualiteit te toets;
- ◆ die adolessente se houdings teenoor seksuele opvattinge en gedrag te bepaal; en
- ◆ die adolessente se houding teenoor die skool en ander instansies se verantwoordelikheid ten opsigte van seksopvoeding te bepaal.

Die vrae in Afdeling A is daarop gerig om die persoonlike besonderhede van die respondente te bekom. Afdeling B bevat vrae wat die adolessent se begrip, houding en gedrag ten opsigte van seksualiteit toets. Afdeling C toets vir die seksuele kennis terwyl Afdeling D die behoefte aan voorligting ten opsigte van seksuele aangeleenthede probeer vasstel.

Die vraelys is as metode van ondersoek gekies omdat dit aan die leerling die geleentheid bied om eerlike response te gee op vrae wat andersins te persoonlik en sensitief is. Die vraelys is 'n eenvoudige en objektiewe meetinstrument om belangrike inligting te bekom (De Wet, Monteith, Steyn & Venter, 1981). Mahlangu (1987) beskou die vraelys as 'n doeltreffende en praktiese metode wat redelik algemeen in opvoedkundige navorsing gebruik word. Dit verleen toegang tot 'n individuele persoon se innerlike en maak dit vir die navorser moontlik om aspekte soos kennis, houdings, sienswyses, voorkeure en afkeure te meet (Mahlangu, 1987).

Die vraelys as ondersoekmetode hou egter voor- sowel as nadele in:

Voordele:

- ◆ Die anonimiteit en vertroulike aard van die vraelys is bevorderlik vir betroubare resultate.
- ◆ Vanweë die feit dat die inligting in die ondersoek sensitief van aard is, bestaan die moontlikheid dat openhartige en eerlike response gegee kan word.
- ◆ Die vraelys is tyd- en kostebesparend.
- ◆ Omdat elke respondent op presies dieselfde vrae of stellings moet antwoord, bestaan daar 'n groot mate van eenvormigheid wat die evaluering vergemaklik (Kemp, 1973).

Nadele:

- ◆ 'n Nadeel van die gestruktureerde vraelys is dat die respondent se werklike antwoorde nie altyd die gegewe lys van moontlike antwoorde is nie (Landman, 1980).
- ◆ Die geldigheid daarvan word moeilik bepaal.
- ◆ Dit is moeilik om vrae sodanig op te stel dat alle respondente dit kan verstaan.

In die konstruksie van die vraelys is daar gebruik gemaak van die geslote- sowel as die oopvormvraagtype. In sommige van die afdelings moes die respondente op 'n vier- of vyfpuntskaal aandui in watter mate hul saamstem / nie saamstem nie, met die stelling wat gemaak word (sien vraelys in Bylae 1).

4.4 LOODSSTUDIE

Na die opstelling van die vraelys is 'n loodsstudie gedoen. Vraelyste is aan kollegas, vriende en 'n aantal hoërskoolleerlinge uit die plaaslike hoërskole in Bloemfontein gegee met die oog daarop om:

- ◆ moontlike tekortkominge te identifiseer en te verbeter;
- ◆ vas te stel of die respondente enige probleme met die afneem van die vraelys sou ondervind; en/of
- ◆ respondente die vraelys binne die bepaalde tydsbestek van 20-30 minute kon voltooi.

Die toepaslike veranderinge is vervolgens aangebring.

4.5 PROSEDURE

Die vraelyste is per hand by die onderskeie skole afgelewer en na voltooiing terug ontvang.

By skole waar die navorser nie self die vraelyste kon afneem nie, is van die hulp van klas- en vakonderwysers en voorligtingonderwysers gebruik gemaak. Om eenvormigheid te verseker en moontlik onduidelikhede by die leerlinge uit te skakel, is die afnemers vooraf van volledige instruksies vir die voltooiing van die vraelyste voorsien. Die afnemers is verder versoek om die vertroulike aard van die vraelys te verseker.

4.6 LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

Die volgende leemtes kon moontlik 'n rol in die ondersoek speel:

Van die leerlinge in die voorafgeselekteerde klasgroepe was met die afneem van die studie óf afwesig óf het laat by die skole opgedaag. Van die beplande 2000 respondente wat aan die ondersoek sou deelneem, was slegs 1413 leerlinge met die afneem van die vraelyste teenwoordig.

In die nuwe demokratiese onderwysbedeling word leerlinge uit verskillende kultuurgroepe in skole geakkommodeer. Dus, waar hierdie ondersoek gemik is op die houdings, kennis en seksuele gedrag van Kleurlingkinders, moet in gedagte gehou word dat 'n klein persentasie respondente uit die swart bevolkingsgroep kom. Dit kon 'n geringe invloed op die resultate gehad het, deurdat nie alle swart leerlinge Afrikaans ewe goed magtig was nie en dus kon sommige van die respondente sekere taalonduidelikhede ervaar het.

Hierdie ondersoek is in sommige skole waar daar 'n dubbeltaalmedium bestaan, slegs met Afrikaanssprekende groepe gedoen. Die insluiting van ander groepe kon moontlik ander resultate opgelewer het.

Hoewel die vraelys anoniem voltooi is, bestaan die moontlikheid dat die sensitiwiteit met betrekking tot die seksuele kwessie van die respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het, wel 'n invloed op die resultate kon hê.

As gevolg van die sensitiwiteit van enkele vrae wat in die vraelys gebruik is, moet daar tog aan die moontlikheid toegegee word dat die vraelys wel dalk nie altyd met volkome eerlikheid beantwoord is nie.

Beperkings op die lengte van die vraelys bring mee dat sekere vrae noodwendig weggelaat moes word wat andersins nog bygevoeg kon gewees het.

4.7 ONTLEDINGSPROSEDURE VAN DATA

Die volgende statistieke is uit die resultate bekom met behulp van die SAS-programmatuur van die rekenaarsentrum van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat:

- ◆ Frekwensietabelle
- ◆ Kruistabelle en Chi-kwadrate

'n CHAID-ontleding van die data is by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) laat doen (Du Toit & Stumpf, 1982).

4.7.1 Beskrywende statistiek

Volgens De Wet et al. (1981) is 'n frekwensietabel 'n duidelike voorstelling van gegroepeerde en werkbare data.

Uit die frekwensietabel kan ook die volgende data verkry word:

- ◆ Waardes: dit dui op die tellings soos wat dit op voltooide vraelyste van die respondente verskyn.
- ◆ Persentasies: dit is die weergawe van die totale aantal response op 'n spesifieke vraag, uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal respondente.
- ◆ Frekwensies: dit is 'n weergawe van die aantal kere wat 'n bepaalde waarde deur die respondente weergegee is.

- ◇ Gemiddelde: die somtotaal gedeel deur die aantal tellings word as die gemiddelde uitgedruk.
- ◇ Mediaan: wanneer al die tellings in stygende volgorde geplaas word, sal die tellings wat in die middel voorkom die mediaan wees (Maas, 1976).
- ◇ Standaardafwyking: dit is die vierkantswortel van die gemiddelde van die kwadrate van die afwykings vanaf die rekenkundige gemiddelde.

'n Frekwensietabel is dus 'n visuele voorstelling van 'n groot hoeveelheid data in 'n verkorte vorm (Du Plooy, 1989).

4.7.2 Kruistabelle en Chi-Kwadrate

Met behulp van die Chi-kwadraat-tegniek word daar gepoog om die verband tussen die veranderlikes te ondersoek en te beskryf (Du Toit, 1975). Vir die doeleindes van hierdie studie is die gekose onafhanklike veranderlike telkens gekruistabelleer met die gekose vrae wat as indikers van die adolessent se kennis, houdings en seksuele gedrag geïdentifiseer is.

Die beduidenheid van die verband word aangedui deur die P-waarde (waarskynlikheidswaarde) wat deur die rekenaarverwerking vrygestel is. Indien $P < 0,05$ bestaan daar 'n beduidende verband tussen die betrokke veranderlikes op die 95 % betroubaarheidspeil (De Wet et al., 1981). 'n Hoogs beduidende verband word aangedui deur $P < 0,01$ op die 99 % betroubaarheidspeil. Die nulhipotese word nie verwerp nie wanneer $P > 0,05$, wat beteken dat daar geen statisties beduidende verbande tussen die betrokke veranderlikes bestaan nie.

4.7.3 CHAID-ontleding

Om die verwantskap tussen veranderlikes van nominale aard te bepaal, is 'n CHAID-ontleding gedoen. Die hoofdoel van hierdie tegniek is om onderliggende strukture in 'n datastel te soek om sodoende interaksies te identifiseer. CHAID is een van 'n aantal sogenaamde AID ("Automatic Interaction Detection") -prosedures waarvolgens interaksies tussen voorspellers, ook

onafhanklike veranderlikes of faktore genoem, dan in regressiedata opgespoor kan word (Du Toit & Stumpf, 1982). Indien die navorser die uitkoms van 'n afhanklike veranderlike wil voorspel op grond van 'n aantal voorspellers, word die resultate van CHAID-ontleding gebruik om 'n dendogram (boomdiagram) op te stel. In hierdie dendogram word die voorspellers wat die meeste van die variansie van die onafhanklike veranderlike verklaar in hiërargiese volgorde georden (Du Toit & Stumpf, 1982).

'n Vereiste vir 'n CHAID-ontleding is dat die datastel wat gebruik word, meer as 500 moet wees. Indien daar 'n nulwaarde, dit wil sê 'n onbeantwoorde vraag, in enige van die datastelle voorkom, kan geen data van die spesifieke stel gebruik word nie. Die aantal kategorieë van 'n spesifieke voorspeller mag nie meer as 10 wees nie. As die getal proefpersone in een spesifieke voorspellerkategorie minder as 50 is, sal die voorspeller nie verder ontleed word nie. Slegs verwantskappe wat beduidend is op 5 % peil word deur hierdie metode geïdentifiseer.

Die datastel voldoen aan die vereistes aangesien die data hoofsaaklik kategorieë van aard is en op gegewens van 1413 leerlinge gebaseer is.

4.8 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is gewy aan die uiteensetting van die empiriese ondersoek en daar is spesifiek aandag geskenk aan die doel en metode van ondersoek, die samestelling van die vraelys, die insameling van die data en die statistiese tegnieke wat gebruik is.

Vanuit die beskrywing van die statistiese prosedure is dit duidelik dat die CHAID-tegniek die aangewese program is om hierdie omvangryke datastel te ontleed en na aanleiding daarvan afleidings en gevolgtrekkings te maak.

Hoofstuk 5 handel oor die navorsingsresultate en interpretasie van die data.

HOOFSTUK 5

NAVORSINGSRESULTATE

5.1 BESKRYWENDE STATISTIEK VAN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES

Vanweë die omvang van die databasis word daar slegs op enkele betekenisvolle veranderlikes gefokus.

Die navorsingsresultate wat na aanleiding van statistiese verwerking verkry is, sal getabelleer en uiteengesit word. Vervolgens word daar in Tabele 5.1 tot 5.11 beskrywende resultate aangebied om die steekproefgroottes van die geselekteerde items op die biografiese veranderlikes aan te dui.

Die frekwensieverspreiding volgens die geslag van die respondente wat die vraelyste beantwoord het, word in Tabel 5.1 weergegee. Dit blyk hieruit dat beide geslagte goed verteenwoordig is.

Tabel 5.1: Frekwensieverspreiding van die geslag van die respondente

GESLAG	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Manlik	701	49,7
Vroulik	710	50,3
TOTAAL	1411	100

Tabel 5.2 verstrek die resultate volgens die ouderdomsgroepe wat aan die studie deelgeneem het.

Tabel 5.2: Frekwensieverspreiding van die ouderdomme van die respondente

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
12 jaar	3	0,2
13 jaar	79	5,6
14 jaar	199	14,1
15 jaar	252	17,8
16 jaar	298	21,1
17 jaar	213	15,1
18 jaar	190	13,5
19 jaar	178	12,6
TOTAAL	1412	100

Die 16-jariges (21,1 %) was die grootste enkele groep in die studie.

In Tabel 5.3 word die resultate volgens die graad van die respondente weergegee waarvolgens dit blyk dat al die betrokke grade ewe goed verteenwoordig is.

Tabel 5.3: Frekwensieverspreiding van die skoolgraad van die respondente

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Graad 8	374	26,5
Graad 9	350	24,8
Graad 10	413	29,3
Graad 11	273	19,4
TOTAAL	1410	100

Die frekwensieverspreiding volgens die huistaal van die respondente word in Tabel 5.4 aangebied. Uit die tabel blyk dit dat die oorgrote meerderheid (97,4 %) respondente Afrikaanssprekend is.

Tabel 5.4: Frekwensieverspreiding van die huistaal van die respondente

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Afrikaans	1369	97,4
Engels	10	0,7
Ander	27	1,9
TOTAAL	1406	100

Tabel 5.5 verstrek die resultate van die kerkverband van die respondente, waaruit dit blyk dat die oorgrote meerderheid, naamlik 80,9 % aan Protestantsverwante genootskappe verbonde is.

Tabel 5.5: Frekwensieverspreiding van die kerkverband van die respondente

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Protestant	501	38,4
Rooms-Katoliek	184	14,1
Pinkster-Protestant	555	42,5
Oosterse godsdienst	34	2,6
Ateïsties	4	0,3
Ander	27	2,1
TOTAAL	305	100

Dit blyk voorts dat slegs 'n klein minderheid (7,7 %) nooit eredienste bywoon nie. (Sien Tabel 5.6.)

Tabel 5.6: Frekwensieverspreiding van die kerkbywoning van die respondente

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Nooit	108	7,7
1 - 2 maal per maand	296	21,2
3 - 4 maal per maand	360	25,2
5 - 6 maal per maand	194	13,9
Meer as 6 maal per maand	439	31,4
TOTAAL	1397	100

Uit Tabel 5.7 blyk dit dat die meeste (59,1 %) van die respondente se ouers tans nog getroud is. Dit volg dus dat 'n persentasie van 40,9 % van die leerlinge uit onvolledige gesinne kom.

Tabel 5.7: Frekwensieverspreiding van die ouers se huwelikstatus

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Getroud	831	59,1
Geskei	148	10,5
Vervreemd	39	2,8
Pa oorlede	143	10,2
Ma oorlede	34	2,4
Nooit getroud	212	15,1
TOTAAL	1407	100

Tabel 5.8 toon dat die meeste respondente (49 %) aangedui het dat hulle by beide ouers bly.

Tabel 5.8: Frekwensieverspreiding van die persone by wie die respondente bly

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Beide ouers	681	49,0
Een ouer/ma	346	24,9
Een ouer/pa	21	1,5
Grootouers	193	13,9
Familie	136	9,8
Ander	14	1,0
TOTAAL	1391	100

Tabel 5.9 gee die resultate van die opvoedkundige kwalifikasie van die respondent se vader weer.

Tabel 5.9: Frekwensieverspreiding van die vader se opvoedkundige kwalifikasies

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Graad 7 en laer	239	17,1
Graad 8	147	10,5
Graad 9	110	7,9
Graad 10	152	10,9
Graad 11	94	6,7
Graad 12	147	10,5
Diploma	37	2,6
Graad	26	1,9
Onbekend	442	31,6
Ander	3	1,0
TOTAAL	1397	100

Uit die gegewens van Tabel 5.9 blyk dit dat slegs 'n klein persentasie vaders (4,5 %) naskoolse opleiding ontvang het. Die algemene opvoedingspeil is ook relatief laag.

Tabel 5.10 verstrek die resultate van die respondent se moeder se kwalifikasies. Soos die geval met die vaders blyk dit dat die moeder se algemene vlak van opleiding ook laag is. Slegs 17,7 % het kwalifikasies bo graad 10.

Tabel 5.10: Frekwensieverspreiding van die moeder se opvoedkundige kwalifikasies

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Graad 7 en laer	300	21,5
Graad 8	206	14,8
Graad 9	127	9,1
Graad 10	200	14,3
Graad 11	107	7,7
Graad 12	89	6,4
Diploma	28	2,0
Graad	22	1,6
Onbekend	312	22,3
Ander	5	0,4
TOTAAL	1396	100

Tabel 5.11 verstrek die resultate volgens die gesamentlike gesinsinkomste per maand, waaruit dit blyk dat slegs 18,1 % respondente met sekerheid kon aandui dat die gesinsinkomste bo R1000 per maand was.

Tabel 5.11: Frekwensieverspreiding van gesamentlike gesinsinkomste per maand.

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Minder as R100	49	3,5
R 100 - R 500	246	17,5
R 500 - R1,000	319	22,7
R1,000 - R6,000	230	16,3
Meer as R6,000	26	1,8
Weet nie	537	38,2
TOTAAL	1407	100

5.2 BESKRYWING VAN DATA TEN OPSIGTE VAN GESELEKTEERDE ITEMS OP DIE VRAELYS

In hierdie afdeling word daar gepoog om deur middel van tabelle en figure die resultate op geselekteerde items van die empiriese studie weer te gee. In Tabel 5.12 en Tabel 5.13 word die persepsies van die invloede van persone en instansies op die respondente se houding teenoor voorhuwelikse geslagsgemeenskap aangedui. Tabel 5.12 dui die respondent se mening omtrent die houding van instansies/instellings teenoor die toelaatbaarheid van seks voor die huwelik aan. Daar word sewe veranderlikes verstrekk en die respondent kon 'n keuse op 'n vyfpuntskaal uitoefen. Dieselfde vyfpuntskaal is ook by Tabel 5.13 gebruik en sal ook verder in die bespreking genoem word. By die vertolking van die resultate in Tabel 5.12 sal daar na die eerste drie kategorieë gekyk word, naamlik keur dit sterk af / keur dit redelik af / keur dit af.

Tabel 5.12: Die persepsies van invloedryke persone, instansies of instellings se houding oor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsomgang

INTANSIE/ INSTELLING	KEUR DIT STERK AF	KEUR DIT REDELIK AF	KEUR DIT AF	KEUR DIT GOED	WEET NIE	VERMISTE WAARDES	TOTAAL
Kerk	739	130	141	65	321	16	1395
	52,9	9,3	10,1	4,7	23,0		100
Skool	457	311	283	77	267	17	1395
	37,8	22,3	20,3	5,5	19,1		
Ouers	646	209	241	97	200	19	1393
	46,4	15,0	17,3	7,0	14,4		100
Portuurgroep	149	129	184	602	324	24	1388
	10,7	9,3	13,3	43,4	23,3		100
TV	132	194	236	518	311	21	1391
	9,5	13,9	17,0	37,2	27,4		100
Tydskrifte	150	193	249	468	331	21	1391
	10,8	13,9	17,9	33,6	23,8		100
Fliëks	102	97	131	722	348	17	1395
	7,3	7,0	9,4	51,8	24,6		100

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypersentasie.

Uit Tabel 5.12 blyk dit dat 'n oorgrote meerderheid (80,4 %) respondente saamstem dat die skool voorhuwelikse geslagsgemeenskap afkeur. Dit wil ook voorkom asof die kerk, skool en ouers waargeneem word as sterk gekant teen voorhuwelikse geslagsomgang. Daarenteen lyk dit asof die portuurgroep, TV, tydskrifte en flieks meer akkommoderend daarteenoor is.

Tabel 5.13 gee die resultate van die mate van invloed wat sosiale instansies/instellings op die meningsvorming van die respondente ten opsigte van die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsgemeenskap weer. By die vertolking van die data word daar gelet op die eerste twee kategorieë, naamlik baie en redelik. Tabel 5.13 toon aan dat 'n groot groep (55,4 %) respondente se menings sterk deur die houding van ouers beïnvloed word.

Tabel 5.13: Invloed van instansies/instellings op die meningsvorming ten opsigte van die respondent oor toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsgemeenskap


INSTANSIE/ INSTELLING	BAIE	REDELIK	MIN	ONSEKER	GLAD NIE	VERMISTE WAARDE	TOTAAL
Kerk	537	184	130	221	325	15	1397
	38,4	13,2	9,3	15,8	23,3		100
Skool	376	364	216	186	249	21	1391
	27,0	26,4	15,5	13,4	17,9		100
Ouers	578	184	147	165	302	36	1376
	42,0	13,4	10,7	12,0	21,9		100
Portuurgroep	320	233	340	230	262	27	1385
	23,1	16,8	24,6	16,6	18,9		100
TV	315	230	283	258	197	29	1383
	22,8	23,9	20,5	18,7	14,2		100
Tydskrifte	306	285	293	272	229	27	1385
	22,1	20,6	21,3	19,6	16,5		100
Flieks	351	18,8	225	320	302	26	1386
	25,3	13,6	16,2	23,1	21,8		100

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypersentasie.

Uit tabelle 5.12 en 5.13 blyk dit dus dat die kerk, skool en ouers waargeneem

word as oorwegend gekant teen voorhuwelikse geslagsgemeenskap en terselfdertyd aangedui word as persone of instansies wat 'n sterk invloed op die respondente uitoefen. Volgens die literatuurstudie blyk dit dat die kerk (vgl 3.5.5), die ouers (vgl 3.7.1.) en skool (vgl 3.7.4) 'n sterk invloed op die kinders se gedrag en houdings het.

Figuur 5.1 verskaf die respondente se menings oor of seks voor die huwelik verkeerd is, al dan nie. Uit hierdie figuur wil dit blyk dat 'n groot groep (60,6 %) respondente meen dat seks voor die huwelik verkeerd is.



Figuur 5.1: Staafdiagram van die respons op die vraag: Is seks voor die huwelik verkeerd?

N = 1397

In Tabel 5.14 word die resultate op die vraag of die respondent al geslagsomgang gehad het, al dan nie, aangebied. 'n Groot proporsie (64,9 %) van die respondente het aangetoon dat hulle nog nie geslagsomgang gehad het nie.

Tabel 5.14: Frekwensieverspreiding van die response op die vraag of die respondent al geslagsomgang gehad het

	FREKWENSIE	PERSENTASIE
Ja	501	35,9
Nee	896	64,9
Vermiste waardes	14	-
TOTAAL	1397	100

Tabel 5.15 verstrek die ouderdomme by die eerste geslagsomgang van diegene wat te kenne gegee het dat hulle reeds geslagsomgang gehad het. Dit wil hieruit voorkom asof diegene wat reeds geslagsomgang gehad het, dit reeds op 'n relatief vroeë ouderdom beoefen het.

Tabel 5.15: Ouderdom by die eerste geslagsomgang

OUDERDOM	FREKWENSIE	PERSENTASIE
11 jaar en jonger	80	11,71
12 jaar	7	10,54
13 jaar	43	6,29
14 jaar	80	11,71
15 jaar	82	12,00
16 jaar	85	12,45
17 jaar	47	6,88
18 jaar	34	4,9
19 jaar	16	2,3
Vermiste waardes	114	-
TOTAAL	539	100

Ofskoon die respondente in Tabel 5.14 aangedui het dat 'n totaal van 501 reeds geslagsomgang gehad het, blyk dit uit Tabel 5.15 dat 'n totaal van 539 van die respondente, in hul onderskeie ouderdomsgroepe, te kenne gegee het dat hulle reeds geslagsomgang gehad het. Dit is dus moontlik dat hulle die vraelys onakkuraat voltooi het wat die betrokke vraag betref (sien Bylae 2, vraag 19), of dat hulle eerliker was met die beantwoording van 'n meer indirekte vraag (sien Bylae 2, vraag 20).

In Tabel 5.16 word die mening van die respondente oor die gebruik van kontrasepsie weergee. 'n Groot groep (58,3 %) respondente dui aan dat hul ouers glad nog nie met hulle oor kontrasepsie gepraat nie.

Tabel 5.16: Houdings en ervarings omtrent die gebruik van kontrasepsie

FREKWENSIE / RY %	WAAR	VALS	WEET NIE	TOTAAL
My ouers praat nie met my oor kontraseptiewe metodes nie	810 58,3	477 34,3	103 7,4	1390 100
As ek kontrasepsie sou gebruik, sal ek verkies dat my ouers dit nie uitvind nie	603 43,4	514 37,0	272 19,6	1389 100
My ouers moedig my aan om kontrasepsie te gebruik	244 17,6	937 67,6	206 14,9	1388 100
Dit is die verantwoordelikheid van 'n meisie om toe te sien dat sy kontrasepsie tydens of voor geslagsomgang gebruik	717 51,5	280 20,1	394 28,3	1391 100
Die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik is verkeerd	565 42,7	421 30,6	396 28,7	1378 100

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die ryprosentasie.

Tabel 5.17 gee die respondente se houding en mening oor die oorsake van ongewenste swangerskappe weer. 'n Groot proporsie (78,3 %) respondente is van mening dat swangerskap die gevolg is van seuns en dogters wat te vroeg seksueel aktief is. Dit blyk verder dat die respondente meer seksvoorligting van hul ouers en die skool verwag.

Tabel 5.17: Respondente se houding/mening oor aanleidende algemene oorsake van ongewenste swangerskappe

OORSAKE	STEM STERK SAAM	STEM REDELIK SAAM	ON- SEKER	STEM NIE SAAM	VERMISTE WAARDES	TOTAAL
Onkunde oor Voorbehoedmiddels	418 30,2	240 17,3	527 38,1	200 14,4	27	1385 100
Ouers versuim hulle pligte tov seksvoorligting	500 35,8	347 24,8	383 27,4	167 12,0	15	1397 100
Leerlinge is hedendaags te vroeg seksueel aktief	729 52,3	363 26,0	203 14,6	100 7,2	17	1395 100
Onstabile verhoudings tussen ouers en kinders	373 26,8	347 25,0	501 36,0	169 12,2	22	1390 100
Gebrek aan seksvoor- ligting by skole	438 31,5	292 21,0	340 24,5	319 23,0	23	1389 100
'n Seksuele aktiewe vriendekring	375 27,1	296 21,4	479 34,6	236 17,0	26	1386 100
Druk van vriende tot seksuele verkeer	357 25,6	311 22,3	423 30,4	302 21,7	19	1393 100
Onvermoë om geslags- drifte (drange) te beheer	288 16,4	227 16,3	704 50,6	233 16,7	20	1392 100
Gebrekkige finansies	161 11,7	186 13,5	689 50,1	346 24,7	36	1376 100
Onsekerheid oor die Toekoms	250 18,2	230 16,7	531 38,6	366 26,6	35	1377 100

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie.

Wanneer die response "stem sterk saam" en "stem redelik saam" gekombineer word, word die waargenome aanleidende oorsake van ongewenste swangerskappe soos weergegee in Tabel 5.18 geprioritiseer.

Tabel 5.18: Lys van die waargenome oorsake van ongewenste swangerskappe

PRIORITEITSTABEL	%
1. Seuns en dogters is hedendaags te vroeg seksueel aktief	78,3
2. Ouers versuim hulle pligte tov seksvoorligting	60,6
3. Gebrek aan seksvoorligting by skole	52,5
4. Onstabile verhoudings tussen ouers en kinders	51,8
5. 'n Seksueel aktiewe vriendekring	48,5
6. Druk van vriende tot seksuele verkeer	47,9
7. Onkunde oor voorbehoedmiddels	47,5
8. Onsekerheid oor die toekoms	34,9
9. Onvermoë om geslagsdripte te hanteer	32,7
10. Gebrekkige finansies	25,2

Tabel 5.19 gee respondente se seksuele kennis en houding teenoor die gebruik van kontrasepsie weer.


Tabel 5.19: Frekwensieverspreiding ten opsigte van die respondente se seksuele kennis en houdings

	WAAR	VALS	ONSEKER	VERMISTE WAARDES	TOTAAL
'n Meisie kan nie swanger raak van een seksuele kontak nie	292 20,9	713 50,9	359 28,2	12	1400 100
'n Meisie kan swanger raak sonder dat sy seks gehad het	124 8,9	969 69,5	301 21,6	18	1394 100
Voorbehoedmiddels meng in met die genot van seks	468 33,5	238 17,1	689 49,4	17	1395 100
Net "sissies" gebruik voorbehoed- middels voor of tydens die seksdaad	244 17,4	719 51,4	437 31,2	12	1400 100

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypersentasie.

Volgens Tabel 5.19 het 'n groot groep (69,5 %) respondente aangetoon dat 'n meisie nie kan swanger raak sonder dat sy seks gehad het nie, terwyl 51,4 % van die respondente van mening is dat nie net "sissies" (bang seuns/dogters) kontrasepsie voor of tydens die seksdaad gebruik nie. Dit dui dus op 'n redelike vlak van kennis.

In Figuur 5.2 word die bronne waar die respondente inligting omtrent seksuele omgang en voorbehoedmiddels verkry, aangebied, waaruit dit blyk dat die meerderheid van die respondente hul inligting omtrent seksuele omgang en kontrasepsie van vriende bekom het.




Figuur 5.2 : Staafdiagram van bronne waar inligting omtrent seksuele aspekte bekom word.

N = 1389

Sleutel:

- 1 = Vriende
- 2 = Ouers
- 3 = Boeke
- 4 = Media (TV/Radio)
- 5 = Voorligtingonderwyser
- 6 = Verpleegster


Figuur 5.3 gee die aanbiedingsvorme van geslagsopvoeding volgens die keuse van die respondente weer. 'n Groot proporsie (55,5 %) respondente verkies dat geslagsopvoedingsprogramme in groepsbesprekings aangebied moet word.



Figuur 5.3: Staafdiagram van die aanbiedingsvorme van geslagsvoorligting

N = 1397

'n Oorweldigende meerderheid (95 %) respondente het aangetoon dat hulle verkies dat geslagsopvoedingsprogramme deur dokters aangebied moet word. Figuur 5.4 gee hierdie mening van die respondente weer. Dit blyk dat die respondente 'n groot behoefte aan spesialiteitskennis toon.



Figuur 5.4: Staafdiagram van die frekwensieverspreiding oor die voorkeure van die respondente in verband met die aanbieding van geslagsvoorligting

N = 1364

Sleutel:


- 1 = Ouers
- 2 = Skool
- 3 = Verpleegsters
- 4 = Gesinsbeplanningskliniek
- 5 = Maatskaplike werkster
- 6 = Dokters

5.3 BELANGRIKE VERBANDE

In hierdie afdeling sal daar van die Chi-kwadraattechniek (kruistabelle) gebruik gemaak word om te bepaal of daar enige verband bestaan tussen die response wat die leerlinge gegee het op die vrae in die vraelys. Vanweë die omvang van die databasis word daar slegs op enkele betekenisvolle veranderlikes gefokus.

Geïdentifiseerde onafhanklike veranderlikes word gekruistabelleer met gekose vrae wat as die afhanklike veranderlikes geïdentifiseer is. 'n Uiteensetting van die tabelle en figure en Chi-kwadrate (χ^2) volg wat bespreek sal word ten einde gevolgtrekkings en afleidings te staaf. Die resultate vervat in Figure 5.5, 5.6 en Tabel 5.24 het deurgaans betrekking op response op 'n vyfpuntskaal.

In die Figuur 5.5 word die resultate van die Chi-kwadraattoets om te bepaal of daar 'n verband tussen geslag en die respondente se mening van die begrip seksualiteit bestaan, aangebied. In vergelyking met die dogters (32,98 %) toon 'n baie groter proporsie (67,11 %) seuns dat die begrip seksualiteit op die bevrediging van die geslagsdrif dui.



Figuur 5.5: Staafdiagram van die response op die vraag of die begrip seksualiteit aanduidend van die bevrediging van die geslagsdrif is


N = 1392

Sleutel :

1. Stem beslis saam
2. Stem saam
3. - Onseker
4. Stem nie saam
5. Stem beslis nie saam

Die berekende Chi-kwadraatwaarde vir hierdie veranderlike was 70,442 met 4 vryheidsgrade. Hierdie waarde was beduidend op die 1 %-peil. Dit blyk dus dat seuns en dogters beduidend verskil in hul mening dat die begrip seksualiteit na die bevrediging van die geslagsdrif verwys.

Figuur 5.6 verstrek die resultate van die Chi-kwadraattoets tussen geslag en die mening van die respondente teenoor die begrip seksualiteit wat op geslagtelikheid dui.



Figuur 5.6: Staafdiagram van die response op die vraag of die begrip seksualiteit na geslagtelikheid (met ander woorde manlikheid/vroulikheid) verwys

N = 1392

Sleutel :

1. Stem beslis saam
2. Stem saam
3. Onseker
4. Stem nie saam
5. Stem beslis nie saam

Die berekende Chi-kwadraatwaarde vir hierdie veranderlike was 11,608 met 4 vryheidsgrade. Hierdie waarde was beduidend op minstens die 5 %-peil. Daar was 'n verskil tussen seuns en dogters se antwoorde op die vraag of seksualiteit

na geslagtelik verwys, alhoewel geen duidelike patroon tussen seuns en dogters se menings vasgestel kon word nie.

Tabel 5.20 gee die resultate van die Chi-kwadraattoets tussen geslag en die begrip seks as 'n fisiese ervaring weer. In vergelyking met die dogters (36,73 %) het 'n groter proporsie seuns (63,21 %) beslis saamgestem dat die begrip seks op 'n fisiese ervaring dui.

Tabel 5.20: Kruistabulering van geslag met die begrip seks as verwysend na 'n fisiese ervaring

GESLAG	STEM BESLIS SAAM	STEM SAAM	ONSEKER	STEM NIE SAAM	STEM BESLIS NIE SAAM	RY- TOTAAL
Seuns	93 13,8	161 23,9	318 47,3	76 11,3	25 3,7	673 50,07
Dogters	54 8,1	90 13,4	398 59,3	73 10,9	56 8,3	671 49,93
Kolom- totaal	147 10,94	251 18,68	716 53,27	149 11,09	81 6,03	1344 100,00

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie, uitgesluit die selle in die ry totaal.

Die berekende Chi-kwadraatwaarde vir hierdie veranderlike was 51,291 met 4 vryheidsgrade. Hierdie waarde was beduidend op die 1 %-peil. Hiervolgens blyk dit dat seuns en dogters aansienlik verskil in hul mening of seks 'n fisiese ervaring is. Die seuns beskou dit eerder as 'n fisiese ervaring as die dogters.

Tabel 5.21 verstrek die resultate van die Chi-kwadraattoets oor die mate waartoe die respondent beïnvloed word deur die ouers se houding teenoor die toelaatbaarheid van seks voor die huwelik, gekruistabuleer met hulle ouers se

huwelikstatus. 'n Groot proporsie (61,24 %) respondente wie se ouers getroud is, het aangetoon dat hulle sterk deur hul ouers se houding beïnvloed word. Uit die literatuurstudie (vgl 3.7.1) blyk dit ook dat die huwelikstatus van die ouers 'n effek het op die soort rolmodel wat die ouers aan die kinders voorhou.

Tabel 5.21: Kruistabulering van die invloed van die ouers op die respondent se meningsvorming oor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsomgang met die ouers se huwelikstatus

INVLOED VAN DIE OUERS	HUWELIKSTATUS VAN OUERS		RYTOTAAL
	GETROUD	GESKEI	
Baie	346	57	403
	85,86	14,14	43,24
Redelik	103	19	122
	84,43	15,57	13,09
Min	80	10	90
	88,89	11,11	9,65
Onseker	82	17	99
	82,83	17,17	10,62
Glad nie	184	34	218
	84,40	15,60	23,40
Kolomtotaal.	795	137	932
	85,30	14,70	100

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie, uitgesluit die selle in die ry totaal.

Die berekende Chi-kwadraatwaarde vir hierdie veranderlike was 28,378 met 4 vryheidsgrade. Hierdie waarde was beduidend op die 5 %-peil. Dit lyk asof die ouers wat getroud is, 'n beduidende invloed op die meningsvorming van die respondente gehad het.

Uit die resultate van die ondersoek na die verband tussen of die respondent al geslagsomgang gehad het en hul mening of seks voor die huwelik verkeerd is, is daar ook 'n hoogs beduidende verband gevind. Die resultate word in Tabel 5.22 weergee.

Tabel 5.22: Kruistabulering van die respons op die vraag of die respondent al geslagsomgang gehad het en sy/haar mening of seks voor die huwelik verkeerd is

HET JY AL GESLAGSOMGANG GEHAD?	IS SEKS VOOR DIE HUWELIK VERKEERD?			RYTOTAAL
	JA	ONSEKER	NEE	
Ja	212 43,6	91 18,7	183 37,7	486 35,92
Nee	612 70,59	132 15,22	123 14,19	867 64,08
Kolomtotaal	824 60,90	223 16,48	306 22,62	1353 100,00

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie, uitgesluit die selle in die rytotaal.

Die berekende Chi-kwadraatwaarde vir hierdie veranderlikes was 115,335 met 2 vryheidsgrade. Hierdie waarde was hoogs beduidend op die 1 %-peil. 'n Groot proporsie (70,59 %) van die respondente wat aangetoon het dat seks voor die huwelik verkeerd is, het nog nie geslagsomgang gehad nie.

In Tabel 5.23 word die resultate van die ondersoek na die verband tussen die respondente se geslag en hulle seksuele houdings teenoor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsgemeenskap aangebied. Hieruit blyk dit dat in

vergelyking met die seuns (40,04 %) 'n baie groter proporsie dogters (76,38 %) meen dat die beoefening van voorhuwelikse geslagsgemeenskap verkeerd is.

Tabel 5.23: Kruistabulering van die respondente se geslag en hulle seksuele houdings teenoor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsgemeenskap

GESLAG	IS SEKS VOOR DIE HUWELIK VERKEERD?			RYTOTAAL
	JA	ONSEKER	NEE	
Seuns	304 45,04	135 20,00	236 34,96	675 49,45
Dogters	527 76,38	90 13,04	73 10,58	690 50,55
Kolomtotaal	831 60,88	255 16,48	309 22,64	1365 100,00

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie, uitgesonderd die selle in die ry- en kolomtotale.

Die berekende Chi-kwadraatwaarde vir hierdie veranderlike was 154,680 met 2 vryheidsgrade. Hierdie waarde was beduidend op die 1 %-peil. Dit blyk dus dat meer dogters voorhuwelikse geslagsgemeenskap as verkeerd beskou, as wat die geval met seuns is.

In Tabel 5.24 word die resultate van die Chi-kwadraattoetse tussen die respondente se ouers se huwelikstatus en hul response op die vraag of hul al geslagsomgang gehad het, aangebied. Hieruit blyk dit dat 65,63 % respondente wie se moeders oorlede is, aangetoon het dat hulle wel al geslagsomgang gehad het (sien Tabel 5.24).

Tabel 5.24: Kruistabulering tussen die respondente se ouers se huwelikstatus en hul response op die vraag of hulle al geslagsomgang gehad het

HUWELIKSTATUS	HET JY AL GESLAGSOMGANG GEHAD?		RYTOTAAL
	JA	NEE	
Getroud	279 34,11	539 65,89	818 59,32
Geskei	61 42,66	82 57,34	134 10,37
Vervreemd	7 17,95	32 82,05	39 2,83
Pa oorlede	45 32,37	94 67,63	139 10,08
Ma oorlede	21 65,63	11 34,38	32 2,32
Nooit getroud	84 40,38	124 59,62	208 15,08
Kolomtotaal	497 36,04	882 63,96	1379 100,00

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie, uitgesonder die selle in die rytotaal.

Die berekende Chi-kwadraatwaarde vir hierdie veranderlike was 24,243 met 5 vryheidsgrade. Hierdie waarde was beduidend op die 1 %-peil. Dit wil dus blyk dat die afwesigheid van moeders adolessente dogters meer kwesbaar laat om in seksuele aktiwiteite betrokke te raak.

Uit die literatuurstudie (vgl 3.2.1) blyk dit dat adolessente met 'n sterker godsdiensorientasie minder geneig is tot seksuele aktiwiteite. Die resultate van die verband tussen die respondente se kerkbywoning en hulle response op die

vraag of hulle al geslagsomgang gehad het, word in tabel 5.25 aangebied. Hiervolgens blyk dit dat 'n effens groter persentasie van die respondente wat aangedui het dat hulle nooit eredienste bywoon nie (58,42 %) reeds seksuele omgang gehad het, terwyl 'n groter proporsie (71,82 %) respondente wat gereeld eredienste bywoon, nog nie geslagsomgang gehad het nie.

Tabel 5.25: Kruistabulering van die kerkbywoning van respondente en hulle respons op die vraag of hulle al geslagsomgang gehad het.

KERKBYWONING	HET JY AL GESLAGSOMGANG GEHAD?		RYTOTAAL
	JA	NEE	
Nooit	59 58,42	42 41,58	101 7,38
1 - 2 maal per maand	135 46,08	158 53,92	293 21,40
3 - 4 maal per maand	110 31,25	242 68,75	352 25,71
5 - 6 maal per maand	68 35,79	122 64,21	190 13,88
Meer as 6 maal per maand	122 28,18	311 71,82	433 31,63
Kolomtotaal	494 36,08	875 63,92	1369 100,00

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie, uitgesonderd die selle in die rytotaal.

Die berekende Chi-kwadraatwaarde was 49,836 met 4 vryheidsgrade. Hierdie waarde was beduidend op die 1 %-peil. Dit blyk dus dat gereelde kerkbywoning positief met die respondente se weerhouding van seksuele aktiwiteite korreleer.

Vervolgens word die resultate van die kruistabulering tussen die invloed van die portuurgroep en die respondente se mening oor hoeveel van hul vriende hulle reeds geslagsomgang gehad het in Tabel 5.26 aangebied.

Tabel 5.26: Die mate van invloed deur die portuurgroep en die respondente se menings oor hoeveel van hul vriende reeds geslagsomgang gehad het

INVLOED VAN DIE PORTUURGROEP	HOEWEELE VRIENDE HET REEDS GESLAGSOMGANG GEHAD?					RYTOTAAL
	ALMAL	DIE MEESTE	DIE HELFTE	SOMMIGE	NIEMAND	
Baie	42 17,5	33 13,75	20 8,33	86 35,83	59 24,58	240 23,98
Redelik	20 11,24	24 13,48	13 7,30	72 40,45	49 27,53	178 17,78
Min	18 6,95	32 12,36	35 13,51	100 38,61	74 28,57	259 25,87
Onseker	14 11,11	23 18,25	13 10,32	43 34,13	33 26,19	126 12,59
Glad nie	29 14,65	33 16,67	10 5,05	68 34,34	58 29,29	198 19,78
Kolomtotaal	123 12,3	145 14,9	91 8,9	369 36,67	273 27,23	1001 100,00

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie, uitgesonderd die selle in die rytotaal.

Die berekende Chi-kwadraatwaarde vir hierdie veranderlikes was 72,262 met 20 vryheidsgrade. Hierdie waarde was op die 1 %-peil beduidend. Hieruit blyk dit dat die mate van portuurinvloed sterk met die respondente se seksuele gedrag korreleer. Die dinamika van hierdie verband kan egter nie sonder meer uit die resultate afgelei word nie.

In tabel 5.27 word die resultate aangebied van die Chi-kwadraattoets om te bepaal of daar 'n verband tussen die respondente se ouderdom en hul kennis van kontrasepsie bestaan.

Tabel 5.27: Kruistabulering van respondente se ouderdom met hul mening oor die hoeveelheid kennis van kontrasepsie waaroor hulle beskik

OUDERDOM	BESKIK JY OOR GENOEG KENNIS VAN KONTRASEPSIE?			RYTOTAAL
	JA	ONSEKER	NEE	
12 & 13 jaar	14 17,07	42 5,22	26 31,71	82 5,87
14 jaar	29 14,80	91 46,43	76 38,78	196 14,02
15 jaar	50 20,00	99 39,60	101 40,40	250 17,88
16 jaar	55 18,58	111 37,50	130 43,92	296 21,17
17 jaar	49 23,22	72 34,12	90 42,65	211 15,09
18 jaar	41 22,04	66 35,48	79 42,47	186 13,30
19 jaar	46 25,99	58 32,77	73 41,24	177 12,66
Kolomtotaal	284 20,31	539 38,56	575 41,13	1398 100,00

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie, uitgesonderd die selle in die rytotaal.

Die berekende waarde vir die veranderlikes was 20,384 met 12 vryheidsgrade. Hierdie waarde is nie beduidend op minstens die 5 %-peil nie. Dit blyk dus dat daar nie 'n verband tussen kennis van kontrasepsie en ouderdom is nie. Dit is verbasend, aangesien die teendeel verwag sou word. In hierdie ondersoek het selfs die 19-jariges nie 'n aanduiding van genoegsame kennis gegee nie.

Uit die resultate van die ondersoek na die verband tussen respondente se kennis van kontrasepsie en hul vlak van opvoeding (graad), is daar 'n hoogs beduidende verband gevind. Die resultate word in Tabel 5.28 weergee.

Tabel 5.28: Kruistabulering van die respondent se kennis van kontrasepsie en sy/haar vlak van opvoeding

VLAK VAN OPVOEDING	BESKIK JY OOR GENOEG KENNIS VAN KONTRASEPSIE?			RYTOTAAL
	JA	ONSEKER	NEE	
Graad 8	64 17,30	181 48,92	125 33,78	370 26,50
Graad 9	76 21,78	140 40,11	133 38,11	349 25,00
Graad 10	86 21,13	142 34,89	179 43,98	407 29,15
Graad 11	57 21,11	76 28,15	137 50,74	270 19,34
Kolomtotaal	283 20,27	539 38,61	574 41,12	1396 100,00

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie, uitgesonderd die selle in die rytotaal.

Die berekende Chi-kwadraatwaarde vir die veranderlikes was 34,249 met 6 vryheidsgrade. Hierdie waarde was hoogs beduidend op die 1 %-peil. Dit blyk dus dat daar 'n statisties beduidende verband gevind kon word tussen die respondente se kennis van kontrasepsie en hul vlak van opvoeding. Die resultate lê 'n betekenisvolle bevinding bloot: Dit wil voorkom asof die respondente namate hulle ouer word toenemend beseft dat hulle oor ontoereikende kennisvlakke beskik. Daarom is dit dat 50,74 % van die graad 11-leerlinge te kenne gee dat hulle te min van kontrasepsie weet, teenoor 33,78 % van die graad 8-leerlinge.

Vervolgens word die resultate van die kruistabulering tussen die geslag van die respondent en sy/haar houding teenoor die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik in Tabel 5.29 aangebied. Uit die resultate van die ondersoek blyk dit dat daar 'n hoogs beduidende verband tussen die veranderlikes gevind kon word. 'n Groter proporsie dogters (45,35 %) meen dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik verkeerd is.

Tabel 5.29: Kruistabulering van geslag en die respondent se houding teenoor die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik

GESLAG	DIE GEBRUIK VAN KONTRASEPSIE VOOR DIE HUWELIK IS VERKEERD			RYTOTAAL
	WAAR	ONSEKER	VALS	
Seuns	248 35,99	203 29,46	238 34,54	689 50,04
Dogters	312 45,35	193 28,05	183 26,60	688 49,96
Kolomtotaal	560 40,67	396 28,76	421 30,57	1377 100,00

Nota: Die boonste waarde in elke sel dui op die frekwensie en die onderste waarde op die rypercentasie, uitgesonderd die selle in die rytotaal.

Die berekende Chi-kwadraatwaarde vir die veranderlikes was 14,751 met 2 vryheidsgrade. Hierdie waarde was beduidend op die 1 %-peil. Dit blyk dat seuns in die ondersoek meer ten gunste is van die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik as wat die geval met die dogters is.

5.4 RESULTATE VAN DIE CHAID-ONTLEDINGS

5.4.1 Frekwensietabelle

Die resultate wat gebruik word, word in Bylae 2 gerapporteer. Na aanleiding van die literatuurstudie is slegs sekere items geselekteer. Vanweë die omvang van die resultate word daar gefokus op die sentrale tema, naamlik die kwessie van leerlinge se houdings, gedrag en kennis rakende seksualiteit.

5.5 CHAID-ONTLEDINGS

Aangesien drie afhanklike veranderlikes ter sprake is, is drie afsonderlike CHAID's gedoen - elke keer met 'n ander afhanklike veranderlike. Op enkele uitsonderings na is dieselfde onafhanklike veranderlikes by die drie CHAID's betrek ten einde bepaalde gedrags-, houdings- en kennispatrone van die leerlinge te probeer blootlê.

Die CHAID-resultate kan deur middel van 'n dendogram voorgestel word. Tydens die toepassing van 'n CHAID-ontleding, word die waarde van die Chi-kwadraattoetsgrootte vir onafhanklikheid vir die kruisklassifikasie van die kategorieë van die afhanklike veranderlike met dié van die onafhanklike veranderlikes in isolasie bereken. Op hierdie wyse word die onafhanklike veranderlikes wat die sterkste assosiasie (statisties betekenisvol op minstens die 5 %-peil) met die afhanklike veranderlike toon, geïdentifiseer.

Die onafhanklike veranderlikes wat die afhanklike veranderlike die sterkste beïnvloed, vorm dan die sogenaamde eerste subgroeplak (in Figuur 5.7 is dit *geslag*). Die volgende groep onafhanklike veranderlike(s) vorm dan die tweede subgroeplak. Hierdie proses word herhaal totdat die assosiasies tussen die onafhanklike en afhanklike veranderlikes nie meer statisties betekenisvol is nie of totdat die groepe te klein word om enige sinvolle afleidings te maak.

Die CHAID-ontledings word nou vir die drie afhanklike veranderlikes afsonderlik gegee en bespreek.

5.6 HOUDING TENOOR VOORHUWELIKSE SEKSUELE ONGANG


In Figuur 5.7 word die CHAID-resultate ten opsigte van die ondersoekgroep se **houding teenoor voorhuwelikse seksuele omgang** deur middel van 'n dendogram voorgestel. Ten einde inligting oor die ondersoekgroep se houding hieroor te verkry, is die data van vraag 16 (*Dink jy die beoefening van seks voor die huwelik is verkeerd?*) hiervoor gebruik. Volgens dié vraag, kan die leerlinge se response in drie kategorieë verdeel word, naamlik (1) *daarteen*, (2) *daarvoor* of (3) *onseker*. In Figuur 5.7 toon die boonste syfer in die blokkie (1) op die persentasie leerlinge wat *ja* geantwoord het, die middelste syfer (2) op die persentasie leerlinge wat *nee* en die onderste syfer (3) op die persentasie leerlinge wat *onseker* geantwoord het. Dit geld vir al die blokkies op elke subgroeplak. Figuur 5.7 word meer volledig in Figuur 5.8 en 5.9 uiteengesit.

In Figuur 5.8 word byvoorbeeld 'n meer volledige uiteensetting ter toeligting van die linkerkant van Figuur 5.7 (ten opsigte van die seuns) verstrek. Hierdie tabel word kernagtig aan die einde van die bespreking van die laaste subvlak van die dendogram weergegee.

5.6.1 Eerstevlaksubgroepe

Uit Figuur 5.7 is dit duidelik dat die leerlinge se **geslag** as die vernaamste onafhanklike veranderlike geïdentifiseer is, wat die sterkste assosiasie met hulle houding teenoor voorhuwelikse seksuele omgang toon. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in twee subgroepe, naamlik *seuns en dogters*. Die resultate dui aan dat 'n baie groter persentasie dogters (76,72 %) as seuns (44,28 %) die mening huldig dat die beoefening van seks voor die huwelik verkeerd is. In Figuur 5.7 word die geslagte op subvlak 1 soos volg onderskei: (1) Seuns; (2) Dogters.


VRAAG 16
HOUDING TEN OPSIGTE VAN VOORHUWELIKSE SEKSUELE OMGANG



FIGUUR 5.7: CHAID-ONTLEIDING VAN DIE HOUDING VAN DIE RESPONDENTE TEN OPSIGTE VAN VOORHUWELIKSE SEKSUELE OMGANG

VRAAG 16 (vervolg)

HOUDINGS TEENOOR VOORHUWELIKSE SEKSUELE OMGANG TEN OPSIGTE VAN SEUNS




← SUBVLAKKE

FIGUUR 5.8 : SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE HOUDING VAN DIE SEUNS TEN OPSIGTE VAN VOORHUWELIKSE SEKSUELE OMGANG

VRAAG 16 (vervolg)

HOUDINGS TEENOR VOORHUWELIKSE SEKSUELE ONGANG TEN OPSIGTE VAN DOGTERS



← SUBVLAKKE

FIGUUR 5.9 : SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE HOUDING VAN DIE DOGTERS TEN OPSIGTE VAN VOORHUWELIKSE SEKSUELE ONGANG

5.6.2 Tweedevlaksubgroepe

Dit is vanuit Figuur 5.7 en Figuur 5.8 duidelik dat die onafhanklike veranderlike wat, in samehang met geslag, die volgende betekenisvolle verband met die afhanklike veranderlike toon, handel oor die leerlinge se mening of die **gebruik van kontrasepsie voor die huwelik verkeerd is**. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Dit word in Figure 5.7 en 5.8 op Subvlak 2 aangedui as: Ja(1); Nee(2); Onseker(3). Vir beide die seuns en dogters blyk dit dus dat hul mening ten opsigte van die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik, ook hul houding teenoor voorhuwelikse seksuele omgang beïnvloed. 'n Groter persentasie seuns (51,93 %) wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik aanvaarbaar is as dié wat wel van mening is dat dit verkeerd is (28,22 %), is ook van mening dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie. Dieselfde tendens is by die dogters te vinde. 'n Groter persentasie dogters (21,43 %) wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik aanvaarbaar is as dié wat wel van mening is dat dit verkeerd is (6,35 %), is ook van mening dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie.

5.6.3 Derdevlaksubgroepe

Die ontledings vir die derde vlak ten opsigte van seuns en dogters het verskillende onafhanklike veranderlikes geïdentifiseer wat 'n verband toon met die afhanklike veranderlike. Gevolglik is besluit om van hierdie vlak af die resultate vir die seuns en dogters (eerstevlaksubgroepe) afsonderlik te bespreek.

Ten opsigte van die seuns toon die onafhanklike veranderlike '**n meisie kan sonder seksuele omgang swanger raak** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike vir die groep seuns wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik wel verkeerd is. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die eerste twee groepe (*ja*, *nee*) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figuur 5.7 aangedui word. Hierdie samevoeging is deur die rekenaarprogram

gedoen, omdat dit die sinvolste kombinasie van veranderlikes gee met die oog op verdere ontledings. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat onseker is teenoor diegene wat 'n bepaalde mening oor hierdie aspek huldig. Die inligting in Figure 5.7 en 5.8 dui daarop dat 'n groter persentasie seuns (31,58 %) wat 'n bepaalde siening hieroor het (ja of nee) as die seuns wat onseker is (15,69%), van mening is dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie.

Vir die seuns wat egter van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik nie verkeerd is nie, toon die onafhanklike veranderlike **ek beskik oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit** 'n hoë verband met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel ook in drie subgroepe, naamlik *ja, nee en onseker*. Tydens die ontleding is die eerste twee groepe (ja, nee) rekenaarmatig saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figuur 5.7 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat onseker is teenoor diegene wat genoegsame of geen kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit het nie. Die inligting in Figure 5.7 en 5.8 dui daarop dat 'n groter persentasie seuns (59,28 %) wat genoegsame kennis/geen kennis van die fisiese aspekte het as dié seuns wat onseker is (33,33 %) van mening is dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie.

Vir die seuns wat onseker is of die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik verkeerd of reg is, toon die onafhanklike veranderlike **seks is pret** 'n hoë verband met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel ook in drie subgroepe, naamlik *stem saam, onseker en stem nie saam nie*. Tydens die ontleding is die eerste twee groepe (stem saam en onseker) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.7 en 5.8 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat onseker is of die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik verkeerd is en saamstem dat seks wel pret is, teenoor diegene wat glad nie saamstem dat dit die geval is nie. Die resultate dui daarop dat 'n groter persentasie seuns (55,42 %) wat nie hiermee saamstem nie as die seuns wat onseker is en wel hiermee saamstem (33,6 %), ook van mening is dat voorhuwelikse geslagsomgang verkeerd is.

Ten opsigte van die dogters toon die onafhanklike veranderlike **my mening oor voorhuwelikse seks word deur tydskrifte beïnvloed** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike vir die groep dogters wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik wel verkeerd is. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *onseker* en *geensins*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (onseker, geensins) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.7 en 5.9 aangedui word. Hierdie samevoeging is ook deur die rekenaarprogram gedoen, omdat dit voorgekom het as die sinvolste kombinasie met die oog op verdere ontledings. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wie se mening wel deur tydskrifte beïnvloed word teenoor diegene wie se mening geensins daardeur beïnvloed word nie of onseker is of dit beïnvloed word. Die resultate in Figuur 5.7 dui daarop dat 'n groter persentasie dogters (9,94 %) wie se houding wel deur tydskrifte beïnvloed word as dié dogters wat twyfel of glad nie beïnvloed word nie (0,85 %) van mening is dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie.

Vir die dogters wat egter van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik nie verkeerd is nie, toon die onafhanklike veranderlike **geslagsomgang** 'n hoë verband met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in twee subgroepe, naamlik *ja* en *nee*. Die inligting in Figure 5.7 en 5.9 dui daarop dat 'n baie groter persentasie dogters (44,23 %) wat wel al geslagsomgang gehad het, as dogters wat dit nog nie gehad het nie (13,19 %), aandui dat hulle van mening is dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie.

Vir die dogters wat nie weet of die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik verkeerd of reg is nie, toon die onafhanklike veranderlike **maagdelikheid is belangrik vir die sukses van die huwelik** 'n hoë verband met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die laaste twee subgroepe (nee, onseker) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.7 en 5.9 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat wel van mening is dat dit belangrik vir 'n suksesvolle huwelik is teenoor diegene

wat nie dink dit is belangrik nie, of wat onseker is of dit belangrik is. Die resultate dui daarop dat 'n groter persentasie dogters (14,55 %) wat nie dink dat maagdelikheid belangrik is vir 'n suksesvolle huwelik nie as dogters wat dink dat dit wel belangrik is (2,26 %), van mening is dat voorhuwelikse geslagsomgang nie verkeerd is nie.

5.6.4 Vierdevlaksubgroepe

Die ontledings vir die vierde vlak het net soos in die geval van die derde vlak verskillende onafhanklike veranderlikes geïdentifiseer wat met die afhanklike veranderlike 'n verband toon. Gevolglik sal die resultate ook vir die seuns en dogters apart behandel word.

Ten opsigte van die seuns wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik verkeerd is en wat 'n bepaalde mening huldig oor die feit of 'n meisie swanger kan raak sonder seksuele omgang, toon die onafhanklike veranderlike **my mening oor voorhuwelikse seks word deur die skool beïnvloed** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel ook in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *geensins*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (onseker, geensins) rekenaarmatig saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.7 en 5.8 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die seuns wie se mening wel deur die skool beïnvloed word teenoor diegene wie se mening geensins daardeur beïnvloed word nie of onseker is of dit beïnvloed word. Die resultate in Figure 5.7 en 5.8 dui daarop dat 'n groter persentasie seuns (67,80 %) wie se houding wel deur die skool beïnvloed word as die seuns wat twyfel of glad nie beïnvloed word nie (44,44 %), van mening is dat voorhuwelikse seksuele omgang wel verkeerd is. Dit bevestig die belangrikheid van die skool se invloed.

Ten opsigte van die seuns wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik nie verkeerd is nie en wat genoegsame of geensins kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit het nie, toon die onafhanklike veranderlike

geslagsomgang 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in twee subgroepe, naamlik *ja* en *nee*. Die resultate in Figuur 5.7 en Figuur 5.8 dui daarop dat 'n groter persentasie seuns (69,39 %) wat wel al geslagsomgang gehad het as die seuns wat nog nie omgang gehad het nie (44,93 %) aangedui het dat hulle van mening is dat dit nie verkeerd is om voorhuwelikse seksuele omgang te hê nie.

Die dogters daarenteen wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik verkeerd is en wie se mening oor voorhuwelikse seks wel deur tydskrifte beïnvloed word, toon die onafhanklike veranderlike **swangerskappe op skool is die gevolg van onsekerheid oor die toekoms** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *stem saam*, *onseker* en *stem nie saam nie*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (*onseker* en *stem nie saam nie*) rekenaarmatig saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.7 en 5.9 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat saamstem dat dit die geval is teenoor die dogters wat onseker is of nie daarmee saamstem nie. Die resultate dui daarop dat 'n groter persentasie dogters (17,95 %) wat met hierdie stelling saamstem as die dogters wat onseker is of glad nie hiermee saamstem nie (3,88 %), van mening is dat voorhuwelikse geslagsomgang nie verkeerd is nie.

5.6.5 Vyfdevlaksubgroepe

Die ontledings vir die vyfde vlak het slegs 'n enkele onafhanklike veranderlike geïdentifiseer wat met die afhanklike veranderlike 'n verband toon.

Vir die seuns wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik verkeerd is en wat 'n bepaalde mening huldig oor die feit of 'n meisie swanger kan raak sonder seksuele omgang, asook wie se mening oor voorhuwelikse seks beslis deur die skool beïnvloed word, toon die onafhanklike veranderlike **geslagsomgang** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in twee subgroepe, naamlik *ja* en *nee*.

Die resultate in Figuur 5.7 en Figuur 5.8 dui daarop dat 'n groter persentasie seuns (80,33 %) wat nog nie seksuele omgang gehad het nie, as die seuns wat wel al omgang gehad het (54,39 %), meen dat voorhuwelikse seksuele omgang wel verkeerd is.

5.6.6 Opsomming

Uit die resultate van Figuur 5.8 blyk dit dat die volgende kategorie seuns (1) wat reken dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik verkeerd is, (2) wat 'n besliste mening het of 'n meisie sonder seksuele kontak swanger kan raak, (3) wie se mening deur die skool beïnvloed word, en (4) wat nog nie geslagsomgang gehad het nie, in 'n baie groter mate meen dat seksuele omgang verkeerd is (80,33 %) as diegene wat reeds voorhuwelikse omgang gehad het (54,39 %). Die skool speel dus 'n groot rol in die meningsvorming van die seuns se houding teenoor voorhuwelikse geslagsomgang.

'n Groot persentasie (69,39 %) van die seuns wat meen dat (1) die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik aanvaarbaar is, (2) wat reken dat hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, en (3) wat reeds geslagsomgang gehad het, is ook van mening dat hulle ten gunste is van voorhuwelikse geslagsomgang. Daar is dus 'n samehang tussen hulle houdings teenoor voorhuwelikse geslagsomgang en hulle houdings teenoor die gebruik van kontrasepsie.

Die seuns wat meen dat kontrasepsie voor die huwelik verkeerd is en dié wat meen dat dit aanvaarbaar is, verskil dus ook duidelik in hulle houdings teenoor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsomgang en hulle seksuele gedrag. Die wat teen die gebruik van kontrasepsie is, is ook gekant teen voorhuwelikse geslagsomgang en omgekeerd. Die wat ten gunste is van die gebruik van kontrasepsie is ook ten gunste van voorhuwelikse geslagsomgang.

Uit figuur 5.9 blyk dit dat die volgende kategorie dogters (1) wat meen dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik verkeerd is, (2) wie se mening deur tydskrifte beïnvloed word, en (3) wat reken dat swangerskappe op skool die

gevolg van onsekerheid oor die toekoms is, in 'n groter mate geneig is om voorhuwelikse geslagsgemeenskap aanvaarbaar te vind (17,95 %) teenoor dié wat nie reken dat swangerskap op skool toe te skryf is aan die onsekerheid oor die toekoms nie of onseker daaroor voel (3,88 %). Beide laasgenoemde groepe vind egter voorhuwelikse geslagsgemeenskap relatief onaanvaarbaar (79,49 % en 85,44 % respektiewelik).

Die rol wat die media in die geval van tydskrifte in die meningsvorming van dogters speel, kan dus nie onderskat word nie.

Dit blyk verder dat die dogters wat (1) reken dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik aanvaarbaar is, en (2) wat nog nie geslagsomgang gehad het nie, in 'n baie groter mate meen seksuele omgang is verkeerd (74,31 %) as diegene wat reeds voorhuwelikse geslagsomgang gehad het (40,38 %).

Alhoewel hierdie kategorie dogters dus meen dat voorhuwelikse geslagsomgang verkeerd is, is hulle egter van mening dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik aanvaarbaar is.

'n Groter persentasie (79,70 %) van die dogters wat (1) onseker is oor die toelaatbaarheid van kontrasepsie, en (2) maagdelikheid as belangrik vir sukses in die huwelik beskou, is teen voorhuwelikse geslagsgemeenskap gekant as diegene wat maagdelikheid nie so hoog takseer nie (60,00 %).

5.7 GEDRAG TEN OPSIGTE VAN VOORHUWELIKSE SEKSUELE ONGANG

In Figuur 5.10 word die CHAID-resultate van die ondersoekgroep se **gedrag ten opsigte van voorhuwelikse seksuele omgang** deur middel van 'n dendogram voorgestel. Hierdie dendogram word in Figuur 5.11 en 5.12 met meer volledige inligting toegelig. Ten einde inligting oor die ondersoekgroep se houding hieroor te verkry, is die inligting wat met behulp van vraag 19 (*Het jy al geslagsomgang gehad?*) ingesamel is, hiervoor gebruik. Volgens hierdie vraag kan die leerlinge se response in twee kategorieë verdeel word, naamlik *ja* of *nee*. In Figuur 5.10 toon die boonste syfer in die blokkie op die persentasie leerlinge wat *ja*

geantwoord het terwyl die onderste syfer op die persentasie leerlinge wat *nee* geantwoord het, dui. Dit geld vir al die blokkies op elke subgroeplak.

5.7.1 Eerstevlaksubgroepe


Uit Figuur 5.10 is dit duidelik dat net soos in die geval van hul houding, die leerlinge se **geslag** as die vernaamste onafhanklike veranderlike geïdentifiseer is, wat die sterkste assosiasie met hulle gedrag ten opsigte van voorhuwelikse seksuele omgang toon. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in twee subgroepe, naamlik *seuns* en *dogters*. Die resultate dui aan dat 'n baie groter persentasie seuns (53,81 %) as dogters (18,59 %) wel reeds seksuele omgang gehad het.

5.7.2 Tweedevlaksubgroepe

Die ontledings toon vanaf die tweede vlak dat verskillende onafhanklike veranderlikes met die afhanklike veranderlike 'n verband toon. Gevolglik is besluit om van hierdie vlak af die resultate vir die seuns en dogters (eerstevlaksubgroepe) afsonderlik te bespreek.

Die resultate wat in Figuur 5.10 en Figuur 5.11 verskyn, toon duidelik dat in die geval van die seuns, die onafhanklike veranderlike wat die volgende betekenisvolle verband met die afhanklike veranderlike toon, oor hulle mening handel of **hulle beste vriende ook al geslagsomgang gehad het**. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik die *meeste*, *enkeles of glad nie* en *weet nie*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (enkeles of glad nie, weet nie) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.10 en 5.11 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die groep seuns van wie die meeste van hul maats wel al omgang gehad het, teenoor die groep seuns van wie enkeles (insluitend dié oor wie daar onsekerheid is) of geeneen van hul maats al omgang gehad het nie. Die inligting in Figuur 5.10 en Figuur 5.11 dui duidelik daarop dat 'n groter persentasie seuns (71,84 %) wie se meerderheid maats ook al omgang gehad het as diegene wie


VRAAG 19 HOUDINGS TEN OPSIGTE VAN GEDRAG



← SUBVLAKKE


FIGUUR 5.10: CHAID-ONTLEDING VAN DIE SEKSUELE GEDRAG VAN DIE RESPONDENTE

VRAAG 19 (vervolg)
HOUDINGS TEN OPSIGTE VAN GEDRAG - SEUNS



FIGUUR 5.11 : SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE SEKSUELE GEDRAG VAN DIE SEUNS

VRAAG 19 (vervolg)
HOUDINGS TEN OPSIGTE VAN GEDRAG - DOGTERS



← SUBVLAKKE

FIGUUR 5.12 : SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE SEKSUELE GEDRAG VAN DIE DOGTERS

se maats nie juis daarby betrokke is nie (43,71 %), wel aangedui het dat hulle reeds seksuele omgang gehad het.

Ten opsigte van die dogters toon die onafhanklike veranderlike **is die beoefening van voorhuwelikse seks verkeerd** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die eerste en laaste twee groepe (*ja*, *onseker*) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figuur 5.10 en Figuur 5.12 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die dogters wat onseker of wel van mening is dat dit verkeerd is teenoor diegene wat van mening is dat dit nie verkeerd is nie. Hier is dit weer opmerklik dat van die dogters wat van mening is dat dit nie verkeerd is nie, 'n baie groter persentasie (45,83 %) wel al seksuele omgang gehad het, teenoor die 15,38% dogters wat onseker is of van mening is dat dit wel verkeerd is.

5.7.3 Derdevlaksubgroepe

Die ontledings vir die derde vlak het net soos die vorige subgroepe verskillende onafhanklike veranderlikes geïdentifiseer wat met die afhanklike veranderlike 'n verband toon. Gevolglik word die resultate vir die seuns en dogters ook hier afsonderlik bespreek.

Ten opsigte van die seuns wat meen dat die meerderheid van hul maats alreeds seksuele omgang gehad het, toon die onafhanklike veranderlike **standerd/graad** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *graad 8 en 9*, *graad 10* en *graad 11*. Tydens die ontleding is die laaste twee grade (10 en 11) rekenaarmatig saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.10 en 5.11 aangedui word, naamlik die seuns in graad 8 of 9 aan die eenkant en die seuns in graad 10 of 11 aan die anderkant. Uit die resultate in Figure 5.10 en 5.11 blyk dit dat 'n groter persentasie seuns in die hoër (78,91 %) as die in die laer grade (61,22 %) wel al seksuele omgang gehad het. Hoewel hierdie persentasies statisties betekenisvol verskil, is dit tog opmerklik dat dit vir beide groepe redelik hoog is.

Vir die seuns van wie enkele of geen van hul maats (asook weet nie) al geslagsomgang gehad het (nie), toon die onafhanklike veranderlike **swangerskappe op skool is die gevolg van druk van vriende tot seksuele verkeer** 'n hoë verband met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel ook in drie subgroepe, naamlik *stem saam*, *onseker* en *stem nie saam nie*. Tydens die ontleding is die eerste twee groepe (*stem saam*, *onseker*) rekenaarmatig saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.10 en 5.11 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die seuns wat onseker is of saamstem teenoor die wat nie daarmee saamstem nie. Die resultate in Figure 5.10 en 5.11 dui daarop dat 'n groter persentasie seuns (46,90 %) wat wel saamstem of onseker is as dié wat glad nie daarmee saamstem nie (32,65 %), wel al geslagsgemeenskap beoefen het.

Die resultate van Figure 5.10 en 5.12 dui daarop dat vir die dogters wat van mening is dat voorhuwelike seks wel verkeerd is of onseker daarvan is, die onafhanklike veranderlike **my beste maats het al geslagsomgang gehad** die volgende betekenisvolle verband met die afhanklike veranderlike toon. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *die meeste*, *enkeles/glad nie* en *weet nie*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (*enkeles of glad nie*, *weet nie*) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.10 en 5.12 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die groep dogters van wie die meeste maats wel al omgang gehad het teenoor die van wie enkele of geeneen van hul maats (asook weet nie) reeds omgang gehad het. Die inligting in Figure 5.10 en 5.12 dui daarop dat 'n groter persentasie dogters (30,61 %) wie se meerderheid maats ook al omgang gehad het, teenoor die wie se maats nie juis daarby betrokke is nie (12,48 %), wel aangedui het dat hulle reeds seksuele omgang gehad het. Hierdie selfde tendens kom by die seuns voor, maar reeds op die tweede vlak.

5.7.4 Vierdevlaksubgroepe

Die ontledings vir die vierde vlak het net soos in die geval van die vorige twee vlakke verskillende onafhanklike veranderlikes geïdentifiseer wat met

die afhanklike veranderlike 'n verband toon.

Ten opsigte van die seuns wie se meerderheid maats reeds omgang gehad het en wat hul in die hoër grade (graad 10 en 11) bevind, toon die onafhanklike veranderlike **my ouers praat nie met my oor kontrasepsie nie** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel ook in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (*nee*, *onseker*) rekenaarmatig saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.10 en 5.11 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die seuns wie se ouers wel met hulle oor kontrasepsie praat teenoor diegene wie se ouers nie praat nie of wat onseker is of daarvoor al met hulle gepraat is. Die resultate in Figure 5.10 en 5.11 dui daarop dat 'n groter persentasie seuns (92,31 %) wie se ouers nie met hulle oor kontrasepsie praat nie (asook die onsekeres) teenoor diegene wie se ouers wel praat (71,58 %), wel al geslagsomgang gehad het.

Ten opsigte van die seuns van wie enkele maats of niemand van hul maats al geslagsomgang gehad het en wat saamstem dat swangerskappe op skool die gevolg van druk deur vriende is, toon die onafhanklike veranderlike **formele voorligting is op skool ontvang oor swangerskappe** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *dikwels*, *soms* en *selde*. Tydens die ontleding is die eerste twee groepe (*dikwels*, *soms*) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.10 en 5.11 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die seuns wat dikwels of soms voorligting oor swangerskappe op skool ontvang het teenoor die wat dit selde ontvang het. Die resultate in Figure 5.10 en 5.11 dui daarop dat 'n groter persentasie seuns (60,53 %) wat selde voorligting ontvang het teenoor die seuns wat dikwels of soms voorligting ontvang het (42,97 %), al geslagsomgang gehad het.

Vir die dogters, daarenteen, wat van mening is dat voorhuwelikse seks verkeerd is en van wie enkele maats wel al geslagsomgang gehad het, toon die onafhanklike veranderlike **seks is 'n fisiese ervaring** 'n hoë assosiasie met die

afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *stem saam*, *onseker* en *stem nie saam nie*. Die resultate dui daarop dat 'n groter persentasie dogters (21,28 %) wat met hierdie stelling saamstem teenoor die dogters wat nie hiermee saamstem nie (4,90 %) reeds geslagsomgang gehad het.

5.7.5 Vyfdevlaksubgroepe

Die ontledings vir die vyfde vlak het vir beide geslagte slegs 'n enkele onafhanklike veranderlike geïdentifiseer wat met die afhanklike veranderlike 'n verband toon.

Vir die seuns van wie enkele maats al geslagsomgang gehad het, wat saamstem dat swangerskappe op skool die gevolg van vriende se druk tot seksuele verkeer is en wat formeel inligting op skool ontvang het oor swangerskappe, toon die onafhanklike veranderlike **skool se houding teenoor voorhuwelikse seks** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *keur dit af*, *keur dit goed* en *weet nie*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (*keur dit goed*, *weet nie*) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.10 en 5.11 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die seuns wat van mening is dat die skool voorhuwelikse seks definitief afkeur teenoor die wat meen dat die skool dit goedkeur of nie weet of die skool dit goed- of afkeur nie. 'n Groter persentasie seuns (57,14 %) wat van oordeel is dat die skool dit goedkeur of nie weet nie teenoor die seuns wat van oordeel is dat die skool dit afkeur (37,82 %) het reeds geslagsomgang gehad.

Vir die dogters wat van mening is dat voorhuwelikse seks verkeerd is, van wie enkele maats al geslagsomgang gehad het of wat nie saamgestem het dat seks wel net 'n fisiese ervaring is nie, toon die onafhanklike veranderlike **swangerskappe op skool is die gevolg van druk van vriende tot seksuele verkeer** 'n hoë verband met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel ook in drie subgroepe, naamlik *stem saam*, *onseker* en

stem nie saam nie. Tydens die ontleding is die eerste twee groepe (stem saam, onseker) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.10 en 5.12 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die dogters wat onseker is of saamstem teenoor die wat nie daarmee saamstem nie. Die resultate in Figure 5.10 en 5.12 dui daarop dat 'n groter persentasie dogters (14,63 %) wat wel saamstem of onseker is as dié wat glad nie daarmee saamstem nie (4,23 %), wel al geslagsgemeenskap beoefen het. Die seksuele gedrag van vriende blyk dus 'n invloed te hê op die gedrag van dié dogters.

5.7.6 Sesdevlaksubgroepe

Die ontledings vir die sesde, sewende en agste vlakke het slegs vir die dogters 'n enkele onafhanklike veranderlike geïdentifiseer wat met die afhanklike veranderlike 'n verband toon. Dit word nou verder bespreek.

Vir die dogters wat van mening is dat voorhuwelikse seks verkeerd is, van wie enkele maats al geslagsomgang gehad het, wat nie saamstem dat seks wel net 'n fisiese ervaring is nie en wat van oordeel is dat swangerskappe op skool die gevolg is van die druk wat maats op jou plaas, toon die onafhanklike veranderlike **kerk se houding teenoor voorhuwelikse seks** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *keur dit af*, *keur dit goed* en *weet nie*. Tydens die ontleding is die eerste twee groepe (*keur dit goed*, *keur dit af*) rekenaarmatig saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.10 en 5.12 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die dogters wat van mening is dat die kerk 'n bepaalde siening het (*keur dit af of goed*) teenoor die wat nie weet wat die kerk se siening is nie. 'n Groter persentasie dogters (23,81 %) wat nie weet wat die kerk se siening is nie teenoor die wat wel van oordeel is dat die kerk 'n bepaalde siening (afkeurend of goedkeurend) oor seks voor die huwelik het (11,48 %), het reeds geslagsomgang gehad. Dit blyk dus dat die houding van die kerk teenoor voorhuwelikse geslagsomgang 'n groot invloed op die seksuele gedrag van dogters het.

5.7.7 Sewendevlaksubgroepe

Vir die dogters wat van mening is dat voorhuwelikse seks verkeerd is, van wie enkele maats al geslagsomgang gehad het, wat nie saamstem dat seks wel net 'n fisiese ervaring is nie, wat van oordeel is dat swangerskappe op skool die gevolg is van die druk wat maats op jou plaas en wat van oordeel is dat die kerk 'n bepaalde siening oor voorhuwelikse seks huldig, toon die onafhanklike veranderlike **formele voorligting is op skool oor kontrasepsie ontvang** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *dikwels*, *soms* en *selde*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (*soms* en *selde*) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figuur 5.10 en Figuur 5.12 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die dogters wat dikwels en dié wat soms of selde formele voorligting oor kontrasepsie op skool ontvang het. 'n Groter persentasie dogters (23,64 %) wat dikwels voorligting ontvang het teenoor die wat soms of selde voorligting ontvang het (6,25 %), het reeds geslagsomgang gehad. Dit blyk dus dat daar 'n samehang tussen dogters se seksuele gedrag en die formele kennis omtrent kontrasepsie bestaan.

5.7.8 Agstevlaksubgroepe

Ten opsigte van die dogters wat van mening is dat voorhuwelikse seks verkeerd is, van wie enkele maats al geslagsomgang gehad het, wat nie saamstem dat seks wel net 'n fisiese ervaring is nie, wat van oordeel is dat swangerskappe op skool die gevolg is van die druk wat maats op jou plaas, wat ook van oordeel is dat die kerk 'n bepaalde siening oor voorhuwelikse seks huldig en wat selde formele voorligting op skool oor kontrasepsie ontvang het, toon die onafhanklike veranderlike **formele voorligting is op skool oor beroepskeuse ontvang** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *dikwels*, *soms* en *selde*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (*soms* en *selde*) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figuur 5.10 en Figuur 5.12 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die dogters wat dikwels, teenoor dié wat

soms of selde formele voorligting oor beroepskeuses op skool ontvang het. 'n Groter persentasie dogters (11,86 %) wat soms of selde voorligting oor beroepskeuses ontvang het, teenoor die wat dikwels voorligting ontvang het (1,45 %), het reeds geslagsomgang gehad. Beroepsgerigtheid blyk dus ook 'n oorweging in die seksuele gedrag van die dogters te wees.

5.7.9 Opsomming

Dit blyk uit Figuur 5.11 dat die volgende kategorie seuns (1) van wie die meeste van hulle vriende al geslagsomgang gehad het, (2) wat in die hoër grade (Grade 10 en 11) is, en (3) wie se ouers nie met hulle oor kontrasepsie praat nie, aangedui het dat 'n groter persentasie (92,31 %) van hulle alreeds geslagsomgang gehad het in vergelyking met die 71,58 % seuns wie se ouers wel met hulle oor kontrasepsie gesels het. Die ouers het dus 'n rol te speel in die seksuele opvoeding van hulle kinders.

Van die kategorie seuns (1) wat meen dat niemand/enkeles/weet nie van hulle vriende al geslagsomgang gehad het (nie), (2) wat 'n besliste mening het oor die gevolge van swangerskappe op skool, (3) wat nie dikwels voorligting op skool ontvang het nie, en (4) wat meen dat die skool voorhuwelikse geslagsomgang afkeur, het 'n baie groter persentasie (57,14%) seuns (a) wat van oordeel is dat die skool dit goedkeur/of nie weet nie, teenoor (b) dié wat van oordeel is dat die skool dit afkeur (37,82 %), reeds seksuele omgang gehad. Die rol wat die skool in die seksuele houdings en gedrag van dié seuns speel, word weer eens beklemtoon.

Uit die gegewens van Figuur 5.12 blyk dit dat die dogters (1) wat enkeles/niemand/weet nie geantwoord het oor hoeveel van hulle vriende al geslagsomgang gehad het, (2) wat nie saamstem dat seks 'n fisiese ervaring is of nie, (3) wat ook nie 'n besliste mening het of swangerskappe die gevolg van druk van vriende is nie, (4) wat 'n besliste mening het oor die houding van die kerk teenoor voorhuwelikse geslagsomgang, (5) wat selde voorligting oor kontrasepsie ontvang het, maar (6) wat dikwels beroepsvoorligting ontvang het,

in 'n meerdere mate aangedui het dat hulle nog nie geslagsgemeenskap gehad het nie (98,55 %) as die wat soms of selde geslagsomgang gehad het (88,14 %).

Die rol van die skool blyk dus 'n belangrike faktor in die vorming van die adolessente se seksuele houding en gedrag te wees.

5.8 KENNIS RAKENDE KONTRASEPSIE


In Figuur 5.13 word die CHAID-resultate ten opsigte van die ondergroep se **kennis rakende kontrasepsie** deur middel van 'n dendogram voorgestel. Figuur 5.14, 5.15 en 5.16 verskaf meer inligting oor die verskillende "paaie" van die dendogram. Ten einde inligting oor die ondergroep se kennis hieroor te verkry, is die inligting wat met behulp van vraag 26 ("Dink jy dat jy tans oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik?") ingesamel is, hiervoor gebruik.

Volgens hierdie vraag, kan die leerlinge se response in drie kategorieë verdeel word, naamlik *ja*, *nee* of *onseker*. In Figuur 5.13 dui die boonste syfer in die blokkie op die persentasie leerlinge wat *ja* geantwoord het, die middelste syfer op die persentasie leerlinge wat *nee* en die onderste syfer op die persentasie leerlinge wat *onseker* geantwoord het. Dit geld vir al die blokkies op elke subgroeplak.

5.8.1 Eerstevlaksubgroepe

Uit Figuur 5.13 is dit duidelik dat die leerlinge se **kennis van fisiese aspekte van seksualiteit** die vernaamste onafhanklike veranderlike is, wat die sterkste assosiasie met hulle kennis van kontrasepsie toon. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Die resultate dui aan dat 'n baie groter persentasie leerlinge (45,43 %) wat van oordeel is dat hulle oor genoegsame kennis rakende die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, teenoor diegene wat nie oor genoegsame kennis beskik nie (10,36 %), of wat onseker is of hulle oor genoegsame kennis beskik (10,06 %), ook van oordeel is dat hulle oor genoegsame kennis van kontrasepsie beskik.


VRAAG 26 KENNIS TEN OPSIGTE VAN SEKSUALITEIT



FIGUUR 5.13: CHAID-ONTLEDING VAN DIE SEKSUELE KENNIS VAN DIE RESPONDENTE

VRAAG 26 (vervolg)
KENNIS TEN OPSIGTE VAN SEKSUALITEIT

Beskik jy oor genoeg kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit ?




← SUBVLAKKE

FIGUUR 5.14: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE SEKSUELE KENNIS VAN DIE RESPONDENTE WAT VAN MENING IS DAT HULLE OOR GENOEG KENNIS VAN KONTRASEPSIE BESKIK

VRAAG 26 (vervolg)
KENNIS TEN OPSIGTE VAN SEKSUALITEIT

Beskik jy oor genoeg kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit ?



← SUBVLAKKE

FIGUUR 5.15 : SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE SEKSUELE KENNIS VAN DIE RESPONDENTE WAT VAN MENING IS DAT HULLE NIE OOR GENOEG KENNIS VAN KONTRASEPSIE BESKIK NIE

VRAAG 26 (vervolg)
KENNIS TEN OPSIGTE VAN SEKSUALITEIT

Besik jy oor genoeg kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit ?

Onseker	
1: Ja	10,06%
2: Nee	27,13%
3: Onseker	62,81%
n = 527	

Net bang seuns en meisies gebruik voorbehoedmiddels voor of tydens die seksdaad

Ja / Nee	
1: Ja	12,70%
2: Nee	34,20%
3: Onseker	53,09%
n = 307	

Onseker	
1: Ja	6,36%
2: Nee	17,27%
3: Onseker	76,36%
n = 220	

Seksueel aktiewe jongmense se seksuele aktiwiteite neem toe met ouderdom

Seks is 'n emosionele ervaring

Ja / Nee		Onseker	
1: Ja	17,41%	1: Ja	3,77%
2: Nee	36,82%	2: Nee	29,25%
3: Onseker	45,77%	3: Onseker	66,98%
n = 201		n = 106	

Stem saam		Stem nie saam/Onseker	
1: Ja	13,56%	1: Ja	3,73%
2: Nee	22,03%	2: Nee	15,53%
3: Onseker	64,41%	3: Onseker	80,75%
n = 59		n = 161	

Die beoefening van voorhuwelikse seks is verkeerd

Ja		Nee / Onseker	
1: Ja	11,57%	1: Ja	26,25%
2: Nee	46,28%	2: Nee	22,50%
3: Onseker	42,15%	3: Onseker	51,25%
n = 121		n = 80	

← SUBVLAKKE

FIGUUR 5.16: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE SEKSUELE KENNIS VAN DIE RESPONDENTE WAT ONSEKER IS OF HULLE WEL OOR GENOEG KENNIS VAN KONTRASEPSIE BESIK

Verder dui 'n groot persentasie van die leerlinge (62,81 %) wat onseker is oor hulle kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit aan dat hulle ook onseker is oor hulle kennis rakende kontrasepsie. In teenstelling hiermee is die persentasies vir die ander twee groepe, naamlik die wat van oordeel is dat hulle genoegsame kennis het oor die fisiese aspekte en die wat van oordeel is dat hulle nie genoegsame kennis het nie, maar wat tog onseker is oor hulle kennis van kontrasepsie, onderskeidelik 20,81 % en 25 %.

5.8.2 Tweedevlaksubgroepe

Die ontledings toon vanaf die tweede vlak dat verskillende onafhanklike veranderlikes met die afhanklike veranderlike 'n verband toon. Gevolglik is besluit om van hierdie vlak af die resultate vir die drie groepe se kennis rakende die fisiese aspekte van seksualiteit, naamlik diegene wie se kennis genoegsaam is, wie se kennis nie genoegsaam is nie en diegene wat onseker is of hulle kennis genoegsaam is (eerstevlaksugroepe), afsonderlik te bespreek.

Die resultate afgelei vanuit Figure 5.13 en 5.14 toon duidelik dat, vir die leerling wat van oordeel is dat hulle kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit genoegsaam is, die onafhanklike veranderlike wat die volgende betekenisvolle verband met die afhanklike veranderlike toon **geslag** is. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in twee subgroepe, naamlik *seuns* en *dogters*. Die inligting in Figure 5.13 en 5.14 dui daarop dat leerlinge wat van oordeel is dat hulle kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit genoegsaam is, 'n groter persentasie seuns (53,85 %) as dogters (37,19 %) van oordeel is dat hulle ook genoegsame kennis van kontrasepsie het.

Ten opsigte van die leerling wat van oordeel is dat hulle nie genoegsame kennis het nie, asook vir die groep wat onseker is of hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, toon dieselfde onafhanklike veranderlike, naamlik **net bang seuns en dogters gebruik voorbehoedmiddels voor of tydens die seksdaad**, 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie

subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die eerste twee groepe (*ja*, *nee*) rekenaarmatig in beide gevalle saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.13 en 5.15 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat onseker is teenoor diegene wat 'n bepaalde mening (*ja* of *nee*) oor hierdie stelling huldig. Die inligting in Figure 5.13 en 5.15 dui eerstens daarop dat vir die leerlinge wat nie genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit het nie, 'n groter persentasie leerlinge (67,38 %) wat 'n bepaalde siening (*ja* of *nee*) oor hierdie stelling (***net bang seuns en dogters gebruik voorbehoedmiddels voor of tydens die seksdaad***) het as die leerlinge wat onseker is (57,14 %), van oordeel is dat hulle nie genoegsame kennis van kontrasepsie het nie. Dieselfde tendens is gevind vir die groep leerlinge wat onseker is daaroor of hulle genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit het. Hier is die persentasie onderskeidelik 34,20 % en 17,27 %.

5.8.3 Derdevlaksubgroepe

Die ontledings vir die derde vlak het net soos die vorige subgroepe verskillende onafhanklike veranderlikes geïdentifiseer wat met die afhanklike veranderlike 'n verband toon.

Ten opsigte van die leerlinge wat van mening is dat hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik en wat tot die manlike geslag behoort, toon die onafhanklike veranderlike ***die tyd na menstruasie is 'n gevaarlike tyd om seksuele omgang te hê*** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (*nee*, *onseker*) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.13 en 5.14 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat met hierdie stelling saamstem teenoor die wat nie daarmee saamstem nie of onseker daaroor is. Uit die resultate in Figure 5.13 en 5.14 blyk dit dat vir die manlike leerlinge wat genoegsame kennis van die fisiese aspekte het 'n groter persentasie van hulle wat met hierdie stelling saamstem (60,87%) as wat nie

daarmee saamstem nie of onseker daaroor is (43,75 %), wel van oordeel is dat hulle oor genoegsame kennis van kontrasepsie beskik.

Ten opsigte van die dogters wat van mening is dat hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, toon die onafhanklike veranderlike **as my ouers sou uitvind ek gebruik kontrasepsie, sal hulle hul respek vir my verloor** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die eerste en laaste groepe (ja, onseker) rekenaarmatig saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.13 en 5.14 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat met hierdie stelling saamstem of onseker daaroor is teenoor dié wat nie daarmee saamstem nie. Uit die resultate in Figure 5.13 en 5.14 blyk dit dat die vroulike leerlinge, wat nie met bogenoemde stelling saamstem nie (50,82 %), tot 'n groter mate aandui dat hulle wel oor genoegsame kennis van kontrasepsie beskik as diegene wat met bogenoemde stelling saamstem of onseker daaroor is (31,16 %).

Vir die leerlinge wat van oordeel is dat hulle nie oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik nie, maar wat 'n bepaalde mening (ja of nee) huldig oor die stelling dat net bang seuns en dogters voorbehoedmiddels voor of tydens die seksdaad gebruik, toon die onafhanklike **veranderlike skool se houding teenoor voorhuwelikse seks** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *keur dit af*, *keur dit goed* en *weet nie*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (keur dit goed, weet nie) rekenaarmatig saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.13 en 5.15 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die leerlinge wat van oordeel is dat die skool dit afkeur teenoor die wat nie weet wat die skool se siening is nie of van mening is dat dit deur die skool goedgekeur word. Vir leerlinge wat van oordeel is dat hulle nie genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit het nie, toon 'n groter persentasie van diegene wat van mening is dat die skool dit goedkeur of wat onseker is (27,87 %) as dié wat wel van oordeel is dat die skool dit afkeur

(9,09 %) aan dat hulle van oordeel is dat hulle genoegsame kennis van kontrasepsie het.

Vir die leerlinge wat onseker is of hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, maar wat 'n bepaalde mening (ja of nee) huldig oor die stelling dat net bang seuns en dogters voorbehoedmiddels voor of tydens die seksdaad gebruik, toon die onafhanklike veranderlike **seksueel aktiewe jongmense se seksuele aktiwiteite neem met ouderdom toe** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die eerste twee groepe (ja, nee) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.13 en 5.16 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat met hierdie stelling saamstem / nie saamstem nie teenoor die wat onseker is of hulle daarmee saamstem. Vir leerlinge wat onseker is oor hulle kennis rakende die fisiese aspekte van seksualiteit, toon 'n groter persentasie van diegene wat met bogenoemde stelling saamstem / nie saamstem nie (17,41 %) as diegene wat onseker is of hulle daarmee saamstem (3,77 %), aan dat hulle van oordeel is dat hulle genoegsame kennis van kontrasepsie het.

Vir die leerlinge wat onseker is of hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik en wat onseker is oor die stelling dat net bang seuns en dogters voorbehoedmiddels voor of tydens die seksdaad gebruik, toon die onafhanklike veranderlike **seks is 'n emosionele ervaring** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *stem saam*, *onseker* en *stem nie saam nie*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (onseker, stem nie saam nie) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figuur 5.13 en Figuur 5.16 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die leerlinge wat met hierdie stelling saamstem teenoor dié wat nie daarmee saamstem nie of onseker is of hulle daarmee kan saamstem. Vir die leerlinge wat onseker is oor hulle kennis rakende die fisiese aspekte van seksualiteit, toon 'n groter persentasie aan van diegene wat saamstem dat seks 'n emosionele ervaring is (13,56 %) as dié wie

nie hiermee saamstem nie of onseker is (3,73 %), dat hulle van oordeel is dat hulle genoegsame kennis van kontrasepsie het.

5.8.4 Vierdevlakssubgroepe

Ten opsigte van die dogters wat van mening is dat hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik en wat saamstem of onseker is dat indien hulle ouers sou uitvind dat hulle kontrasepsie gebruik, hulle ouers nie meer respek vir hulle sal hê nie, toon die onafhanklike veranderlike **voorbehoedmiddels meng in met die genot van seks** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die eerste twee groepe (*ja*, *nee*) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figuur 5.13 en Figuur 5.14 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat met hierdie stelling saamstem / nie saamstem nie teenoor dié wat onseker daaroor is. Uit die resultate in Figuur 5.13 en Figuur 5.14 blyk dit dat vir die vroulike leerlinge wat genoegsame kennis van die fisiese aspekte het, 'n groter persentasie van hulle wie met hierdie stelling saamstem / nie saamstem nie (45,07 %) as wat onseker daaroor is (16,42 %), wel van oordeel is dat hulle oor genoegsame kennis van kontrasepsie beskik.

Vir die leerlinge wat van oordeel is dat hulle nie oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik nie, wat 'n bepaalde mening (*ja* of *nee*) huldig oor die stelling dat net bang seuns en dogters voorbehoedmiddels voor of tydens die seksdaad gebruik en wat van oordeel is dat die skool voorhuwelike seks afkeur, toon die onafhanklike veranderlike **ek het nie die vrymoedigheid om met my pa oor kontrasepsie te praat nie** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel ook in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die eerste en laaste twee groepe (*ja*, *onseker*) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figuur 5.13 en Figuur 5.15 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die leerlinge wat nie die vrymoedigheid het om met hulle pa's (of wat onseker is) oor kontrasepsie te praat nie teenoor diegene wat wel die

vrymoedigheid het om met hulle pa's daaroor te praat. Die resultate in Figure 5.13 en 5.15 dui daarop dat 'n groter persentasie leerlinge (10,85 %) wat onseker is of nie die vrymoedigheid het om met hulle pa's oor kontrasepsie te praat nie as leerlinge wat wel die vrymoedigheid het om met hulle pa's daaroor te praat (1,92 %), van oordeel is dat hulle wel genoegsame kennis van kontrasepsie het.

Vir die leerlinge wat onseker is of hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, wat 'n bepaalde mening (ja of nee) huldig oor die stelling dat net bang seuns en dogters voorbehoedmiddels voor of tydens die seksdaad gebruik, en wat saamstem / nie saamstem nie dat seksueel aktiewe jongmense se seksuele aktiwiteite met tyd toeneem, toon die onafhanklike veranderlike **die beoefening van voorhuwelikse seks is verkeerd** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie subgroepe, naamlik *ja*, *nee* en *onseker*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (nee, onseker) saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.13 en 5.16 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as diegene wat met hierdie stelling saamstem teenoor dié wat nie saamstem nie en/of onseker is of hulle daarmee saamstem. Vir leerlinge wat onseker is oor hulle kennis rakende die fisiese aspekte van seksualiteit, toon 'n groter persentasie van diegene wat nie met bogenoemde stelling saamstem nie of onseker is (26,25 %) as dié wie wel daarmee saamstem (11,57 %), aan dat hulle van oordeel is dat hulle genoegsame kennis van kontrasepsie het.

5.8.5 Vyfdevlaksubgroepe

Vir die leerlinge wat van oordeel is dat hulle nie oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik nie, wat 'n bepaalde mening (ja of nee) huldig oor die stelling dat net bang seuns en dogters voorbehoedmiddels voor of tydens die seksdaad gebruik, wat van oordeel is dat die skool voorhuwelikse seks afkeur en wat nie die vrymoedigheid het nie of onseker daaroor is om met hulle pa's oor kontrasepsie te praat, toon die onafhanklike veranderlike **formele voorligting is op skool ontvang oor swangerskappe** 'n hoë assosiasie met die afhanklike veranderlike. Hierdie onafhanklike veranderlike verdeel in drie

subgroepe, naamlik *dikwels*, *soms* en *selde*. Tydens die ontleding is die laaste twee groepe (*soms*, *selde*) rekenaarmatig saamgevoeg sodat net twee subgroepe in Figure 5.13 en 5.15 aangedui word. Hierdie twee subgroepe kan dus beskou word as die seuns wat dikwels voorligting oor swangerskappe op skool ontvang het teenoor dié wat dit soms of selde ontvang het. Die resultate in Figure 5.13 en 5.15 dui daarop dat vir die leerlinge wat nie oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik nie, 'n groter persentasie wat dikwels voorligting oor swangerskappe op skool ontvang het (12,61 %) as dié wat soms of selde voorligting daarvoor op skool ontvang het (8,91 %), van oordeel is dat hulle wel genoegsame kennis van kontrasepsie het.

5.8.6 Opsomming

Uit Figuur 5.14 blyk dit dat die seuns wat reken (1) dat hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, en (2) wat saamstem dat die tyd na menstruasie 'n gevaarlike tyd is om geslagsomgang te hê, in 'n groter mate (60,87 %) aandui dat hulle oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik as diegene (43,75 %) wat meen dat hulle nie oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik nie of onseker daarvoor is.

Dit blyk dus dat daar 'n samehang tussen die seuns se kennis van kontrasepsie en hul kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit is.

Van die dogters (1) wat meen dat hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, (2) wat saamstem of onseker is of hulle ouers respek vir hulle (dogters) sal verloor indien die ouers sou uitvind dat hulle kontrasepsie gebruik, en (3) wat 'n bepaalde mening het of kontrasepsie inmeng met die genot van seks, het 45,07 % van hulle 'n besliste mening dat hulle oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik. Daarenteen dui 'n groter persentasie dogters (52,24 %) van dié wat onseker is of kontrasepsie inmeng met die genot van geslagsgemeenskap ook aan dat hulle nie oor genoegsame kennis van kontrasepsie beskik nie.

Dit blyk dat die seuns in vergelyking met die dogters reken dat hulle oor meer kennis van kontrasepsie beskik (of so rapporteer hulle).

Van die kategorie seuns en dogters (1) wat meen dat hulle nie oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik nie, (2) wat 'n besliste mening het oor die siening dat net bang seuns en dogters kontrasepsie voor en tydens die seksdaad gebruik, (3) wat meen dat die skool voorhuwelike geslagsomgang afkeur, (4) wat nie die vrymoedigheid het om met hulle pa's oor kontrasepsie te praat nie en (5) wat meen dat hulle dikwels formele voorligting oor swangerskappe op skool ontvang het, het 'n groot persentasie (79,20 %) aangedui dat hulle nie oor genoegsame kennis van kontrasepsie beskik nie. Die skool behoort dus hierdie leemte meer effektief aan te spreek.

Uit die kategorie seuns en dogters (1) wat onseker is of hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, (2) wat 'n besliste mening het oor die gebruik van kontrasepsie voor of tydens die seksdaad, (3) wat ook 'n besliste mening het, naamlik dat seksuele aktiwiteite met ouderdom toeneem, en (4) wat meen dat voorhuwelike geslagsomgang verkeerd is, is 46,28 % van mening dat hulle nie oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik nie. Dit blyk dus asof daar 'n samehang is tussen hulle houdings teenoor voorhuwelike geslagsomgang en hulle seksuele kennis.

Van die seuns en dogters (1) wat reken dat hulle onseker is of hulle oor genoegsame kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, (2) wat ook onseker is of net bang seuns en dogters kontrasepsie voor of tydens die seksdaad gebruik en (3) wat beide saamstem (64,41 %) of nie saamstem nie en onseker is (80,75%) dat seks 'n emosionele ervaring is, is ook onseker of hulle wel oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik.

Dit blyk dus dat die leerlinge in die studie oorwegend van mening is dat hulle nie oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik nie.

5.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om die resultate van die empiriese studie deur middel van beskrywende en inferensiële statistiek weer te gee. In die laaste hoofstuk volg die bespreking van die belangrikste bevindinge, gevolgtrekkings, enkele aanbevelings en 'n slotperspektief.

HOOFSTUK 6

BESPREKING VAN DIE BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN ENKELE AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk volg 'n bespreking van die belangrikste bevindinge soos gerapporteer in die vorige hoofstuk. Daar moet in gedagte gehou word dat vraelyste nie altyd akkuraat deur respondente beantwoord word nie. Die inkonsekwentheid waarmee respondente dikwels vraelyste voltooi, skep veral soms 'n probleem. Dus moet die resultate van hierdie studie nie as absoluut korrek, maar eerder as tentatief gesien word. Die bespreking word gevolg deur gevolgtrekkings, aanbevelings en 'n slotperspektief.

6.2 BESPREKING VAN BEVINDINGE

Ten einde die bevindinge wat uit hierdie studie voortspruit, binne 'n sinvolle raamwerk te plaas, sal die relevante inligting uit die literatuur slegs opsommenderwys gegee word.

6.2.1 Voortspruitend uit die literatuurstudie

Die literatuur dui adolessensie aan as 'n ontwikkelingsfase waarin geslagsrypwording plaasvind. Geslagsrypwording bring mee dat die adolessent toenemend belangstel in verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

As gevolg van die ontwikkeling van die adolessent bring dit hom/haar in kontak met sy/haar groter sosiale wêreld. Die druk wat dikwels deur die portuurgroep op

die adolessent geplaas word om met seksuele aktiwiteite te eksperimenteer, lei dikwels tot ongewenste tienerswangerskappe. Ook die uitbeelding van losse sedes en vrye liefde as aanvaarbare gedrag deur die media, versterk adolessente dikwels in hierdie soort seksuele houdings en gedrag.

Uit die literatuur blyk dit dat adolessente oor beperkte seksuele kennis beskik. Die meeste van hul seksuele inligting word van vriende bekom en is dikwels met mites deurtrek. Die kind wat nie oor voldoende seksuele kennis en gevestigde morele waardes beskik nie, word maklik op sleeptou geneem deur die uitbeelding en geredelike aanvaarding van anti-normatiewe gedrag.

As gevolg van die feit dat die adolessent se waardestelsel deur sosiale en omgewingsfaktore beïnvloed word, is die gesin en die skool in 'n groot mate verantwoordelik vir die vestiging van houdings en sedelike waardes by die adolessent. Hierdie taak van die gesin en skool raak toenemend belangrik, omdat dit van kardinale belang is dat tieners geleer behoort te word om 'n verantwoordelike keuse ten opsigte van hul seksuele gedrag te maak.

Aangesien tienerswangerskappe 'n prioriteitsprobleem is, word die noodsaaklikheid van goedgefundeerde voorligtingsprogramme onderstreep. Die konstruering van sulke programme berus grotendeels op empiriese bewyse en behoort daarvolgens gekonstrueer te word. Daarom is 'n verkennende studie oor adolessente se houdings, kennis en gedrag rondom seksualiteit belangrik geag. Die bespreking wat volg spruit voort uit 1 413 vraelyste wat deur hoërskool seuns en dogters in vier Hoërskole in die Kimberley omgewing ingevul is.

6.2.2 Vooruitspruitend uit die navorsingsresultate van die ondersoek

Die bespreking van die beskrywende en inferensiële statistiek sal gesamentlik aangebied word.

6.2.2.1 Bespreking

Die afleiding word gemaak dat seksualiteit (vgl 1.3.1) op die bevrediging van die geslagsdrif dui, maar ook verwys na die geslagtelikheid van die individu. Met vraag 12 (vgl bylae 1), is daar gepoog om vas te stel wat die respondent se houding oor en kennis van die begrip "seksualiteit" is. Uit die Chi-kwadraattoets blyk dit dat 'n groter persentasie seuns (67,11 %) as dogters (39,89 %) meen dat die begrip op die bevrediging van die geslagsdrif dui. Seuns heg dus 'n groter konnotasie van seksbeoefening aan hierdie begrip. Op die vraag of seksualiteit na geslagtelikheid verwys, blyk dit dat beide geslagte hiermee saamstem dat seksualiteit na geslagtelikheid verwys (sien Tabel 5.20).

Geslag speel 'n beduidende rol by die bepaling van die respondente se houding teenoor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse seksuele omgang (sien Tabel 5.20). Die resultate van die Chi-kwadraattoets dui daarop dat 'n groot persentasie van die respondente (60,6 %) van mening is dat die beoefening van voorhuwelikse seksuele omgang verkeerd is. Uit die resultate van die CHAID-ontleding is dit duidelik dat 'n baie groter persentasie dogters (76,72 %) as seuns (44,28 %) die mening huldig dat seksuele omgang voor die huwelik verkeerd is. Dit stem ooreen met navorsing deur Miller en Olson (1987) dat dogters minder geneig is tot permissiewe houdings en gedrag as seuns.

Die standpunte geassosieer met bepaalde sosiale instellings/instansies blyk 'n rol te speel in die beïnvloeding van die respondente se siening oor voorhuwelikse omgang. Uit die response verkry volgens die CHAID-ontleding is dit duidelik dat veral die seuns se houdings teenoor voorhuwelikse seksuele omgang sterker deur die skool beïnvloed word as wat die geval met dogters is. 'n Groter persentasie seuns (67,80 %) wie se houding deur die siening van die skool beïnvloed word, is van mening dat voorhuwelikse seksuele omgang verkeerd is.

Ouers blyk 'n tweede belangrike faktor in die beïnvloeding van die respondente se houding teenoor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse seksuele omgang te wees. Dit was die aanduiding van 55,4 % van die totale respondente volgens die

resultate van die Chi-kwadraattoets dat voorhuwelikse seksuele omgang verkeerd is. Ouers kan dus hulle kinders se houdings beïnvloed deur hulle besondere houdings teenoor seksualiteit.

Volgens die resultate van die Chi-kwadraattoets (Tabel 5.12 en 5.13, asook Figuur 5.7) is dit verder duidelik dat die populêre tydskrifte en portuurgroep ook as faktore aangedui word wat die houdings van adolessente teenoor voorhuwelikse seksuele omgang kan beïnvloed. Anders as vir die seuns, wat sterk deur die skool beïnvloed word, blyk dit dat die dogters se houdings sterker deur tydskrifte beïnvloed word. Volgens die resultate van die CHAID-ontleding, blyk dit dat 'n groter persentasie dogters (9,94 %) wie se menings deur tydskrifte beïnvloed word as dogters wat nie deur tydskrifte beïnvloed word nie (0,85 %) van mening is dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie. Moore en Rosenthal (1993) maak die opmerking dat seksualiteit vir die media, veral die populêre tydskrifte, 'n bron van inkomste geword het, wat die mens en sy/haar sienswyse van die wêreld aansienlik beïnvloed (vgl 3.7.3).

'n Groot persentasie respondente (43,4 %) het verder ook aangedui dat die portuurgroep voorhuwelikse seksuele omgang goedkeur (sien Tabel 5.12). Die portuurgroep speel ook 'n rol in die beïnvloeding van adolessente se houdings teenoor seksualiteit.

Vir beide seuns en dogters blyk dit dat hulle houdings teenoor voorhuwelikse seksuele omgang ook saamhang met houdings ten opsigte van die gebruik en kennis van kontrasepsie voor die huwelik. 'n Groter persentasie seuns (51,93 %) wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik aanvaarbaar is as dié wat van mening is dat dit verkeerd is (28,22 %), is ook van mening dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie. Dieselfde tendens kom by dogters voor. 'n Groter persentasie dogters (21,43 %) wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie aanvaarbaar is as dié wat van mening is dat dit verkeerd is (6,35 %), is ook van mening dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie en 26,25 % is verder van mening dat hulle oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik.

Vir die seuns wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie aanvaarbaar is, is ook van mening dat hulle oor genoeg kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik. Vir die dogters daarenteen, blyk dit dat hulle seksuele gedrag hul menings oor die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik beïnvloed. Die resultate van die CHAID-ontleding (sien Figuur 5.7) dui daarop dat 'n groter persentasie dogters (44,23 %) wat wel al geslagsomgang gehad het as dogters wat nog nie geslagsomgang gehad het nie (13,19 %), van mening is dat die gebruik van kontrasepsie aanvaarbaar is en dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie.

Verder het die samehang van die respondente se seksuele houdings en hulle seksuele gedrag na vore gekom. Vir beide die seuns en dogters toon 'n groter proporsie leerlinge wat al geslagsomgang gehad het teenoor diegene wat nog nie geslagsomgang gehad het nie, dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie.

Geslagsverskille ten opsigte van die respondente se seksuele gedrag word ook gerapporteer. Die resultate van die CHAID-ontleding in Figuur 5.8 dui daarop dat 'n baie groter persentasie seuns (58,81 %) as dogters (18,59 %) wel al geslagsomgang gehad het. Die seuns in die studie blyk dus meer geneig tot seksuele aktiwiteite (omgang) te wees as wat die geval is met dogters.

Vir beide die seuns en dogters blyk dit dat hulle seksuele gedrag sterk deur die seksuele gedrag van hul vriende beïnvloed word. Beide seuns en dogters wie se meerderheid vriende reeds seksuele omgang gehad het, het ook aangedui dat hulle self ook al seksuele omgang gehad het. Die kragtige invloed van die portuurgroep kan dus nie onderskat word nie (vgl 3.2.5). Die adolessent sal waarskynlik self by seksuele aktiwiteite betrokke raak as dit deur die groep onderskryf word (Jeneke, 1990).

Die vlak van opvoeding in die geval van seuns blyk 'n verband met hulle seksuele gedrag te hê. Die resultate van die CHAID-ontleding dui daarop dat 'n groter persentasie seuns in die hoër grade (78,71 %) as in die laer grade

(61,22 %) wel al geslagsomgang gehad het. Hoewel hierdie persentasies statisties betekenisvol verskil, is dit tog opmerklik dat dit in beide groepe redelik hoog is.

Uit die literatuur blyk dit dat adolessente op jonger ouderdomme seksueel aktief raak (vgl. 1.1.1). Uit die ondersoek blyk dit (vgl Tabel 5.15) dat 11,71 % van die respondente reeds op die ouderdom 11 jaar en jonger geslagsomgang gehad het. Die bevindinge kom baie ooreen met dié van Kau (1991) dat baie adolessente reeds teen die ouderdom van 12 jaar al geslagsomgang gehad het (vgl 3.2).

Redes wat deur die respondente aangevoer word vir moontlike swangerskappe op skool, volgens die resultate van die CHAID-ontleding, is onder andere:

- ◆ Onsekerheid oor die toekoms. Hierdie bevinding kom ooreen met navorsing deur Boulton en Cunningham (1992). Hulle het bevind dat die samehang van swak lewensbevrediging en nog swakker lewensvooruitsigte op die adolessent, daartoe bydra dat talle adolessente op vroeë ouderdom seksueel aktief raak (vgl 3.8).
- ◆ Die druk van vriende. Die invloed van die portuurgroep spreek dus duidelik.
- ◆ 'n Gebrek aan formele voorligting op skool. Seksopvoeding het dus nog nie sy regmatige plek binne die opvoedingsproses van die kind gevind nie (vgl 3.7.4.2).

Die redes, soos aangedui volgens die Chi-kwadraattoets, word in prioriteitsvolgorde in Tabel 5.18 aangebied. Die vroeë seksuele aktiwiteit en die versuim van seksvoorligting deur die ouers ressorteer onder die belangrikste redes.

Uit die literatuur blyk dit dat daar nie algemeen aanvaar kan word dat adolessente oor genoegsame seksuele kennis beskik nie. Uit die resultate van die studie blyk dit dat die respondente se houdings en seksuele gedrag ook

saamhang met hul seksuele kennis (Sien Figuur 5.9). Van die respondente wat van mening is dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie en dat die gebruik van kontrasepsie aanvaarbaar is, is van mening dat hulle oor genoeg kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik. Van hulle het dan ook reeds seksuele omgang gehad.

Wat hulle kennis van kontrasepsie betref, blyk dit egter volgens die Chi-kwadraattoets (sien Tabel 5.27) en die CHAID-ontleding dat daar ook by sommige 'n groot mate van onsekerheid by die respondente te bespeur is of hulle wel oor genoeg kennis beskik. Die onsekerheid oor hulle kennis van kontrasepsie kan veral toegeskryf word aan die feit dat die respondente meen dat hulle ouers nie met hulle oor kontrasepsie praat nie. Dit stem ooreen met die navorsing van Vance (1985). Volgens Vance (1985) kan seksuele permissiwiteit en gebrek aan seksuele kennis by adolessente juis verbind word aan die swak kommunikasie wat tussen ouer en kind bestaan. Die dogters in die studie het aangetoon dat hulle vrees dat, indien hulle kontrasepsie sou gebruik, hulle ouers sal uitvind en respek vir hulle sal verloor. Vandaar dus die feit dat hulle kennis van kontrasepsie so gebrekkig is. 'n Gebrek aan seksvoorligting in skole word ook as faktor aangedui vir die adolessente se gebrek aan kennis oor kontrasepsie. Respondente wat aangetoon het dat hulle gereeld formele voorligting by skole ontvang, is van mening dat hulle oor genoegsame kennis beskik, terwyl diegene wat selde voorligting ontvang meen dat hulle nie oor genoeg kennis beskik nie. Seksopvoeding het dus 'n enorme impak op die seksuele gedrag van adolessente. As adolessente dus effektiewe seksvoorligting in skole ontvang, is hulle meer daartoe geneig om verantwoordelike seksuele gedrag te openbaar (vgl 3.7.4.1). Geslagsverskille ten opsigte van die respondente se seksuele kennis word ook gerapporteer. 'n Groter persentasie seuns (53,85 %) as dogters (37,19 %) dui aan dat hulle oor genoeg kennis beskik (sien Figuur 5.9).

Dit is verder volgens Figuur 5.2 duidelik dat adolessente hulle kennis omtrent seksuele aangeleenthede vanaf vriende bekom. Kau (1988) se navorsing het ook getoon dat adolessente hul vriende as hulle waardevolste bron van seksuele

kennis beskou (vgl. 3.7.2), hoewel hierdie inligting in werklikheid nie altyd so akkuraat is nie en dikwels met mites deurtrek is.

Met vrae 35 en 36 (vgl. bylae 1) is gepoog om die volgende vas te stel:

- ❖ watter aanbiedingsmetode van geslagsvoorligting die aanvaarbaarste is (vgl vraag 35) en
- ❖ watter eksterne instansie(s) deur die respondente verkies word om bepaalde seksuele inligting oor te dra.

Die sukses van geslagsvoorligtingsprogramme kan deur die doeltreffendheid van die aanbiedingsmetode verhoog word. Groepbesprekings, gevolg deur lesings met vraetyd daarna, is volgens Figuur 5.2.8 die aanvaarbaarste aanbiedingsvorme. Dié mening word gegrond op die reaksie van 55 % respondente ten gunste van groepbesprekings en 25,1 % ten gunste van 'n lesing met vraetyd daarna.

Ten opsigte van die ideale persone wat die respondente verkies om geslagsopvoeding aan te bied, is dit duidelik dat 'n oorweldigende meerderheid respondente (95 %) mediese dokters verkies om geslagsvoorligtingsprogramme aan te bied. Dit word gevolg deur 69,8 % respondente wat verpleegsters verkies; 67,3 % wat die skool verkies; 61,6 % die gesinsbeplanningsklinieke; 52,7 % wat ouers en 43,2 % respondente wat maatskaplike werkers verkies vir die aanbieding van sulke programme.

6.3 GEVOLGTREKKINGS

Die begrip seksualiteit is in die teoretiese gedeelte omskryf (vgl 1.3) waaruit die ruimheid in betekenis na vore gebring is. Enersyds verwys seksualiteit na die bevrediging van die geslagsdrif en andersyds na geslagtelikheid as sodanig. Seksualiteit dui vir 'n groter groep seuns as dogters op die bevrediging van die geslagsdrif. Beide die geslagte stem redelik saam dat seksualiteit op geslagtelikheid dui.

Wat die respondente se houdings teenoor seksualiteit betref, blyk dit dat die meerderheid respondente (60,6 %) van mening is dat die beoefening van voorhuwelikse seksuele omgang verkeerd is. Hierdie mening is sterk in ooreenstemming met die Bybelse waardes wat deur baie gehuldig word.

Die invloed van die skool, ouers, tydskrifte en die portuurgroep blyk van die vernaamste faktore te wees wat die houdings van adolessente teenoor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse seksuele omgang kan beïnvloed. Seuns wie se houdings sterk deur die skool beïnvloed word, is van mening dat voorhuwelikse seksuele omgang verkeerd is. Naas die skool blyk dit dat die respondente wie se houdings sterk deur die ouers beïnvloed word, ook van mening is dat voorhuwelikse seksuele omgang verkeerd is.

Diegene (in dié geval dogters) wie se seksuele houdings sterker deur die populêre tydskrifte en portuurgroep beïnvloed word, is weer van mening dat die beoefening van voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie.

Die impak van die houding van die skool en ouers dra dus skynbaar positief by tot die houdings van adolessente teenoor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse seksuele omgang, terwyl dit blyk dat populêre tydskrifte en die portuurgroep hulle maklik op sleeptou neem.

Geslag blyk ook 'n faktor te wees in die soort houdings wat adolessente teenoor seksualiteit openbaar. 'n Groter proporsie seuns as dogters is van mening dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie. Seuns is dus meer geneig tot seksueel liberale houdings as dogters.

Uit die studie blyk dit verder dat die respondente se besondere houdings teenoor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse seksuele omgang, ook hulle houdings teenoor die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik beïnvloed. 'n Groot proporsie seuns en dogters wat van mening is dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik aanvaarbaar is, is ook van mening dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie. Vir die seuns word hierdie houding veral beïnvloed

deur hulle mening dat hulle oor genoeg kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik. Die dogters se houdings teenoor die gebruik van kontrasepsie daarenteen staan in verband met hulle seksuele gedrag. Die dogters wat meen dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie, en wat al geslagsomgang gehad het, is van mening dat die gebruik van kontrasepsie voor die huwelik aanvaarbaar is.

Uit die studie is dit duidelik dat die adolessente se besondere seksuele houdings ook met hulle seksuele gedrag verband hou. 'n Groot proporsie respondente wat van mening is dat voorhuwelikse geslagsomgang nie verkeerd is nie, het alreeds seksuele omgang gehad.

Geslagsverskille ten opsigte van die respondente se seksuele gedrag en houdings is ook te bespeur. So ook het meer seuns as dogters aangedui dat hulle al geslagsomgang gehad het. Seuns het dus nie net meer liberale houdings teenoor seksualiteit nie, maar blyk ook meer geneig tot seksuele permissiwiteit te wees.

Vir die seksuele gedrag van beide seuns en dogters blyk dit dat die houdings en invloed van die portuurgroep 'n belangrike rol speel. Meer seuns en dogters het al geslagsomgang gehad van wie die meerderheid van hulle vriende al geslagsomgang gehad het. Die gedrag en houdings van die portuurgroep het dus 'n invloed op die gedrag van die adolessente.

Die vlak van opvoeding en ouderdom van die respondente speel ook 'n rol in hulle seksuele gedrag. Uit die studie blyk dit dat adolessente nie net seksuele ervarings (veral omgang) op jonger ouderdomme het nie, maar ook in vroeë opvoedingsgrade.

Prominente redes wat deur respondente aangevoer word vir hulle seksuele gedrag is onder andere:

- ◆ Onsekerheid oor die toekoms. Dit is veral die dogters wat hierdie mening deel. Die impak van hulle besondere lewensomstandighede mag moontlik 'n invloed hierop hê.
- ◆ Druk van vriende tot seksuele verkeer. Die invloed van die groep het dus 'n groot impak op die gedrag, houdings en seksuele kennis van die adolessent.
- ◆ 'n Gebrek aan voldoende voorligting op skool. Die skool berei dus die adolessent nie toereikend voor om sy/haar seksuele ontwikkeling te kan hanteer nie.

Adolessente se seksuele houdings en gedrag beïnvloed ook hulle kennis rakende seksualiteit. Seuns, veral dié wat meer liberale seksuele houdings openbaar en wat al geslagsomgang gehad het, is van mening dat hulle genoeg kennis het wat die fisiese aspekte van seksualiteit betref. Die dogters wat meen dat hulle oor genoeg seksuele kennis beskik, is ook dié wat meen dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie en wat ook alreeds geslagsomgang gehad het.

Wat die respondente se seksuele kennis betref, blyk dit dat die oorgrote meerderheid respondente onseker is of van mening is dat hulle nie oor genoeg kennis van kontrasepsie beskik nie. 'n Gebrek aan formele seksopvoeding en swak kommunikasie tussen ouer en kind blyk vir die onsekerheid of gebrek aan kennis van kontrasepsie verantwoordelik te wees.

Vriende blyk die grootste bron van adolessente se seksuele kennis te wees, hoewel hierdie inligting van vriende nie altyd akkuraat is nie.

Uit die ondersoek na hoe geslagsvoorligtingsprogramme aangebied behoort te word en wie dit moet aanbied, blyk dit dat verreweg die meeste (95 %) respondente in die ondersoek van mening is dat groepsbesprekings die gewildste aanbiedingsvorm is. Daarmee saam word mediese dokters as die gewildste beskou om sulke geslagsvoorligtingprogramme aan te bied (sien Figuur 5.3 en 5.4).

6.4 AANBEVELINGS

Onderstaande aanbevelings word gemaak in die hoop dat dit effektief en doeltreffend in die praktyk toegepas sal kan word.

Die opvoeding van die kind bly die verantwoordelikheid van die ouers. Aangesien adolessente se ouers 'n sterk invloed op hulle houdings en keuses oor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse geslagsgemeenskap het, dui die bevinding van die studie daarop dat formele programme om ouers op te lei om effektief met hul kinders oor menslike seksualiteit te praat, in plattelandse gemeenskappe ontwikkel en bekendgestel moet word. Ouers behoort geleer te word om positiewe houdings aan die dag te lê en om kinders te motiveer om eerder hulle ouers as verwysingsbron te gebruik.

Die skool is ten nouste betrokke by die ontwikkeling van die kind. Die skool behoort deur middel van goed gefundeerde en opvoedkundig verantwoordbare programme, meer aktief betrokke te raak by die geslagsopvoeding van die kind. Insig in en begrip van die gevolge van onverantwoordelike seksuele gedrag moet onderstreep word. Die skool moet dus 'n vennootskap met die ouergemeenskap vorm, as hulle sulke doelstellings wil bereik.

Die kerk behoort ook 'n meer prominente rol te speel in die prediking van seksueel verantwoordelike gedrag en houdings, byvoorbeeld in die vorm van jeugkampe en werksinkels.

Gesien in die lig daarvan dat die respondente die druk van die portuurgroep as belangrike aanleidende faktor tot ongewenste swangerskappe sien, behoort meer aandag aan adolessente gegee te word, om hulle in staat te stel om hulself in sulke omstandighede te handhaaf. Assertiwiteitsopleiding en kommunikasievaardighede van die adolessent behoort deel uit te maak van die aanbiedingsprogramme.

Die oprigting van jeugsentrums wat hoofsaaklik fokus op die adolessent en sy/haar seksuele probleme, behoort in plattelandse gemeenskappe geïmplementeer te word. Gesondheidsbeplanners behoort die desentralisering van sulke dienste te oorweeg en hierdie dienste meer toeganklik vir die adolessente maak. Toesighoudende portuurgroepondersteuning is 'n sterk aanbeveling in die onderrig van adolessente.

Aangesien adolessente vandag op vroeë ouderdom seksueel aktief raak, behoort geslagsopvoeding reeds op 'n vroeë ouderdom 'n aanvang te neem.

Ten einde die gehalte van die voorligtingsprogram so doeltreffend moontlik te maak, moet die aanbiedingsvorm toepaslik gekies en aangewend word.

Die adolessente se behoefte aan gespesialiseerde kennis spreek uit hul mening dat hulle dokters in die aanbieding van geslagsvoorligtingsprogramme verkies. Aangesien dit nie altyd prakties moontlik is dat dokters sulke dienste kan lewer nie, is gespesialiseerde opleiding van onderwysers wat verantwoordelik is vir die geslagsopvoeding van die leerlinge, van groot belang.

6.5 SAMEVATTING

Die adolessent bevind hom/haar binne 'n seksueel aktiewe milieu. Dit is van kardinale belang dat adolessente geleer behoort te word om verantwoordelike seksuele keuses ten opsigte van hulle houdings en gedrag te maak. Die behoefte aan die ontwerp van opvoedkundig verantwoordbare programme vir ouers en kinders is dus van die allergrootste belang.

OPSOMMING

1. AGTERGROND

As gevolg van 'n verslapping in gemeenskapsnorme, het daar 'n drastiese toename in seksuele bedrywighede onder tieners ingetree. In 'n onlangse studie deur die Mediese Navorsingsraad met meer as 7000 hoërskoolleerlinge van alle onderwysdepartemente, het aan die lig gekom dat meer as 17 % van al die leerlinge - met 'n gemiddelde ouderdom van 15 jaar, seksueel aktief is en dat meer as 40 % geen voorsorg teen swangerskap of vigsbesmetting tref nie. Hierdie toename in seksuele aktiwiteite kan, sonder die nodige geslagsopvoeding, aanleiding gee tot 'n verhoging in die voorkoms van tienerswangerskappe.

2. DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Aangesien ongewenste tienerswangerskappe in sekere plattelandse gemeenskappe 'n groeiende bron van kommer geword het, het daar 'n behoefte ontstaan om ondersoek in te stel na die seksuele houdings, gedrag en kennis van bepaalde groeperinge van plattelandse adolessente wat in die verlede sosio-polities benadeel was. Sodanige inligting is noodsaaklik vir die konstruering van doeltreffende geslagsvoorligtingprogramme.

3. METODE VAN ONDERSOEK

'n Literatuurstudie is onderneem om 'n teoretiese ondersoek vir die onderhawige studieterrein daar te stel, asook om bepaalde vraagtemas vir die vraelys te identifiseer.

Vir die empiriese ondersoek is 'n selfgestruktureerde vraelys as meetinstrument gebruik. As steekproef van die empiriese studie is Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge uit die Kimberley, Barkly-Wes en Douglas Onderwysgebied vir die doel van die studie gebruik. Vier uit 'n moontlike ses skole, naamlik Floors Sekondêr, Pescodia Sekondêr, Barkly-Wes Sekondêr en Weslaan Sekondêr is by die studie betrek. Uit elke groep van die graad 8 tot 11 leerlinge van elke skool is klasgroepe op 'n ewekansige wyse getrek en aan die studie toegewys. 'n Totaal van 1413 leerlinge het aan die studie deelgeneem.

Die voltooide vraelyste is met behulp van die SAS-programpakket van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verwerk. Beskrywende statistiek en Chi-kwadrat is as ontledingstegniek gebruik om belangrike verbande tussen gekose veranderlikes te bepaal. 'n CHAID-ontleding is gedoen om die houdings-, kennis- en gedragspatrone van die ondersoekgroep bloot te lê.

4. BELANGRIKE BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS

Uit die ondersoek na die seksuele houdings, gedrag en kennis van adolessente blyk dit dat 'n groot proporsie respondente in die ondersoek meen dat die beoefening van voorhuwelikse seksuele omgang verkeerd is. Geslag toon 'n sterk assosiasie met die houdings van die respondente oor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse seksuele omgang. 'n Groter persentasie dogters (76,72 %) as seuns (44,28 %) is van mening dat die beoefening van voorhuwelikse seksuele omgang verkeerd is. Seuns openbaar dus meer liberale seksuele houdings as dogters.

Die skool, ouers, populêre tydskrifte en die portuurgroep oefen 'n groot invloed uit op die meningsvorming van die respondente oor die toelaatbaarheid van voorhuwelikse seksuele omgang. Dit blyk asof die skool en ouers meer positief bydra tot adolessente se houdings teenoor voorhuwelikse seksuele omgang as wat die geval met die populêre tydskrifte en portuurgroep is.

Die respondente se houdings teenoor voorhuwelikse seksuele omgang beïnvloed ook hulle houdings teenoor die gebruik van kontrasepsie.

Uit die studie blyk dit verder dat die respondente se seksuele houdings ook hul seksuele gedrag beïnvloed. By beide die seuns en dogters meen 'n groter proporsie respondente wat wel al geslagsomgang gehad het, teenoor diegene wat nie omgang gehad het nie, dat voorhuwelikse seksuele omgang nie verkeerd is nie.

Geslagsverskille is nie net duidelik ten opsigte van die respondente se seksuele houdings nie, maar veral ook seksuele gedrag. Meer seuns as dogters het aangedui dat hulle al geslagsomgang gehad het. Seuns openbaar dus nie net meer liberale houdings nie, maar is ook meer geneig tot permissiewe gedrag.

Die respondente se seksuele houdings en gedrag hang ook saam met hulle seksuele kennis. Van die respondente wat van mening is dat hulle oor genoeg kennis van die fisiese aspekte van seksualiteit beskik, is van mening dat voorhuwelikse omgang nie verkeerd is nie en het ook alreeds seksuele omgang gehad. Adollesente se seksuele kennis hang dus in 'n groot mate af van hulle seksuele houdings en gedrag.

Wat betref die respondente se kennis van kontrasepsie, blyk dit dat hulle onseker is of hulle oor genoeg kennis beskik en dat die meeste van hul kennis van seksuele aangeleenthede vanaf vriende bekom word.

5. AANBEVELINGS

Aangesien die skool en ouers 'n belangrike invloed uitoefen op die houdings van adollesente, behoort veral die ouers by die geslagsopvoeding van hul kinders betrek te word. Die ouers behoort voorberei te word om aan hulle kinders leiding ten opsigte van fundamentele aspekte rondom seksualiteit te verskaf. Programme om ouers op te lei om effektief met hulle kinders oor menslike seksualiteit te praat, behoort dus ontwikkel en bekendgestel te word.

Die oprigting van jeugsentrums of die verbetering van bestaande dienste gerig op die seksuele ontwikkeling en voorligting van adolessente, dien as 'n sterk aanbeveling.

'n Algemene samevattende aanbeveling, is dat die georganiseerde onderwysprofessie, ouers en verantwoordelike instansies dringend betrokke moet raak by die ontwikkeling en implementering van goed gefundeerde geslagsopvoedingsprogramme.

SUMMARY

1. BACKGROUND

